.....en wat van die
ENGELE ?

Ds. Wouter ten Haaf
©

1. Engele as gewapende magte 2
2. Engele as bewakers van die heiligheid van die HERE 7
3. Engele as bodes 11
4. Engele as lyfwagte vir Jakob 15
5. Engele as oggendsterre 19
6. Engele se mag 24
7. Engele vir ons as voorbeeld 29
8. Engele by die profete 32
9. Engele by Daniël 36
10. Die engel Migael 39
11. Engele in die Evangelies 45
12. Engele as knegte van Christus 50
13. Engele tydens Christus se aardse omwandelinge 55
14. Christus se uitsprake oor die engele 59
15. Die engele van die kleintjies in die Koninkryk 63
16. Die opstanding van Christus en die werk van die engele 68
17. Engele en die Handelinge van Christus deur Sy apostels 71
18. Geweldige maar beperkte mag van die engele 76
19. Die gelowiges bokant die engele geplaas 80
20. Engelediens 85
21. Singende engele 90

Nawoord 94

Hoofstuk 1

ENGELE AS GEWAPENDE WAGTE . Gen. 3 Eks. 25 : 10 - 22 en 26 : 1 , 31 -34

Onlangs (6-9-2001) het die hoof van die Roomse kerk in Engeland gesê dat die christendom uit sy land verdwyn het. Ingeruil vir die New Age ongeloof, dwelms en ontspanningsseks. Dit sal nie die enigste land wees waar dit die geval is nie. Natuurlik bekommer die groei van die ongeloof ons geweldig. In ons eie land verslaan die magte van die duisternis ook sy duisende der duisende en sien ons op baie gebiede angsaanjaende agteruitgang. Juis die laaste jare word daar deur gelowiges dan ook baie aandag aan hierdie magte van die duisternis gegee. Nie alleen deur die gelowiges nie maar juis ook deur die ongelowiges wat dan ook 'n gulde geleentheid gesien het om geld te maak uit die nuuskierigheid van die mens oor die okkulte , die demoniese , die satanisme , die towenary ens. ens. en 'n stroom films daaroor gemaak het. In ons eie land word op allerlei maniere nou in die openbaar van sangomas gebruik gemaak om bv. sogenaamde tradisionele reinigingsrituele uit te voer. Dit is dan kwansuis deel van die Afrikarenaissance - dus heel eenvoudig 'n amptelike terugkeer na die naakte heidendom. Allerlei stemme gaan op oor die wetenskaplikheid van die moderne mens wat die 'wetenskap' as sy god aanbid en die ware God na die ryk van die sprokies verdoem. Tog te eienaardig dat hierdie moderne mens al hoe meer wegsink in die moeras van bygelowe en die primitiewe geloof in die dooie sterre.

Een manier om vandag se verwarring te bekyk is om na die magte van die duisternis te kyk en uit te spel hoe vuil en donker die duiwel en sy bende trawante is. Al is dit 'n nogal populêre manier en baie vrugbaar vir verbeeldingsvlugte plaas dit ons voor die probleem dat daar juis baie van volksbygeloof en fantasie gebruik gemaak moet word want die Heilige Skrif praat met baie groot terughoudendheid oor die val van die ontroue engele en selfs of daar wel verband is tussen hulle en die demone. Die Here laat ons eenvoudig nie toe om ver deur te dring in die gebied van die duisternis nie. Dit is genade dat ons juis gewys word op ons rykdom in Christus wat volkome vir ons betaal het en ons die koninklike dus heersersamp oor die hele skepping gegee het . Dan sou dit mos geklik wees om te gaan wroet en vroetel in die armoedige modder en die werklike gevaar loop om so besmet en besmeer te word met al die negatiewe armoedige wat die duisternis ons wil gee.

"n Ander manier is om juis na die positiewe te kyk naamlik na dit wat die Skrif ons leer oor die teenoorgestelde van die duistere magte dus die engele.

Ons as gereformeerdes uiter gewoonlik eerder kritiek op daardie mense wat die

engele in mindere of meerdere mate vereer of hoog ag pleks van om te besin oor wat die plek van die engele in die Bybel is en om dit dan toe te pas op ons geloofslewe.

Ons wil saam met u op 'n soort ontdekkingsreis deur die Bybel gaan om te sien wat daarin aan ons ge-openbaar word. Dit is bepaald nie 'n maklike pad nie want ons het elkeen deur die kunstenaars en skrywers deur die eeue 'n bepaalde voorstelling van die engele gekry wat ons sal moet laat verdryf deur dit wat die Woord ons leer. Verder is daar altyd die gevaar dat ons die engele so baie aandag gee dat die aandag van die Koning van engele en mense afgetrek word , ons Verlosser Jesus die Christus. Ons sal dan sien dat ons juis uit die leer oor die engele troos van ons hemelse Vader ontvang. Indien ons ons by die duiwel en die gevalle engele sou bepaal dan kry satan baie meer aandag as wat hom toekom en sou dit maar 'n troostelose besigheid word -daarom gaan ons nie op hom fokus nie.

Ons sal deurentyd moet onthou dat die engele vreemdelinge op aarde is , anders as ons as mense , hulle woonplek is in die hemel. In ons geloofslewe neem hulle gewoonlik nie juis 'n plek in nie . In die kerkdienste ook maar net met Kersfees en Paasfees in sowel die prediking as in die sang . Tog sien ons in die Bybel dat die goeie engele 'n baie belangriker plek inneem as wat ons aan hulle toeken. Laat ons deur die Bybel kruip om te hoor wat die Heilige Gees ons oor hierdie wesens meedeel. Hoofsaaklik wil ons dit doen deur van Genesis af te kyk hoe die Here ons van die vroegste begin af die engele laat sien en dit al hoe ryker laat sien met die verloop van die heilsgeskiedenis. Uiteraard sal ons nie by elke verskyning van engele in die Skrif stilstaan nie maar die nadruk laat val op daardie momente waar daar sprake is van rykere openbaring om so te kom tot grotere verheerliking van die Maker van sy engele.

In ons belydenisgeskrifte bely ons ons geloof in die bestaan van die engele al is dit baie baie sober en in min woorde - wat ons moet sien teen die agtergrond van die tyd waarin die belydenis opgestel is , 'n tyd waarin aan die engele meer eer gegee is as wat die gelowige behoort te gee sodat aan die volkome Middelaarswerk van ons Here Jesus Christus skade gedoen is. In die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 12 bely ons "Hy het ook die engele goed geskape om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.' In Sondag 49 van die Heidelbergse Kategismus bely ons by die behandeling van die derde bede " Laat U wil geskied , soos in die hemel net so ook op die aarde ' ...sodat iedereen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer as die engele in die hemel dit doen'.

Die allergrootste treurspeldrama van alle tye was die sondeval van u en my

voorouers , Adam en Eva in die paradys. Die sondeval begin met die koms en tekening van die gevalle engel , die satan in die gedaante van die slang , en eindig met die eerste glimps van goeie engele , die gerubs. Die sondeval word omraam met die optrede van engele met as opvallende simboliese kenmerk dat die laaste woord op aarde nooit aan die duiwel is nie.

Aan die begin van Gen 3 die vriendelike maar gluiperig-listige verskyning van die satan in die slang wat skynbaar onmeetlike groot beloftes vir die menslike toekoms ingehou het - aan die einde die uiters onvriendelike verskyning van die dreigende gerubs. Satan se vriendelikheid was noodlottig vir die mens en die dreiging van die gewapende gerubs was nou juis beskerming vir die mens.

By die val van die mens word die hele skepping betrek : hemel en aarde , God en mens , die engelemagte wat getrou bly aan Hom en die wat afvallig was.

"Die Here God het die mens uitgedryf , en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak , het Hy oos van die tuin van Eden gerubs gesit , en ook 'n vlammende swaard wat heen en weer beweeg." 3:24

Daar word so'n 88 keer oor gerubs in die Bybel geskryf, die laaste keer in die laaste Bybelboek Op 4:6. Hier in Gen 3 het hulle as spesiale opdrag om as wagters op te tree , as bewakers van die paradys en dan veral die boom van die lewe. Hierdie boom was God se waarborg aan die mens dat langs die pad van gehoorsaamheid die mens in die ewige lewe sou kom. Maar weens sy eie ongehoorsaamheid , sy opstand teen God , het die mens die pad na die boom van die lewe opgeblaas en nou het God daardie angsaanjaende wagters met 'n vlammende swaard wat heen-en-weer beweeg daar geplaas. Letterlik staan daar dat die gerubs daar laeropge-slaan het.

Die HERE laat die boom wel daar bly maar sê dat dit nie meer 'n waarborg vir die ewige lewe is nie al sou die mens in sy verharding ook daarvan eet. Die pad om in eie krag en met eie slimheid tot die ewige lewe te vorder is radikaal toegemaak , opgeblaas soos Paulus dit later sou uitdruk.

Die wagters is niks minder nie as 'n straf vir die gevalle mens. Hy kan en mag dit nie waag om terug te gryp na dit wat hy verloor het nie. As hy tog sou probeer om die ewige lewe op 'n skelm of opstandige manier te probeer vat dan sal die hemelse wagters hulle onmiddellik die ewige dood in jaag.

Tog is hiermee nie alles oor die gerubs in die paradys gesê nie want Gen 3 is die hoofstuk oor die val en die straf maar ook oor die belofte van God se genade in die moederbelofte. So staan die wagters en die vlammende swaard ook in diens van die blye Evangelie.

As die mens op die pad na die ewige lewe wil gaan dan moet nie teruggekyk word

nie , terug na die verlore paradys , maar vorentoe en boontoe. Vorentoe na die koms van die Vervuller van die moederbelofte , Hy wat van Bo sal kom in die menslike vlees. Hy sal die pad na die Paradys Bo oopbreek deur Hom te laat breek as volkome offer. Hy sal ons saamneem op daardie pad , elkeen wat in Hom glo en bereid is om saamgeneem te word op Sy pad , die smal pad wat lei na die Vaderhuis met sy baie wonings. Soos Hy aan die kruis die misdadiger , die opstandeling saamgeneem het " vandag sal jy saam met My in die ...paradys ! wees.

Die gerubs staan as wagters voor die paradys om dit te beskerm. Hulle is ook die beskermers vir die mens wat so diep geval het as kind van God wat nou deur die diensknegte van God weggekeer word van die paradys. Hulle staan so dus ook in diens van die evangelie , die blye boodskap van die Vrouesaad.

Hoe die gerubs gelyk het weet ons hier in die begin van die Bybel nog nie . Dit hoor ons eers in Eksodus , maar omdat hulle 'n swaard gehad het moet ons wel al aanneem dat hulle in 'n soort menslike gedaante verskyn het. Verder is hulle deur God aangestel vir die werk en dus God se diensknegte wat positief aan God se kant staan.

In Eksodus 25 ontvang die middelaar van die ou verbond , Moses , opdrag om die ark te maak en by die ark twee gerubs van goud. Die twee gerubs moet twee vlerke hê wat oopgesprei is en hulle gesigte moet na die deksel van die verbondsark kyk. Die deksel van die ark het op die vlerke gerus. Op die versoendeksel het die HERE gewoon, daarvanaf praat Hy met Moses en laat Hy sy wil hoor. Dikwels lees ons in die Ou Testament dat die HERE oor die gerubs troon bv. 1 Sam 4:4 .

In die gordyne van die tabernakel was ook gerubfigure geweef , ook in die swaar gordyn wat die Allerheiligste afgeskei het Eks 26;1 ; 31 en in Salomo se tempel op die mure en deure. In die tabernakel was die gerubs dus in die onmiddellike nabyheid van God en is daar allereers bewakers van die heerlikheid van die HERE. Hulle verkondig die afstand tussen die Heilige en die sondige mens. Soos in die paradys bewaak hulle die heilige plekke. Maar nou gaan dit verder in die openbaringsgeskiedenis want hulle staan hier ook in diens van die evangelie as die draers van die heerlikheid van die HERE. Op hulle vlerke dra hulle die versoendeksel waar bo die HERE woon. Die versoendeksel wat 'n preek is oor die genadige bedekking van die sondes, die versoening , die betaling daarvoor.

Watter verskil met die gerubs in die paradyspoort. Daar staan hulle met die vlammende bewegende swaard , nou is hulle onbewapen . Die druppels bloed wat die hoëpriester op die versoendeksel moet sprinkel het die swaard verslaan, laat verdwyn !

Hierdie gerubs wys dus nie net op die geen toegang-bord vir die sondige mens nie maar ook na die oop pad na die heilige God van die versoening.
Dit is evangelie.
Netsoos dit evangelie, blye boodskap , is dat hulle altyddeur kyk na die versoendeksel. Hulle verwonder hulle oor die wonder van die versoening wat God uit genade vir sy volk gee. Petrus sal eeue later hierop sinspeel as hy sê dat die engele begerig is om insig te kry in die dinge wat deur die verkondiging van die opstandingsevangelie uitgedra word.1Petr 1:12.
Dit wat ons gehoor het was alles nog in die ou bedeling. Ons is onnoemlik baie ryker na die koms van Christus ons Heiland.
Die gerubs het as wagters in die tabernakel gestaan om die mens te verhinder om tot God te nader - slegs die hoëpriester mag dit eenkeer per jaar doen. Ons mag met alle vrymoedigheid elke oomblik na die troon van genade gaan en .. daar is geen gerubs wat ons wil verhinder nie want die Here van die gerubs het die pad na die Vader oopgemaak.
As ons die evangelie gelowig aanvaar dan is daar baie mooier poorte voor en bokant ons oop as wat daar agter ons in slot en grendel geval het.
Wonderlik dat ons in die laaste Bybelboek lees : "aan elkeen wat die oorwinning behaal sal Ek te ete gee van die boom van die lewe , wat in die paradys van God is. 2:7 ; 22:2.
en ... die poorte daarvan sal nooit toegesluit word nie , dag en nag sal hulle oopstaan.21:25
en .. dit word Johannes gewys deur ...'n engel ! 22:8

HOOFSTUK 2

ENGELE AS BEWAKERS VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE HERE.

Eseg. 1 en 10

Die boek van die profeet Esegiël is 'n boek wat ons maar uiters selde uit lees. Dit is so vol simboliek en vol visioene dat dit nie juis maklik is om te verstaan as 'n mens nie die plek daarvan in die openbaringsgeskiedenis vashou nie . Daarom word veral los tekste daaruit deur mense aangehaal wat hulle eie idees in die Bybel wil indra en dit dan met uit verband gerukte tekste wil probeer staaf. Geen wonder dat die rabbyne die Ou Testamentiese gelowiges verbied het om die boek te lees voordat hulle 30 jaar oud was nie.

Esegiël was onder die eerste ballinge wat deur die Babiloniese oorwinnaar na Babel afgevoer is. Saam met die jong koning Jojagin is baie priesters en hoë beamptes en ander uit die elite weggevoer om daar in die vreemde 'n gemeente van die HERE te vorm. Eers tien jaar later is Jerusalem vernietig en die res van die bevolking van Juda na Babel gejaag. Ondertussen het die inwoners van Jerusalem met diep veragting na die ballinge gekyk. Dit was mos die leiers wat nou hulle verdiende straf van die rekenmeester-God ontvang het - want onder die Jode was daar maar altyd die gedagte dat alle beproewing en swaarkry deur God presies bereken is volgens 'n mens se sondes , ons Here Jesus het skerp daarteen ingegaan. Tog leef dieselfde gedagte nog by baie gelowiges en vind ons die omgekeerde redenasie by o. a. die sg. Rhemagroep se voorspoedleer dat jy iemand se geloofssterkte kan afmeet aan sy aardse besittings...dus iemand met die duurste huis en motor is 'n baie 'groter' gelowige as 'n arme skarminkel. Wat 'n troostelose armoedige leer. Die Jerusalemmers het dus trots daarop gebou dat hulle God se witbroodjies was en het hulle godsdienstige 'verpligtings' as routiene meganies-outomaties afgerammel om God so te verplig om hulle goed te beloon vir hulle godsdienstige werke. Presies soos goeie heidene en goeie Moslems en Jode dit vandag nog doen - om dan maar nie van baie christene te praat nie.

Ondertussen het die ballinge drome gedroom oor die herstel van Jerusalem en hulle terugkeer na die vaderland. In hierdie omstandighede roep die HERE nou vir Esegiël as profeet. Hierdie fyngevoelige priesterfiguur moet nou as profeet onder die ballinge optree en nie maar net as profeet nie maar veral as <u>oordeelsprofeet</u> ! Hy moet <u>alle hoop</u> op herstel van Jerusalem as 'n ydele hoop uitdoof. Keer op keer moet hy die woorde van die HERE herhaal : Dan sal hulle besef dat Ek die HERE is ! Dit gaan in hierdie Bybelboek veral daaroor dat die HERE sy eie eer handhaaf, sy eer bewaak en dit dan doen deur die koms van die afgryslike oordeel oor Jerusalem wat Jeremia in sy Klaagliedere so skrynend duidelik uitgespel het.

Esegiël moet alle hoogmoed , alle optimisme tot in die grond afbreek. Jarelank het die profeet dit onder bitter moeilike omstandighede bly doen totdat hy gehoor het dat die stad geval het en met die grond gelykgemaak is ! Dit bring dan 'n waterskeiding in sy profetiese werk. Eers het hy gedurigdeur alle aardse-nasionalistiese hoop verbrysel , nou begin hy om troos te verkondig ..Die HERE het vir die eer en heiliging van Sy Naam die ontroue kerkvolk Juda uit Jerusalem laat verdryf maar nou gaan Hy ook vir die eer en heiliging van Sy Naam Jerusalem herstel. Esegiël ontvang gesigte van 'n nuwe Jerusalem , 'n nuwe tempel. Al die vyandelike mag word verpletter , die paradys kom terug en die naam van die stad sal wees : die HERE is daar ! So sal elkeen besef en weet dat Hy die HERE is.

By die paradys en in die tabernakel het ons die gerubs gesien as bewakers van God se heiligheid en heerlikheid. In die Allerheiligste veral as draers van die heiligheid en heerlikheid van God. Esegiël laat ons nou veral sien hoe die gerubs die heiligheid en heerlikheid van die HERE dra .
Wat ons allereers opval is dat die profeet die gerubs elke keer sien in verband met die heerlikheid van die HERE.
In hoofstuk 1 lees ons die roeping van die profeet en die visioen wat hy toe ontvang het. In hierdie visioen gaan dit onmiddellik al oor die heerlikheid van die HERE en sien hy wesens wat hy later beter herken as gerubs.Hierdie visioen leer ons weer beter die diens van die gerubs ken.
Esegiël sien hoog bokant hom iets wat soos 'n troon gelyk heten op die troon 'n gedaante soos 'n man. Dit is die HERE Self. Onder die troon sien hy vier wesens wat blykbaar die troon gedra het. Hy beskryf hulle as 'lewende wesens' wat daarop wys dat in hulle die kloppende lewe is soos in geen ander skepsel nie. Hulle voorkoms was soos die van 'n mens. Maar wanneer die profeet noukeuriger kyk sien hy dat hulle vier gesigte het : allereers die van 'n mens , maar ook 'n leeu , 'n bul en agter 'n arend. Alle krag wat God in sy besielde skepping gelê het is saamgetrek in hierdie wesens: die intelligensie van die mens, die koninklikheid van die leeukop , die brute krag van die bulkop en die skerp deurdringende kyk van die arendsoog.
Elke wese het vier vlerke sodat hulle ongesteurd na enige kant toe kan vlieg terwyl hulle een been het wat tot 'n halwe bal gevorm is sodat hulle sonder om te moet omdraai kan gaan waarna die Gees hulle stuur.
Natuurlik het ons hiermee 'nie 'n foto van die gerubs nie , die profeet sê self elke keer in sy poging om dit wat hy sien onder menslike woorde te bring "soos" of 'dit lyk soos'.. Kunstenaars deur die eeue , en veral in die Middeleeue , het die grootste

moeite gehad om die gerubs uit te beeld en hulle self 'n onmoontlike taak gestel. Dit wat hy gesien het in die visioen het afgebeeld wat die wese en diens van die hemelgeeste is. Dit is diens aan die HERE wat duideliker word uit die wiele wat hy langs die wesens sien lê. Hierdie wiele van kristal met monsteragtige vellings is onophoudelik in beweging en vol oë wat wil sê dat hulle nie willekeurig beweeg nie of soos vandag so graag deur die 'wetenskaplike ' mens gesê word deur 'toeval' nie , maar die wiele gaan doelbewus in 'n bepaalde rigting.

Wat vir ons in die verband met die engele van belang is , is dat dit wat die profeet sien een geheel vorm : die troon en die wesens en die wiele. As die wesens beweeg , beweeg die wiele ook in dieselfde rigting. En dit alles word blykbaar in beweging gebring deur Hom wat op die troon sit.

Die HERE Here op die troon bestuur alles wat in die wêreld gebeur , HY sit die wiele van die geskiedenis aan die rol. Hy het Israel in ballingskap laat voer, Hy het die vyand oor Sy volk laat wen , Hy sal hulle ook weer terugbring opSy manier en op Sy tyd soos die profeet moes profeteer. Maar daarby stel Hy wesens in Sy diens wat op hulle vlerke die troon van Sy heerlikheid dra.

As draers van die heerlikheid van die HERE dien hulle Hom wanneer hulle Sy raad uitvoer in die kronkelgang van die wêreldgeskiedenis en in die geskiedenis van Sy Kerk. In die vervolg van die profesieë word dit verder uitgewerk. In hoofstuk 1 lees ons die roeping van die profeet maar in hoofstuk 10 het die omstandighede radikaal verander. Nou staan die heerlikheid van die HERE op die punt om die 'heilige' tempel in Jerusalem te verlaat ! Ondenkbaar vir die Jode !

Die geval was dat by sy roeping daar in Jerusalem nog die meerderheid van die inwoners was , die stad was nog nie ingeneem nie en die tempeldiens plus 'n swetterjoel afgodediens in die tempel het nog elke dag plaasgevind. Die mense het geredeneer dat hulle vrede-vrede kon beleef solank die tempeldiens tot in die puntjies uitgevoer word want God moes hulle tog terugbetaal vir al hulle moeite en boonop sou God mos nooit so dom kon wees dat Hy daardie pragtige tempel en mooi stad deur onbesnede heidene sou laat vernietig nie. Esegiël moes nou daardie droomballon laat bars.

Die HERE laat sy profeet sien hoe Sy heerlikheid die tempel en tempelstad gaan verlaat. Weer kry die profeet daardie magtige visioen uit Hoofstuk 1 te sien - stadig-stadig gaan dit voor sy oë gebeur asof die HERE Homself nie van die stad kan losmaak nie. Maar dan span die gerubs hulle vlerke en het opgestyg , die wiele kom in beweging en die heerlikheid van die HERE wat tot nou toe in die tempel was kom bokant hulle . Die heerlikheid van die HERE kom op die troon wat deur die gerubs op hulle vlerke weggedra word uit Jerusalem uit. Nou word die

tempelstad deur God aan sy lot oorgelaat , is die stad weerloos en kan die vyand daarmee maak wat hy wil. Want .. die HERE is nie meer daar nie.
Die simboliek wil ons nog net aanraak . Die baie oë was nodig om te waak oor die ballinge in Babel. Die vlerke en wiele om God se heerlikheid te dien soos die hande wat onder die vlerke was bedoel was om blitsvinnig in te gryp.
In die tweede deel van die profesie hoor ons dat die heerlikheid van die HERE na die tempel en Jerusalem terugkeer (43:1-4). Hy së dat hy dan weer dieselfde sien as by sy roeping en daarom kan ons aanneem dat die HERE by die terugkeer weer deur die gerubs as draers gedien is.
As die HERE die stad verlaat is die gerubs daar. Hulle is daar ook as Hy terugkom. Hulle dien die HERE as draers van die heerlikheid van die HERE wanneer Hy die wiel van die geskiedenis in beweging bring in die wegtrek en in die terugkeer na sy volk.
Verlating en terugkeer , oordeel en ontferming , pikswart-donker nag en die glans van die oggendstond.... Die gerubs bly op wag. Of hulle nou moet werk in die nag van die oordeel of op die dag van genade en ontferming - hulle dien die HERE. Hulle dra Sy heerlikheid. Om dan in die laaste Bybelboek as liturgiese geeste vir ons verkondig te word. Hulle sit die ou en nuwe hemelse liedere in sodat ons en ons salige geliefdes daarna kan inval in die ewige lofprysing van ons Drieënige God.

Hoofstuk 3.

ENGELE AS BODES.

Gen. 18 en 19

Wat daar ook al van ons tyd gesê kan word dit is in elk geval 'n baie interessante tyd waarin ons soos nog nooit in die geskiedenis met inligting bestook word. Maar deur die ontsaglike vordering op wetenskaplike gebied met sy outomatisasie en meganisasie het daar ook baie ontmensliking gekom . Natuurlik op die gebied van oorlog en volksuitwissing maar dit begin al op die heel gewone vlak van die persoonlike lewe. Dan hoef ons nie eers te dink aan die moderne verskynsel van die sogenaamde realiteitstelevisie nie want van werklikheid is daar in elk geval nie juis sprake nie. Ontmensliking in die wegsyfer van die waarde van 'n mens en dan veral as geskape na die beeld van God en in die gelykmakingteorie van die kommunisme en alle moderne uitvloeisels daarvan. Aan die ander kant word die mens en sy handewerk vergoddelik en God ontgoddelik , al hoe meer omvorm na die grille van die mens om later afgeskryf te word . Maar voor dit sover kom is daar onder die gelowiges die gevaarlike neiging om grootliks ongemerk bietjie vir bietjie stukkies van die heiligheid van God af te kerf. Per slot van rekening is dit deel van die tydsgees en geen gelowige is absoluut immuun teen die gees van vandag nie want ons kom onophoudelik daarmee in aanraking en dit spoel soos reusegolwe in ons huise in met die televisie en al die inligtingstegnologie.

Ons weet almal dat daar deur die jare 'n gesagskrisis is - dit het trouens al in die paradys begin. In die praat oor God het dit ook lankal in die kerk en veral in die huise van die gelowiges ingesluip. Onder baie groepe wat nadruk daarop lê dat hulle voorstanders van verandering is vind ons 'n soort van familiariteit in die spreke oor God die Vader , God die Seun en God die Heilige Gees. Die heilige word al hoe meer verminder , afgetrek na die profane , die aardse. Gewoonlik begin dit in wat as kuns aan ons opgedwing word en in films op kykers afgelaai word om dan vroeg of laat as nie meer so abnormaal nie gesluk of geduld te word. Nou ja wat het dit nou alles met die teks uit die Heilige Skrif te doen ? Dit , dat ons vanuit die kuns en dit wat as kuns aangebied word en uit films en strokiesprente en sogenaamde wetenskapsfiksie meer 'n beeld van goeie en gevalle engele in ons onderbewussyn het as dit wat die Heilige Skrif ons uitbeeld en beskryf. Daarom sal elke tydjie waarin ons wil stilstaan by die Godsopenbaring oor die engele al hoe meer 'n werksessie wees . Die bybelse leer oor die engele is ver verwyder van wat ons in ons gedagtes oor die engele het. Eintlik kom dit daarop neer dat ons die enkele keer wat ons oor engele dink of daaroor in die samekoms van die gemeente sing die engele nie naastenby genoeg as verhewe, as heilig , as anders as ons mense

sien nie. Een rede daarvoor is dat hulle in die Heilige Skrif soms soos mense na die werklike mense gestuur word. Soos mense maar dus nie mense nie. Ons moet altyd bly onthou dat die engele se blyplek die hemel is en ons blyplek die aarde totdat alles deur die Almagtige verander word. Ons moet daarmee rekening hou dat die optrede van 'n engel op aarde altyd iets buitengewoons is , 'n afwyking van die normale. Die koms van engele is altyd iets van 'n verrassing. Daar was tye dat engele nogal dikwels gekom het en dan weer eeuelank hoor ons niks van die koms van engele nie. Tussen die sondeval en Abraham hoor ons eeuelank niks nie maar na daardie windstilte sommer verskillende kere. As Israel in ballingskap is in Egipte en Babel dan hoor ons rondom daardie tye weer van baie engelewerk. Voor die koms van Jesus Christus swyg die hemel maar rondom Sy koms is daar weer baie aktiwiteit, om weer stil te word tydens Sy werk op aarde. Op die redes daarvoor is daar dikwels nie 'n bevredigende antwoord nie.
Leef ons op die oomblik weer in 'n tyd van windstilte ? Dit sou dan kan saamval met die feit dat die Kerk hier is waardeur God sy Woord op hierdie aarde bring.
Die Heilige Gees het in ons kom woon , Hy leef in die Kerk en rus die Kerk toe met al Sy hemelse gawes. Die saad groei en groei terwyl die Gees in alle stilte werk na die einde toe. Dan word daar aktiwiteit van die engele gesien soos nog nooit eerder nie. Nou kan ek nie sê dat daar vandag geen sigbare engelewerk meer is nie. Daar is mense wat sê dat hulle deur engele gehelp is. Wat ek wel kan sê is dat dit moontlik is dat veral op die sendingveld - en dit kan in ons tyd ook die stad wees - engele as God se diensknegte werk soos in die geval van Kornelius in Hand 10 . Maar die engel het daar net die noodsaaklikste gedoen deur Kornelius na die naaste kerk te verwys. Ons kry die indruk dat die Kerk 'n deel van die taak van die engele gekry het . Dit maak die bestaan van u en my wat die Kerk is nog heerliker. Die Kerk word deur God se hemelse diensknegte gehelp in die uitlewing van haar heerlike roeping.

Die eerste keer wat ons in die Bybel die benaming 'engel' lees is in Gen 19. Die naam 'engel' beteken boodskapper wat dus wys op die werk, die diens van die engele. Hierdie woord is ook weer verbind met die woord evangelie : Blye Boodskap.
Wanneer die Skrif die woord engel gebruik , selfs in die geval van mense bv. Hag 1:13 ; Mal 2 : 7 ; Mat 11 : 10 ; Mark 1 :2 ; Luk 7 : 27 dan gaan dit daaroor dat hulle deur God gestuur is om 'n bepaalde boodskap oor te dra of 'n bepaalde opdrag uit te voer.
'n Bode word altyd gestuur , hy tree nooit op eie inisiatief op nie maar staan altyd in

diens van hom wat sy sender is. Al wat hy moet doen is om die boodskap noukeurig op die bestemde adres af te lewer.
Die woord engel sê dus vir ons dat hierdie hemelgeeste as bodes van God in God se diens staan met die besondere werksbeskrywing dat hulle God se boodskap aan die mense moet oordra. Die naam engel sê dus nie wat die engel is nie maar wat sy werk is. Die klem val op die amp , die diens aan God .
So is die twee engele in Gen 19 bodes van God. In daardie amp beklee hulle 'n hoë posisie. Sonder God en sonder die Goddelike opdrag is hulle ondenkbaar.
Hulle verskyn in die gedaante van 'n mens. God openbaar ons dus al baie meer as in Gen 3. In die verloop van die Godsopenbaring sal ons engele dikwels in die gedaante van mense sien. Selfs verskillende kere in die Nuwe Testament. Die vrouens by die graf, die dissipels op die berg van die hemelvaart en Petrus in die tronk het engele so gesien.
In die geskiedenis van Gen 18 en 19 lees ons dat die manne wat by Abraham kom kuier het , soos gewone mense geëet het en ook in Sodom deur Lot en die inwoners as gewone manne gesien is. Niemand het daaroor gedroom dat hulle engele was nie. Soos in die geval van Gideon is dit nie weens die voorkoms van die engel nie maar as gevolg van die werk wat hy doen dat die mens weet dat hy met 'n engel te doen het. In daardie menslike gedaante tree hulle egter net baie tydelik op want sodra hulle werk klaar is verdwyn die gedaante - hulle blyplek is nie die aarde nie.
Die HERE , wat Self by Abraham in die gedaante van 'n Mens verskyn, stuur die twee engele met 'n tweeledige taak na Sodom toe. Hulle moet die oordeel van God oor die goddelose stad voltrek maar aan die ander kant die barmhartigheid van die HERE aan Lot bedien. Hulle vertel dit vir Lot en dra dus so die boodskap oor en hulle doen die vernietigings - en reddingswerk. Opvallend dat die HERE Self vir Abraham sê wat Hy gaan doen maar dit vir Lot laat hoor deur die twee engele.
Dit is opvallend dat die HERE in sy oordeel oor Sodom die engele inskakel. Hy doen dit alleen wanneer die sondes van die mense verskriklik erg is soos hier waar Hy sê dat die sondes so erg is dat dit 'n geroep na die hemel is . In die doen van sonde was Sodom en Gomorra hulle tyd dus ver vooruit. Dit laat ons ook dink aan Paulus se woorde in Rom 1 waar hy sê dat die HERE die heidene 'oorgegee' het .
Engele is dus die diensknegte van die straffende God wanneer die sonde sy absolute dieptepunt bereik het. God verwoes grondig deur die diens van Sy engele.
Dieselfde engele staan egter ook in diens van die God wat vol ontferming bewaar, spaar. Selfs in Sodom staan die werk van die engele nie los van die evangelie nie. En daar kom selfs geweld by te pas . As Lot blykbaar nog nie van Sodom kan loskom nie en bly talm gryp die engele hom en vrou en dogters aan die hand en vat

hulle uit die gedoemde stad uit. Hoe groot is God se ontferming oor Lot , die Lot wat doelbewus in die heidense stad en omgewing hom tuisgemaak het en sy verbondskinders met heidene laat trou het om so 'n lekker lewe te leef. God se ontferming is groot en die engele mag die ontferming bedien.

In die oomblikke na die sondeval het ons die engele as die gerubs ontmoet wat wel in 'n mate op mense gelyk het . Maar nou het God ons al meer laat sien deurdat ons die engele in die gedaante van herkenbaar en skynbaar outentieke mense sien. Ook wat hulle dienswerk betref gee God meer openbaring. Die paradysgerubs se werk is net bewaking , hulle gryp nie in nie. By Abraham en Lot moet hulle ook werklik optree deur God se oordeel te voltrek en Sy ontferming te bedien. Die gerubs het in hulle optrede nog net 'n beeld van hulle dienswerk gegee naamlik die oordeel en guns van God oor die mens ; dit laat die engele van Gen 19 in die werklike feite sigbaar word : hulle bedien God se oordeel en guns.

As die engele van God hulle in gehoorsaamheid aan die opdrag van die HERE teen die mens stel dan kom afgryslike dood en verderf sodat soos by Sodom en Gomorra hulle staanplek nie eers meer te vinde is nie. Maar as dieselfde engele van God in gehoorsaamheid aan die opdrag van God aan die kant van die mens is dan hoef selfs die hardkoppige trae mens vir niks bang te wees nie. Dit is troos vir u en my.

Hoofstuk 4

ENGELE AS LYFWAGTE VIR JAKOB.

Gen. 28

Die HERE onse God laat ons in 'n tyd leef wat vir die gevoel van baie mense die donkerste en gewelddadigste in die geskiedenis van die mensdom is. Al is dit nie waar nie en lyk dit net so omdat ons vanaf die vorige eeu deur die radio en later die televisie blitsvinnig nuus van oor die hele wêreld kry , een gevolg is dat die afgryslikhede wat êrens plaasvind as duiwels , as demonies gesien word. As gevolg daarvan is daar dan baie belangstelling vir die duiwel en al sy helse magte en kragte.

Hierdie belangstelling is op-sigself ook nie verkeerd nie maar word dit omdat die aandag nou van God as Almagtige , van Jesus Christus as ons Verlosser en Koning en van die Heilige Gees as ons Trooster afgetrek word. Verder word so baie aandag aan die gevalle engele gegee dat ons nooit by die goeie engele uitkom nie.

By die oordeel van God oor Sodom en Gomorra het ons die engele gesien as diensknegte van die bewarende en die straffende God. Hulle het 'n bepaalde en beperkte opdrag van God ontvang. Die werk wat hulle daar in opdrag van God gedoen het was heeltemal afgehandel sodra dit gedoen was . Onmiddellik daarna het hulle teruggegaan na die hemel , hulle normale blyplek. Hulle het Lot en sy gesin gered en daarna hulle vernietigingswerk gedoen en vertrek. Hulle hulpdiens aan Lot was toe klaar.

Ons sien dieselfde by die opdrag wat Abraham aan sy slaaf Eliëser gee om vir Isak 'n gelowige vrou te soek. Eliëser kom dan met die beswaar dat die vrou moontlik nie saam wil gaan nie en of hy in daardie geval Isak dan moet terug laat gaan na die land waar Abraham uitgekom het. Die aartsvader verbied dit sy kneg uitdruklik en bemoedig hom dan met die woorde :"Die HERE sal Sy engel voor jou uitstuur sodat jy vir my seun 'n vrou van my land af sal kan bring." Hier is dit dus ook duidelik dat die engel net vir hierdie spesifieke opdrag gestuur word.

In Gen 28 kom daar nou 'n verandering , 'n verdere vordering in die openbaring oor die hulp van engele aan mense. Hier hoor ons dat Jakob permanent die bewaking van engele ontvang.

Jakob is op die vlugpad. Hy verlaat die land van die belofte en is op pad na Haran waaruit die HERE sy oupa Abram geroep het . Hy het netnou erfgenaam geword - al was dit op tipiese Jakobmanier , skelm - maar nou al moet hy die hele erfenis in die hande van die bedroë Esou laat. Hy het net beloftes , ook die belofte van 'n groot nageslag wat deur volke gedien sal word en voor wie nasies sal buig . Maar .. moedersiel-alleen slaan hy op die vlug sonder enige hoop op selfs die vorming van

'n gesin.
En dis alles net sy eie skuld. Hy het sy broer se eersgeboortereg op 'n agterbakse skelm manier afgeneem en sy ou blinde vader bedrieg. Die aartsbedrieër vat die pad en daar kom nie eers een woord van skulderkenning en nog minder van skuldbelydenis oor sy lippe nie. Nadat hy so'n 80 of 90 km van die huis af is gaan rus hy langs die pad. Terwyl hy slaap kom die HERE in 'n droom na hom toe: " hy het gedroom : 'n leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel , en engele van God klim op en af met die leer. En kyk, die HERE het bo-aan gestaan ..."
Die HERE openbaar Hom aan Jakob.
In sy droom sien Jakob 'n leer wat die plekkie waar hy lê verbind met die hemel. Engele gaan op en af met die leer. Van Jakob af klim hulle op na God toe en van God af daal hulle af na Jakob toe. So onderhou hulle die kontak tussen die Heilige God en Jakob. Mens kan sê dat hulle Jakob en al sy sondes en sorge die hemel indra en dan met die seën van die HERE afdaal na Jakob toe. Die HERE Self het die betekenis daarvan vir Jakob vertel : " en kyk, Ek is by jou , en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het." vs 15
Die HERE sal saam met Jakob trek waar hy ook al na toe gaan en Hy sal Sy engele daarby inskakel. Jakob , van alle mense , word deur die HERE onder permanente engelebeskerming geplaas, hy kry die engele as lewenslange lyfwagte. Vir hom word beloof wat ons in Ps 91 hoor " geen onheil sal jou tref nie en geen plaag naby jou woonplek kom nie. Want Ek het my engele opdrag gegee om jou te beskerm waar jy ook al gaan. Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie."
Die HERE verdryf Jakob uit die belofteland maar Hy gee tegelyk die belofte van die oop terugpad : Ek sal jou terugbring en ... My engele sal beskermingsdiens vir jou doen.
Goed , dit is nog maar net een persoon wat die beskermingsdiens van die engele ontvang maar wie is hierdie persoon ?
Dit is Jakob die draer van die belofte wat die HERE vir Abraham gegee het. Die belofte van 'n groot land en 'n ontelbaar groot volk, 'n volk wat die Christus moet voortbring. Dit is die agtergrond van die werk van die HERE hier want die engelelyfwagte moet sorg dat Jakob by Pniël kan kom om daar Israel te word en so die vader van Christus wat die vlees betref. Deur die engelediens word die pad na Betlehem en Golgota oopgehou .
Aan Jakob word engele gegee <u>sodat Christus Sy krip en kruis kon kry.</u> Maar Jakob

kry sy engelewagters ook omdat Christus Sy krip en kruis gekry het. Hoe onmenslik swaar moes Christus betaal vir Jakob se engelewagters.
Ja , dan kry Christus in daardie donkerste van alle oomblikke ook Sy engele om Hom te bemoedig en te versterk maar ook om Hom te bewaar vir die allerlaaste : die kruis met al sy afgryslike bitterhede. Christus het so duur vir Jakob se engelelyfwag betaal dat Hy deur God verlaat is sodat Jakob -die-sondaar-op-die-vlugpad deur God bewaar sou word tot in ewigheid.
Nou moet ons altyd baie versigtig kyk na dit wat in die Heilige Skrif vir ons ge-openbaar word. Ons is so geneig om iets in die Bybel te lees waarvan ons hou en om dit dan sommer-so op ons of ons tyd of land en volk van toepassing te maak. Veral in die geval van die engele waaroor in die Skrif nie juis baie ge-openbaar word nie , wil ons graag meer weet en dit wat ons wel daaroor lees veralgemeen ons so maklik deur een besondere gebeurtenis algemeen vir die hele ryk gevarieerde lewe te maak. Natuurlik is dit aanloklik maar dit wil dan hoegenaamd nie sê dat dit op grond van aanloklikheid dan ook reg is nie. So is ons geneig om op grond van hierdie besondere sorg oor Jakob die konklusie te trek dat elke mens sy eie beskermengel het netsoos uit Daniël se profesie gesê word dat elke land of volk sy eie groep engele het wat wagstaan. Elke engeleverskyning en elke gebeurtenis in die gewyde geskiedenis gebeur op 'n bepaalde tydstip en in 'n bepaalde verband.
Net en alleen aan Jakob word op 'n spesifieke oomblik en 'n spesifieke plek weens spesifieke omstandighede 'n spesifieke belofte gedoen.
Ons moet naamlik bly onthou dat juis uit Jakob die Ou Testamentiese Kerk voortkom en dus ook later die Nuwe Testamentiese Kerk.
Dwarsdeur die hele Heilige Skrif word elke keer op hierdie hoofsaak uit Gen 28 teruggekom in allerlei variasies maar dan nie met sy toepassing op een persoon nie maar op die hele Kerk.
Na hierdie keer lees ons niks meer daaroor nie - hulle was by Jakob maar hy het hulle nooit gesien nie. Dit laat ons ook wel baie versigtig wees by die hoor van allerlei ontmoetings met engele in vandag se tyd.
Op Jakob se terugreis jare later laat die HERE Jakob weer engele sien en die verstomde Jakob sê dan :"dit is 'n leër van God". Hy gee die plek die naam Maganajim wat beteken 'dubbel leër' dus ontelbaar baie engelestryders.
Hierdie leër van engele was 'n soort van grensbewakers wat dit vir Jakob duidelik moes maak dat hy maar nie sommerso lukraak die belofteland weer kon inkom nie. Die land lê nie maar netso oop vir hom nie. Die vervulling van God se belofte kan slegs kom langs die pad van bekering. Hy sien die engeleleërs net voordat hy met die HERE by die Jabbok worstel en deur God se genade oorwin om die naam

Israel te ontvang.
Die stoottroepe van God aan die grens van die belofteland stry saam met die Allerhoogste tot meerdere glorie van Sy heilige naam. Dit teken ons die engele dus weer as totaal ander figure as wat in die volksmond aan die engele toegedig word. Dit is geen soetlike pienk figuurtjies met deursigtige vlerkies nie - hulle is swaargewapende soldaat-hemelwesens , 'n strydvaardige leër wat slaggereed is.
Watter troos vir ons dat ons mag weet dat nie die volksfantasie se engeltjies soos feetjies uit sprokieland nie maar strydvaardige engele die Kerk omring en beskerm .

Hoofstuk 5

ENGELE AS OGGENDSTERRE.

Job 38

Job het na alle waarskynlikheid in die tyd van die aartsvaders Abraham , Isak en Jakob , geleef. Verder weet ons van die skrywer, die tyd en die plek van die ontstaan van hierdie Bybelboek niks nie. In hierdie wysheidsboek lees ons verskillende kere oor engele. Sommer aan die begin ontmoet ons voor God se troon die engele wat 'seuns van God ' genoem word. In die Nuwe Vertaling word hulle egter 'hemelwesens' genoem - dit is wel so maar dit staan nie so in die Skrif nie. Drie keer word die engele in Job 'seuns van God' genoem en ook in Psalm 29 en 89.

In Job 1 sien ons die engele voor die troon van die HERE soos die profeet Miga dit later sien dat die HERE op sy troon sit en die hele hemelse leërmag weerskante van Hom staan.1 Kon 22:19. Engele kom voor die HERE om opdragte van Hom te kry of verslag te doen van hulle werk.

Dat die engele in Job nou 'seuns van God' genoem word is seker om hulle te onderskei van die gevalle engele wat ook in die vergadering in die hemel opdaag.

Ook op ander plekke in die Skrif is sprake van mense wat die benaming 'seun van God ' ontvang en elke keer wys dit dan op die baie hoë posisie wat daardie regter of koning beklee. 'n Posisie by die grasie van God , ook die uitverkore volk Israel word as God se volk so genoem. Die absoluut unieke posisie word natuurlik deur die enigste ware Seun van God , onse Here Jesus Christus ingeneem ons God uit God en Lig uit Lig van dieselfde wese met die Vader en van ewigheid tot ewigheid God.

In Hebreeus wys die benaming kind of seun ook op die behoort aan 'n bepaalde stand of groep mense . Profeteseuns is dan mense wat by die profetestand of groep behoort. So omskryf die benaming 'seuns van God ' dat hierdie engele op 'n baie besonderse wyse aan God behoort , deel van God se huishouding is. Hulle mag in die onmiddellike omgewing van die troon van die Hemelheerser vertoef en Hom daar dien. Hierdie benaming sê dus niks van hulle werk nie maar alles van hulle hoë posisie.

Hierdie geweldig hoë posisie is iets wat selfs Adam nog nie besit het nie. Ons besit dit selfs na die versoening van ons sondes deur Christus aan die kruis , ook nog nie. Adam het in die wonderlik heerlike paradys gewoon maar dit was nog altyd op die aarde en nie in die hemel nie. U en ek is ook nog nie daar nie - die hemel is vir ons nog 'n hele menseleeftyd ver weg. Dit verander eers wanneer die nuwe hemel en die nuwe aarde gekom het.

Maar die engele is as 'seuns van God' in die hemel reg by God. Hulle woon nie verweg van die Vaderhuis met sy baie wonings soos die gelowiges nie maar is 'kind-aan-huis' en sien elke dag die stralende aangesig van die hemelse Vader. Mat 18 : 10 Daarin is hulle ons dus ver voor.
Natuurlik is daar ook vanuit die verklaring van hierdie teks in Job foute gemaak soos om te beweer dat die engele ook na die beeld van God geskape is of dat hulle bokant die mens sou staan. Die Heilige Skrif leer baie duidelik dat die mens die allerhoogste skepsel is wat God gemaak het. Interessant dat die Joodse rabbyne (Skrifuitleggers) beweer het dat die engele op die sesde dag gemaak is maar dat God Sy werk nie kon klaar kry nie omdat die sabbat aangebreek het en niemand dan mag werk nie . Sodoende het die gevalle engele net 'n gedaante maar geen siel gekry nie. 'n Interessante verklaring maar niks meer as eienaardige speku-lasie nie. Ons weet niks oor die skepping van die engele nie.
Die mens is deur God as koning oor die skepping gestel , 'n mag wat geen engel ooit gekry het nie. Die Skrif sê ons ook dat die engele die mense moet dien en geen dienskneg is tog ooit hoër as sy meester nie. Al mag die engele nou , op hierdie stadium so naby God leef , later word hulle posisie in die hemel deur die mens oorgeneem. Hoe naby die engele as 'seuns' nou ook al by die HERE mag leef , hulle is geen erfgename soos die gelowiges nie maar bly diensknegte.
Tog kan ons wat die kinders van God is nog heelwat van die diensknegte van God leer. Hulle behoort by God se huishouding en dit is die hoogste huishouding wat bestaan. Dit maak hulle egter nie hoogmoedig nie , hulle bly diensknegte wie se hele bestaansdoel is om in volkome gehoorsaamheid te dien. Daarom is dit ook geen wonder nie dat ons Here Jesus hierdie diensknegte in die volmaakte gebed vir ons as 'n voorbeeld gestel het nie.

'n Voorbeeld - en dit is juis wat die 'vriend' van Job , Elifas, nie doen nie. Uit sy mond kom die eienaardige uitspraak : ' In Sy hemelse dienaars stel Hy (God) geen vertroue nie, voor Hom is selfs Sy engele vol gebreke...' 4 : 18 Nie net vir Job was Elifas 'n lastige probleem nie , vir ons is hy dit ook tot vandag toe. Dit is allereers tenminste twyfelagtig dat hierdie pessimistiese wyse 'n werklike verskyning van 'n engel beleef het. Elifas word deur Job en Elihu goed in die bek geruk maar hy en sy kollega's val ook onder die oordeel van die HERE :'Nadat Hy met Job gepraat het , het die HERE vir Elifas .. gesê :'Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende , want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos My dienaar Job nie'. 42 : 7
Hierdie teks gee ons 'n moontlikheid om uit die probleem uit te kom. Elifas is 'n tipiese 'swartkyker' , 'n aartspessimis wat in alles onder die son - maar eintlik sien

hy die son nooit nie - sonde en skuld en besware en tekortkomings en ongeregtighede en probleme en..en.. sien. Nou neem hy sommer so die vrymoedigheid om met sy verdagmakings ook maar die hemelruim in te vaar en die heilige engele net so in die verbygaan maar te beledig met sy teologiese drogdenkbeelde. Hy help die Satan maar 'n handjie deur net en alleen te speur na skuld en ongeregtighede om die mens so diep in die put van wanhoop af te druk dat hy wysgemaak word dat daar geen vergewing vir AL die tonne sondes is nie . Hy help die Aanklaer van die gelowiges. In die tweede ronde van die geveg om Job kom Elifas met nog so'n lae hou :' God vertrou nie eers die hemelwesens nie en selfs die hemel is nie rein in Sy oë nie...' 15 : 15 Hierdie uitsprake val wel onder die oordeel wat Godself gegee het :' julle het nie die waarheid oor My gepraat nie..' 'n Ernstige waarskuwing vir ons in ons tyd. By ons is daar ook so maklik net veroordeling en swartverf van alles wat ons nie gewoond aan is nie en dan word dit nogal graag in blomryke taal en met 'n omhaal van woorde met 'n Bybelse sousie aangebied. Aan woorde is daar by Elifas geen gebrek nie . Sy uitgebreide storie oor die koms van die verskyning laat 'n mens al die hele storie met 'n sak sout neem. Dit klink meer na 'n moderne rillerprent as na Godsopenbaring." 'n Woord het geheimsinnig by my gekom , my oor het die fluistering daarvan opgevang. ' Natuurlik was dit in die nag. " Vrees en angs het my oorval , my liggaam het verskriklik gebewe . 'n Gees het voor my verby gesweef , en my hare het orent gaan staan. " Hy kon nie sien hoe die gees lyk nie, dit was net 'n gedaante en toe hoor hy 'n stem...

Nêrens lees ons êrens anders in die Heilige Skrif van so'n soort verskyning. By al die ander verskynings van engele lees ons dat die hemelse bode die gelowiges gerusstel of help as hulle deur die heiligheid van die verskyning angstig of ontroer raak. Die engele kom in die gedaante van 'n mens , hierdie mensvormigheid wys dan vorentoe na die Menswording van God in Jesus Christus. Kyk ook maar na die gelykenis van die boere en die wingerd " heel laaste het Hy Sy Seun gestuur..' Matt 21 : 37 God se Seun wat vlees geword het en onder ons kom woon het.

Amper die hele boek Job is een hemelskreiende skreeu van die so geplaagde en beproefde gelowige vir 'n antwoord op die vraag na die 'waarom' van al die lyding. In hoofstuk 38 kom die antwoord van die HERE. Wat 'n antwoord ! Die HERE gaan nie eers op Job se vraag in nie ! Ook in ons eie lewens gaan dit dikwels so. Vraagtekens word dikwels geen uitroeptekens nie , die
'waarom ??' word dikwels nie 'n' daarom !' nie. Die HERE werk op Sy dikwels ondeurgrondelike manier maar dit is altyd Sy heilige manier.

Hy stel vir Job 'n hele klomp vrae wat almal gaan oor die grootheid en heerlikheid

van die HERE soos ons dit kan sien in die skepping en onderhouding en regering van alles wat Hy geskep het. Die HERE laat Job eksamen aflê en ... hy slaag nie want hy kan op nie een vraag 'n antwoord gee nie. Hy moet weer leer dat God groot is en alles volgens Sy welbehae doen. Hy is God en laat Hom nie voor 'n menslike regbank daag nie. Job moet teruggaan na sy oorspronklike geloofsstandpunt toe hy gerus het in God se welbehae : ' die HERE het gegee en die HERE het geneem. Prys die Naam van die HERE ! ' In alles wat hy gesê het - en sy vriende het sommer baie skuld daaraan - het hy nie altyd daardie kinderlik-gelowige standpunt vasgehou nie. Die HERE gaan hom nou afleer om met die HERE te stry. As Job weer terug is by die begin deur vrede te hê met God se welbehae, met God se werk in sy lewe dan is Job se probleme nie opgelos nie . Die kruis is dan nie van sy rougeskaafde skouers af weggeneem nie, maar hy kan dit dan tenminste dra.

Die vrae rol dan oor Job : was jy daarby toe Ek die aarde se fondamente gelê het? Wie het die aarde afgemeet ? Weet jy dit? Wie het 'n maatlyn oor hom gespan ? Waarop is sy voetstukke neergesit ? En dan kom die woorde waarop ons nou veral wil let: ' daardie oggend toe die môresterre saamgesing het en al die seuns van God (of die hemelinge) gejubel het ?' In die Hebreeuse digkuns beteken die oggendsterre en die seuns van God dieselfde en word met altwee benaminge dus die engele bedoel. Die oggendster kondig aan dat die donker nag nou amper verby is en dat die nuwe dag aanbreek. 'n Wonderlik mooi beskrywing van die engele.

God gaan nou met Sy skeppingswerk begin. Netnou sal Hy sê : 'laat daar lig wees' en so sal Hy verder gaan met Sy skeppingswerk totdat Hy met Sy kunstenaarshand die mens gemaak het as pronkstuk en kroon van Sy skepping.

Die HERE laat Job nou weet dat die engele daarby was . Die hemel en sy bewoners die engele was toe dus al geskep. Die engele was daarby as oggendsterre , die duisternis word verdryf deur die lig en met die lig kom daar die lewe. Netnou kom die plante en diere en .. die mens. In God se heelal kom lig en lewe.

God se engele mag dit alles beleef en hulle breek uit in een groot gejubel. Hulle loof en prys die groot en magtige Skepper wat net spreek en dit is daar , beveel en dit gebeur. Elke keer sê God :' dit is goed ' en die engele prys en loof soos 'n eggo wat weerklink in antwoord op die woord van die Skepper.

God skep en maak die aarde reg vir 'n woonplek van die mense . Die engele woon in die hemel en hulle heerlikheid word deur die skeppingswerk nie groter nie , tog jubel en sing hulle want alles draai vir hulle om die glorie en grootheid van die HERE. Hulle is geen passiewe toeskouers nie maar leef baie intens mee met die Skepper en Sy werk. Dwarsdeur die Heilige Skrif sien ons dit as die dienswerk van

die engele by God se magtige werk aan die begin, in die middel en aan die einde van die openbaringsgeskiedenis - hulle omraam dit met hulle jubelende gejuig. Hulle doen dit as juigende oggendsterre wat daarmee aankondig dat God elke keer iets nuuts doen en maak : die lig gaan die duisternis verdryf ! By die skepping en in die Kersnag as die nuwe dag van die verlossing aanbreek en die Groot Lig aan die horison sigbaar word. Hulle juig in die opstandingsoggend waarin die Christus die nag van die dood oorwin om nooit weer te sterf nie. Hulle jubel wanneer die nuwe hemel en nuwe aarde kom as God se groot herskeppingswerk.

Ja , as ons dit so hoor dan word ons eintlik rooi , nie van die oggendrooi nie maar skaamrooi. Die engele juig al word hulle glorie nie groter deur die skepping van die aarde nie want hulle woonplek is die hemel , dit word nie groter by die herskepping in Christus nie want hulle het geen versoening nodig nie - tog jubel en juig hulle.

Maar ons as kinders van die HERE swyg dikwels in alle tale as God in skepping en herskepping Sy heerlikheid en mag vir ons wys. En dit terwyl God juis in ons Sy heerlikheid wil openbaar. Dit moes tog so wees :' loof die HERE o my siel , en alles wat in my is, Sy heilige Naam ! Loof die HERE , o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie !'

Hoofstuk 6.

ENGELE SE MAG.

2 Kon 6 : 14 - 17 1 Kron 21

Wanneer ons stilstaan by dit wat die Heilige Skrif ons openbaar oor die engele dan bekruip 'n mens die versoeking om in te gaan op die bewerings van mense in ons tyd dat hulle engele ontmoet het , deur engele gehelp is of beskerm is. Maar dan gaan dit nie meer oor God se openbaring nie maar oor menslike belewenisse wat in elk geval nie of uiters moeilik bevestigbaar is. Ek onthou dat jare gelede iemand gevra het dat elkeen wat al 'n engel ontmoet het dit op skrif moes stel en vir die betrokke persoon moes stuur. Sover ek kan onthou was dit 'n Franse skrywer en was die reaksie op sy versoek oorweldigend. Spesifiek onthou ek dat baie mense van engelontmoetings gepraat het in gevalle waar hulle verdwaal het en dat iemand wat hulle as 'n engel beskou het hulle die regte pad aangedui het. Natuurlik kan ek nie juis kommentaar op so iets lewer nie behalwe om te sê dat derglike gebeure nie in die Bybel opgeteken is nie.

Wat ons in die Bybel oor ontmoetings van engele met mense lees gee wel 'n heel ander prentjie as engele as padwysers . Veral ook die reaksie van mense op die verskyning van engele. Veral in die boeke Rigters tot Kronieke. Allereers is dit dan opvallend dat die mense se reaksie een van vrees is , hulle is bang en verskrik as 'n engel aan hulle verskyn. Uiteraard staan ons dan nie stil by die verskyning van die Engel van die HERE soos aan Gideon of Manoag nie . Dit was die HERE Self wat verskyn het en wie kan die HERE sien en leef ? Eks 33:20

Ons lees selfs in die Nuwe Testament nog van die vrees van die mens vir die verskyning van engele. Toe op Paasoggend die engel by die graf van ons Saligmaker gekom het, het die ongelowige wagte van skrik gebewe en soos dooies geword by die sien van hierdie gedaante wie se voorkoms so blink soos weerlig was met klere so wit soos sneeu Mt 27:4. Maar ook die gelowige vroue was bang en het groot geskrik Luk 24 : 5. Eerder het ons dit al kon sien by die herders in die Kersnag wat in die glans van die heerlikheid van die HERE die engel gesien het en groot geskrik het Luk 2 : 9

Ons kan die groot skrik verklaar in die feit dat die engele die verteenwoordigers van hulle Sender is , in die diensknegte is die Sender aanwesig en die glans van die heerlikheid van die HERE straal af op hulle. Dan kom die woorde van die HERE aan Moses weer by ons op dat niemand wat die HERE sien kan bly lewe nie.

Aan die ander kant is die mense se skrik en bangwees ook 'n erkenning van die heerlikheid van die engele deur die mense. Hulle is heerlike wesens wat so naby die Allerheiligste mag leef en werk.

Veral in die boeke van Samuel sien ons in aansluiting daarby dat die engele deur gelowige en ongelowige mense hoog vereer word deur mense met 'n engel te vergelyk.
Die Filistynse koning Akis vertrou Dawid so baie dat hy wil hê dat hy met sy manne hom en die ander Filistynse regeerders moet help in 'n veldtog teen Israel. Maar Akis se kollegas vertrou nie vir Dawid nie en weier dat hy saam kom. Dawid maak nou asof hy baie beledig is deur die wantroue en dan sê Akis : Ek is oortuig dat jy so opreg is as 'n engel van God .1 Sam 29 : 9 'n Bode van hierdie God is vir die Filistyn blykbaar 'n besonder aangename verskyning wat homself baie ge-eer laat voel en wie se koms en verblyf vir hom baie goed is. So gee selfs 'n heiden , wat seker deur Dawid kennis van die engele gekry het , hoë eer aan die engele.
Dawid is ook later deur sy eie mense met 'n engel vergelyk. Die listige vrou uit Tekoa wat in opdrag van Joab moet probeer om versoening te bewerk tussen Dawid en sy opstandelingseun Absalom sê vir die koning : ' u is soos 'n engel van God wat na alles luister of , in die ou vertaling , ' om goed en kwaad te verstaan.' Net daarna borduur sy verder voort op die gedagte met die woorde : ' u is wys soos die wysheid van 'n engel van God om alles te weet wat op aarde gebeur'. 2 Sam 14 : 17 en 20 Natuurlik is hierdie vleitaal vol oordrywing maar sy gee in elk geval eer aan die heerlikheid van die engele wat uitblink in wysheid en kennis.
Ons bemerk dieselfde mening by Mefiboset die kreupel en enigste oorlewende seun van Saul as hy by koning Dawid homself verdedig teen die verradelike geskinder van sy kneg Siba . Hy sê dat Dawid nou maar self moet besluit wat die waarheid is want : ' U Majesteit is soos 'n engel van God . U sal dus met my doen soos dit vir u die beste lyk'. Dawid het die wysheid van 'n engel van God . Ook hierdie man uit die verbondsvolk roem dus die heerlikheid van die engele soos dit in hulle wysheid en kennis uit kom.
Ook in die Nuwe Testament hoor ons oor die geweldige agting van die mense vir die engele. In Gal 4 : 14 skryf Paulus :' julle het my ontvang asof ek 'n engel van God was , ja , asof ek Christus Jesus Self was'. Toe die apostel in Galasië gekom het , was hy siek en dit was vir hulle 'n versoeking om hom te verag en te verstoot. Maar hulle het dit nie gedoen nie maar inteendeel hom ontvang asof hy 'n engel was. Soos 'n engel - soos een van God se heerlike troongeeste ... so ontvang hulle hom. Dit is wel 'n bewys van die geweldig hoë agting van Paulus en die Galasiërs vir die engele. Dit is selfs vir die mens wat bokant die engele staan, 'n eer om met hulle vergelyk te word.
In die boeke Konings hoor ons egter oor die engele veral in hulle dienswerk as die leërmagte van die Almagtige God van hemel en aarde. Die woord wat die Skrif

daarvoor gebruik beskryf soms die leër van Israel en soms die leër van engele. Die HERE span dus sowel die Kerk as die engele in in Sy stryd teen die magte van die duisternis. In 1 Kon 22 gaan die stryd teen die goddelose koning Agab. Hy wil 'n oorlog voer teen Ramot in Gilead en soek die hulp van koning Josafat van Juda. Omdat die gelowige koning Josafat die woorde van Agab se 400 profete nie vertrou het nie is daar toe die enigste ander oorgeblewe profeet wat die vervolgings deur Agab oorleef het, opgekommandeer na die koninklike hooghede toe. Die profeet Miga. Teen al die valse profesie in die Kerk in profeteer die profeet wat deur koning Agab gehaat is as 'n ongeluksprofeet , 'n negatiewe swartkyker. Soos die goddelose koning self 'geprofeteer' het was Miga se profesie nie wat hy wou hoor nie. En dan kom daardie magtige gesig wat Miga ontvang het. Die profeet sê dat die HERE die stryd teen koning Agab voer en hom die dood sal injaag. Miga sien die HERE op sy troon sit en weerskante van Hom is die hele hemelse leërmag. Soos 'n sterk lyfwag staan al die engele rondom die HERE. Hulle staan , die HERE sit. Hulle staan reg vir hulle dienswerk , op aandag om onmiddellik die bevele van die HERE uit te voer. Hulle is strydvaardige helde wat alle vyande van die HERE as hulle eie vyande sal aanval. Stryders wat veg en loof en prys. Want ons lees in Luk 2 in die Kersnag dat sodra die een engel klaargepraat het daar saam met hom 'n menigte van die hemelse leërskare was.

Sodra die Vrede-koning gebore is ruk die hemelse engeleleërs uit. Hierdie hemelse soldatehelde loof en prys God en sing van ... vrede ! Want hierdie wonderlike vrede kom langs die pad van.. stryd. Die grootste Kampvegter van alle tye is nou gebore en nou stuur die Hemelkoning sy leërs in die stryd , singende leërs. In volkome sekerheid dat die oorwinnig kom met ewigdurende vrede.

Hierdie leër was al deur Jakob gesien maar daar was hulle nog nie in aksie nie. Nou gaan ons hulle sien soos die engele by Sodom en Gomorra met die dubbel doel om die dood te bring en om te behou.

By Dawid sien ons die verskriklike taak van die engele as uitvoerders van die oordeel van God oor Sy volk. Dawid het die volk van God getel , gemaak asof dit sy volk is waaroor hy volle alleenseggenskap het. Die profeet Gad het na hom gekom om die oordeel van God te bring en hom die keuse te stel tussen drie rampe. Koning Dawid verkies toe om liewers in die hand van die HERE te val as in die hand van sy bloeddorstige vyande. Die HERE stuur dan 'n engel om die hele land deur te gaan en 70 000 mense sterf deur die pes. Maar wanneer die engel sy hand uitsteek om ook Jerusalem te tref sê die HERE :' dit is nou genoeg ! Trek jou hand terug'. Koning Dawid het die engel gesien : hy het ' die engel van die HERE tussen hemel en aarde sien staan met sy ontblote swaard in sy hand en uitgesteek oor

Jerusalem'. 1 Kron 21 : 16 Die uitgesteekte swaard wys ons daarop dat ons hier 'n verteenwoordiger van die hemelse leër het. Een van die ontelbaar baie wat die oorlog van die HERE voer en die oordeel oor God se vyande voltrek. Ontsettend dat die hemelleër teen God se eie volk moet optree. Later sien ons weer daardie hemelleër in aksie maar dan is dit teen die grootste vyande van die hemel en die aarde, teen die antichris en sy valse profeet. Dit is wanneer die verheerlikte Christus opstaan om die dier en die valse profeet die genadeslag toe te bring. Die hele hemel kom dan in beweging: 'die leërs in die hemel het op wit perde agter Hom aangery . Hulle het fyn , helder wit klere aangehad.' Op 19 : 14

In die geskiedenis van Dawid se sonde van die tel van die volk van God was daar net een engel en ... 70 000 mense sterf. Hoe ontsettend moet dit dan wees as die hele hemelleër in aksie kom! Dan sal dit gehoor word :'berge val op ons, heuwels bedek ons !'

Die omgekeerde van die doel van die werk van die hemelleërs sien ons in 2 Kon 6 : 14-17 daar beveilig die engeleleër die Kerk. Die koning van Aram is in oorlog met Israel gewikkel maar kry dit net eenvoudig nie reg om 'n beslissende veldslag af te forseer nie. Keer op keer word die koning van Israel deur God se getroue profeet Elisa gewaarsku oor die vyand se planne. Een van Aram se intelligensiemense vertel die heidense koning dat die profeet die vlieg in die salf is en waar Elisa bly. Onmiddellik word 'n magtige leër met perde en strydwaens gestuur wat in die nag die stad Dotan beleër . Die volgende oggend sien Elisa se slaaf daardie magtige oormag en sê hy doodsbenoud :' ag , meneer , wat gaan ons nou maak ?' Elisa bid dat God die slaaf se oë oopmaak. Tot sy stomme verbasing sien die slaaf dan : ' die berge rondom Elisa was vol perde en strydwaens van vuur'. Dit was die vervulling van Elisa se woorde :' moenie bang wees nie , die wat by ons is, is meer as wat hulle is'.

Die vuurperde en vuurwaens is engele , die hemelleër , 'n ring van vuur reg rondom die profeet van die HERE. Die vyand kom met sy vurige perde en strydwaens maar dit is niks in vergelyking met die hemelleër nie. Die HERE stuur sy magte vir beskerming van Sy Kerk. Ons sing daarvan in Ps 68 .

Een van die baie ontroerende gebeurtenisse uit die geskiedenis van die Here met Sy Kerk is die keer toe ons voorvaders die Hugenote in die Cevennesoorlog deur die Roomse leër van beroepssoldate met 'n tienvoudige oormag vasgekeer was. Gewone mense sonder oorlogswapens , gewapen met hooivurke en stokke het die oormag op die vlug laat slaan deur ... te sing. Dit was Ps 48 en 68 Die Heer sal opstaan tot die stryd , Hy sal Sy haters ver en wyd laat wegvlug voor Sy oë...

Ons kan saam met die gelowiges van die 'ou tyd' die heerlikheid van die engele bely

en ons vergaap aan die wysheid en kennis van die diensknegte van God. Ons kan asemloos ons vergaap aan hulle mag in diens van ons God . Goed , ons sien hulle nie soos die dienskneg van Elisa nie . Maar ons weet deur die geloof dat die vurige strydwaens daar is en dat die HERE hulle rondom ons sal laat staan as Hy dit nodig vind , as 'n muur van vuur vir die beskerming van Sy volk. Hy stuur Sy engelemagte tien-en tienmaal duisend sterk uit vir beskerming of bestraffing...oor gelowige en ongelowige.

Hoofstuk 7

ENGELE VIR ONS AS 'N VOORBEELD.

Ps 103

Ons ken die engele veral weens die Kersnag as singende hemelgeeste. In die Psalms sing ons egter oor die engele.

In die boek Psalms hoor ons ook die eienaardige dat die engele soms gode genoem word. Ps 8 : 6 ; 97 : 7 en 9 ook Sag 12 : 8 Trouens in die Skrif word mense ook soms gode genoem . Dit gebeur by die roeping van Moses en in Ps 82 waar dit oor die regters gaan. In altwee gevalle wys dit op die hoë posisie wat God aan Moses en aan regters gee. Hulle verteenwoordig God en moet die Woord of reg van God bedien , in God se Naam praat.

Dieselfde geld vir die engele wat 'n baie hoë belangrike amp bedien , hulle staan in diens van God , tree op in Sy Naam , voer Sy opdragte uit of dit nou die uitdra van die Blye Boodskap is of die voltrekking van die Goddelike oordeel. Altyd wanneer 'n engel verskyn kom hy met Goddelike opdrag , dit is Godself wat deur hulle praat of werk. So word die engele gode genoem weens die heerlike hoogheid van hulle amp. Dit laat ons dan wel besef dat ons nogal heelwat tekortskiet in die eer en agting van die engele , wat totaal iets anders is as aanbidding van engele. In Ps 104 : 4 word die heilige engele as winde en vuur geskets , natuurlik wys dit weer op hulle werk , hulle ampsdiens. Wind en vuur is geweldige kragte in die skepping. Ons weet dit uit veldbrande wat onstuitbaar voortrol . Ons weet dit nog baie sterker uit vernietiging wat mensgemaak is. In mindere mate miskien by die terrorisme aanval op die Wêreldhandelsentrum maar in al sy verskrikking in die Tweede Wêreldoorlog in Dresden en Hamburg en Hirosjima en Nagasaki - die vuur was verterend-verskriklik maar die verskroeiende wind wat die lugleegte opgevolg het was onbeskryflik hels. En dit is dan nog maar mensgemaak - hoe sal God se vuurstorm wees op die oordeelsdag ? Die engele word nou digterlik as vuur en wind beskryf - so is hulle in hulle hoë diens aan God. As hulle uitgaan om die Blye Boodskap uit te dra of God se volk te beskerm - wie sal hulle kan keer ? Wie hulle krag weerstaan ? Hemelse kragte is dan losgemaak. En dit is dan nog net die diensknegte - hoe groot is ons God tog nie ! Hy het ietsie daarvan laat sien toe Hy op Pinksterdag in die Heilige Gees gekom het met die tekens van vuur en wind. Toe het Hy gekom sonder hulpdiens van engele. Indien dit Hom behaag kan Hy egter ook as vuur en wind kom in Sy dienende engele . Hy het dit so gedoen by Sodom en Gomorra - dit was die engele wat die vuur op die stede gegooi het. Dit is die engele wat die vier winde vashou - daardie winde wat wys op die groot oordele van God - hulle hou die winde vas om hulle op God se bevel los te laat oor die

aarde en sy bewoners. Op 7 : 1 Hulle gaan die oordeelsvuur van God op die aarde gooi Op 8 : 5 e.v. Onweerstaanbaar kom hierdie dienaars van God met die seën of die vloek van die HERE.

Nou het ek al verskillende kere die engele as heilige engele beskryf. Maar is dit nie te sterk uitgedruk nie ? Moses het hulle so genoem en Elifas , daardie vriend van Job ook (- maar by die behandeling van die engele in die boek Job het ek Elifas se woorde uiters krities beskou). In Psalm 89 word die engele ook heiliges genoem. Maar dwarsdeur die Skrif en veral in die Nuwe Testament word die gelowiges ook heiliges genoem en ons bely dat ons deel is van die gemeenskap van die heiliges. Die ooreenkoms tussen die heiliges op aarde en die heiliges bo is dat elkeen geplaas is in en geroep is om in 'n baie spesiale verhouding tot God te staan. Heilig beteken in die Skrif om afgesonder , apart geplaas te wees, gewy te wees aan die diens van die HERE. Die engele is deur die Allerheiligste afgesonder vir die spesiale diens rondom die troon van die HERE.

Hierdie heilige engele is ook volkome gehoorsame diensknegte van die HERE . Dawid sing daaroor in Ps 103 soos dit deur Totius berym is : Loof , loof die Heer o al sy leërmagte

o eng'le , wat met willige- dus gehoorsame - heldekragte,
die woord volbring wat uitgaan uit Sy mond.
Verhef die HEER o al sy leërmagte,
sy dienaars wat Hom dien as troue wagte !

En dan hoor ons ons Here Jesus die volmaakte gebed bid :' Laat U wil geskied , soos in die hemel net so ook op die aarde' . Ons bely daaroor in ons Heidelbergse Kategismus : Dit is : Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak , om aan U wil wat alleen goed is , sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees; sodat iedereen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer as die engele in die hemel dit doen.'

Ja , die Here Jesus stel die gehoorsame knegte as voorbeeld vir die kinders ! Hy ken hierdie diensknegte uit die Woord en uit ervaring in die hemel en op aarde. Hulle het Hom gedien in stiptelike gehoorsaamheid by Sy geboorte en na die versoekings in die woestyn. Hy ken hulle trou en gewillige gehoorsaamheid. Dan is dit wel baie erg beskamend dat Die Here Jesus vir Sy kinders die gehoorsaamheid van Sy diensknegte as voorbeeld moet stel.

Dan is dit ook geen wonder nie dat Dawid, nadat hy die engele opgewek het om die HERE te loof, sy loflied op die HERE afsluit met :'en jy , my siel , loof jy Hom bowenal'. .. Ons wil tog nie as kinders agterstaan by die diensknegte nie ?!

Nou lyk dit asof Psalm 8 ons leer dat die mens tog nie meer as die engele is , dus

nie kind nie maar onder die diensknegte want in die nuwe vertaling lees ons :' U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak.' In die Nuwe Testament sien ons dat die Heilige Gees hierdie teks op ons Here Jesus Christus toepas Hebr 2 : 7 , 9 en daar lees ons dat die Seun van God 'net 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is' . Dieselfde geld dan vir die Psalm , die mens is 'n kort tydjie minder as die engele gemaak. Die tyd tussen die sondeval en , wat die gelowige betref, die opstanding van Jesus Christus.

Hoe diep het die mens as seun van God geval , tot onder die diensknegte maar hy bly nog seun , 'n verlore seun maar seun en geen dienskneg nie. Die engele bly diensknegte . Omdat die mens verlore seun geword het is hy laer as die engele. Die diensknegte wat trou gebly het is baie beter af as die verlore seun , soveel beter dat die verlore seun wat varkkos moet eet en in vodde lê terugverlang huistoe en wens dat hy een van sy vader se diensknegte kon wees. Om dienskneg , slaaf te wees is sommer stukke beter as om verlore-seun te wees.

So het dit deur die sonde geword. Maar dit is net vir 'n rukkie want Christus kom en Hy word vir 'n kort tydjie minder as die engele om dan tot heerlikheid te kom en om van die Vader alle mag en heerlikheid in hemel en op aarde te ontvang.

Sy betaling vir ons sondes was onmenslik erg . Die sondelose heilige waaragtige Seun van God moes in Getsemane deur 'n dienskneg 'versterk' word om so 'bewaar' te word vir Golgota . As Hy aan die vloekhout hang moet alle engele in die volmaakte heerlikheid van die hemel by God bly. Hulle mag by die Vader in die hemel wees. Die Seun word deur die Vader verlaat in die stikdonker ure aan die kruis. So diep sink Hy onderkant die posisie van die engele.

Maar daarna kry Hy Sy loon : God kroon Hom met eer en heerlikheid en lê alle dinge onder Sy voete - ook die engele. 'n Loon wat Hy nie net vir Homself nie maar vir elkeen wat in Hom glo ontvang. Hulle sal saam met Hom regeer - ook oor die engele. Hulle sal selfs die engele oordeel.

Christus wat vir u en my die 'verlore seun' geword het is daarna deur die engele gedien en bedien Hebr 1 : 14 so sal die verlore seuns wat deur die werk van die Eniggebore Seun weer 'gevind' is deur die diensknegte gedien en bedien word.

Hoofstuk 8.

ENGELE BY DIE PROFETE.

Jes. 6 : 1 - 6 Sag 1 : 7 - 17

Dit bly altyd interessant om te sien hoe mense verskillend op dinge reageer. Op die gebied van die geloof is dit veral duidelik dat baie mense oor onduidelikhede geen vrede kan hê nie voordat daar nie 'n magdom teorieë en hipoteses uitgedink is nie. Die groot hartseer is dat mense dan mal oor allerlei onbenullighede gaan en die rykdom wat ons in Chritus het laat verdwyn onder die stof van menslike bakleiery en bygelowe. Omdat daar in die Bybel omtrent niks staan oor die jeugjare van Jesus nie het daar 'n hele aantal skynevangelies verskyn wat ons kwansuis op die hoogte bring van dit wat die Heilige Skrif mis. Op die gebied van die kennis oor die engele gaan dit volgens dieselfde resep. Hoe minder die Bybel ons openbaar hoe meer die mens dinge uit sy bygelowige duim suig.

Oor die Serafs weet ons net uit Jesaja iets en tog is dit een van die bekendste name vir 'n groep van die engele en is baie sprokies daaromheen geborduur deur geleerdes en gewone gelowiges.

Jesaja sien op die dag van sy roeping die Here as Koning op Sy troon sit. Dit was in die sterfjaar van Koning Ussia wat ook die sterfjaar van die voorspoed van die verbondsvolk was as oordeelsvoltrekking deur die hemelse Koning. Koning Ussia is dood, sy troon staan leeg maar op die hemelse troon sit die Here in oëverblindende mag.

Die Here sit op 'n baie hoë troon en die some , die onderkant van sy kleed vul die tempel. Bo Hom staan serafs. Hierdie hemelse wesens het elkeen ses vlerke gehad : met twee het hy sy gesig bedek , met twee sy voete en met twee het hy gevlieg Jes 6 : 2 Hierdie serafs het as lyfwag van die HERE gestaan , reg om onmiddellik op die bevel van die Koning te reageer. Met twee vlerke het hulle hulle gesigte bedek. Dit is nogal snaaks want mens sou dit verwag by mense wanneer hulle in die nabyheid van God kom. Moses het so sy gesig bedek Eks 3 : 6 en Elia draai sy jas om sy kop om sy gesig toe te maak in die teenwoordigheid van die heerlikheid van die HERE 1 Kon 19 : 13

Ons oë kan dan nie eers onbeskermd die sonlig verdra nie , hoe sou ons dan onbedek die ewige Lig wat nie eers geskep is nie kan verdra ? Jesaja sien nou dat selfs die engele wat nie deur sonde bevlek is nie die heilige lig nie aan hulle oë kan verdra nie. Selfs die so hoog verhewe Serafs moet hulle oë toemaak anders kan hulle dit nie uithou nie. So onvoorstelbaar heilig-heerlik-verhewe is die Hemelkoning. Selfs die magtige Serafs is maar skepsele wat in hulleself nietig en afhanklik is. Die omvlerkte gesigte wys op geweldige eerbied , van besef van nietigheid. So dien hulle hulle ewige Koning.
En met twee vlerke het hy sy voete bedek. Die voete kom nie in beweging nie , wil nie roer nie sonder die wil en bevel van God nie.
En met twee vlerke het hy gevlieg. Dit is nie 'n wegvlieg nie want hulle staan dan. Hulle sweef bokant en rondom die troon. Daar is spanning , 'n gespanne wag op die bevel van die Koning en paraatheid om sondermeer te gehoorsaam. Dit laat my dink aan 'n helikopter of daardie naaldekokers wat bokant die water hang om skielik weg te skiet na watter rigting hy ook al wil. Die serafs staan paraat op aandag , om in hoogste mate van gereedheid oor te gaan tot die daad.
Jesaja het dit nie alleen gesien nie , hy het die Serafs ook gehoor. 'Heilig , heilig , heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol.'
Na die beskrywing van die serafs se uiterlike sou 'n mens die gevoel van verwonderde-verbasing oor hulle kon hê maar dit moet nie . Die nadruk , die kollig moet nie op hulle val nie . Alle lig en aandag moet gevestig wees op die driemaal Heilige , niks en niemand is met Hom vergelykbaar nie. Hy is onmeetlik hoog verhewe bokant alle skepsel , selfs die Serafs. Daarom sing hulle nie oor hulle eie heerlikheid nie - en in ons oë is dit onteenseglik 'n heerlikheid - hulle sing alleen oor die heerlikheid van die HERE wat die hele aarde volmaak. Hierdie diensknegte sing so oorverdowend tot eer van die HERE dat die tempeldeure in hulle kosyne gerammel het en die tempel met rook gevul is.
Dit maak so'n indruk op Jesaja dat hy uitroep :' Dit is klaar met my ! Ek is verlore ! Elke woord oor my lippe is onrein en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien , die HERE van die leërskare.'
Een van die Serafs vlieg dan na Jesaja toe en raak sy lippe aan met 'n gloeiende kool wat hy met 'n tang van die altaar geneem het en sê : nou is jou oortredinge vergewe , jou sonde versoen.'
Nou is Jesaja reg om as instrument deur God gebruik te word. Nou kan hy as bode , as boodskapper die Woord van die HERE uitbasuin. 'n Mooi en 'n baie swaar ampsdiens. Die HERE het hom deur bemiddeling van die Serafs geroep tot sy ampsdiens , hy moes van hulle sien en leer wat dienswerk is. Hoe kan u en ek

nog baie leer van die knegte wat 'n brandende ywer in God se diens het.

By die profeet Esegiël sien ons nog 'n ander taak wat die engele van God ontvang het. Ons het al eerder aandag gegee aan die werk van die Gerubs soos Esegiël ons dit laat sien het en dat die HERE deur hulle uit die tempel en stad weggedra is . Nou mag die profeet sien dat die heerlikheid van die HERE terugkom na 'n nuwe tempel. In daardie heerlike visioen mag hy baie meer sien , hy mag al 'n blik kry op die nuwe bedeling wat sal uitmond in die nuwe hemel en nuwe aarde. In Ou Testamentiese kleure mag hy die heerlikheid van die Kerk van Jesus Christus in die nuwe bedeling sien.
Die profeet mag dit sien as hy op 'n hoë berg staan , aan die suidekant is iets soos 'n stad gebou en dan lees ons : ' daar sien ek toe 'n man wat gelyk het asof hy van brons is . Daar was 'n linnetou en 'n meetstok in sy hand , en hy het by 'n poort gestaan.'40 : 3 Die profeet sien 'n engel in die gedaante van 'n mens wat die gereedskap van 'n argitek of bouer by hom het. Hy sal met daardie meetinstrumente nou van die grootste tot die kleinste al die onderdele van die tempel afmeet en as betroubare gids alles uitlê. Die engel sê vir Esegiël dat die profeet spesifiek daarnatoe gebring is sodat alles vir hom gewys kan word. Die engel is hier die gids wat laat sien en die verklaarder wat alles uitlê . Daarom praat ons hier gewoonlik van 'n tolkengel want hy vertolk wat vir die mens nie duidelik is nie -en hy doen dit in die diens van God. Ons sien dieselfde gebeur by Daniël en Sagaria en verskillende kere in die laaste Bybelboek, die Openbaring van Jesus Christus aan Johannes waar die nadruk dan op die 'laat sien ' val .
Die engel sê vir Esegiël dat hy 'goed moet kyk en luister en .. wat jy gesien het , moet jy dan vir Israel gaan sê'. In daardie visioene gaan dit dus oor die Kerk. Die Kerk moet onderrig word in wat God nou en in die toekoms vir haar sal wees. Sodat die Kerk getroos en met blydskap verder op die pad kan voortgaan ook al is dit op daardie oomblik nog pikdonker. Die HERE laat daardie gesigte sien om die Kerk van toe en van vandag te bemoedig en te troos en daarvoor skakel Hy die engele in.
In die Kersnag en op die Paasoggend en op Hemelvaartsdag gebruik God ook tolkengele wat die groot heilsfeite verklaar. So goed is God vir Sy Kerk dat Hy tolkengele gebruik om ons op hoogte te bring en hou oor Sy groot verlossingswerke.
By die profeet Sagaria word ons weer geleer hoe groot en ryk die verskeidenheid van die diens van die engele is. Die engele doen glad nie almal dieselfde nie.
In die eerste gesig sien Sagaria 'n groep ruiters waarvan die aanvoerder op 'n

bruinperd gery het en agter hom was daar manne op bruin , vos en wit perde. Hy vra nou vir die engel wat dit beteken en die aanvoerder sê :' dit is die ruiters wat deur die HERE uitgestuur is om die aarde te deurkruis.'
Dit was dus 'n verkennersgroep wat nou saamgekom het op een plek om daar nou te rapporteer , verslag te doen. Die verslag word gedoen aan die Seun van God voor Sy vleeswording. Die ruiters is die leërskare van die HERE , die engele wat uitgestuur word as verslaggewers. Sagaria moet en mag nou hoor wat die verslag is en moet dit bekend maak aan die Kerk. Die Kerk moet weet dat die HERE presies weet wat op die aarde aangaan , dat daar absoluut niks is wat aan Sy aandag ontsnap nie. Alles in die volkewêreld en op die kerklike terrein en in die lewe van Sy kinders sien Hy, later sal Christus selfs sê dat geen haar van ons hoof kan val sonder dat die Vader in die hemel dit weet nie.
'n Ander dienswerk van die engele sien ons in die roerende visioen waar die hoëpriester Josua voor die hemelse regbank staan in vuil priesterklere en die Satan daar as aanklaer sy bek rek. Die priesterklere is liederlik vuil , g'n wonder nie weens al die sondes van priester en volk - Satan is dus nie verkeerd met sy aanklag nie - hoe skynheilig dit ook al is. Maar die HERE het Jerusalem uitverkies en dis wat Satan vergeet het. Die engele ontvang nou van die HERE die opdrag om Josua skoon , rein klere, ja feesklere aan te trek - hulle doen dit onmiddellik want dit beteken dat die HERE die ongeregtigheid van Josua en die volk weggeneem het. Watter heerlike diens wat die engele mag verrig. Hulle mag hulpdiens verleen in die werk wat God doen , die herstel van Kerk en volk.
In die laaste visioen sien Sagaria geen perderuiters nie maar vier strydwaens bespan met verskillende kleure sterk perde bruin, swart, wit en skimmels. Die strydwaens vervoer blykbaar die Gees van die HERE . Ons het hier weer engele wat uitgestuur word met as spesiale opdrag om met die vyand af te reken. Die wa met die swart perde word na Babel gestuur om daar die Gees van God tot rus te bring. Blykbaar het die Gees deur die dienswerk van die engele die vyand van God se Kerk reeds orals neergeslaan en nou daardie grootste vyand van God se Kerk , Babel , nou ook platgeslaan is , kom die Gees met sy vernietigingswerk tot rus. Hierby dink ons natuurlik onmiddellik aan die groot val van die groot hoer , Babilon waarvan Op 18 ons vertel . Die ondergang van daardie duiwelse stad is die begin van die ewige verhoging van die Kerk waaroor in Op 19 die Halleluja gejubel word. Engelediens dus ook om vyande absoluut te gronde te rig , uit te wis om so die volkome verlossing van die Kerk te help gebeur.
Heerlik dat God en hoe God ons op die hoogte van sake hou deur Sy gedienstige geeste wat egter ook die daad by die woord voeg tot ons troos en versterking en

altyd tot vermeerdering van die heerlikheid van die HERE.

Hoofstuk 9

<u>DIE ENGELE BY DANIëL</u>.

Dan. 8 ; 15 - 18

Dit is in ons tyd van sogenaamde virtuele werklikheid met rekenaar animasie en strokiesprente en wetenskapfiksie films ens. ens. maar baie moeilik om 'n Bybelse beeld van die engele te kry en te behou. So het elke tyd trouens sy eie probleme om die ewige Woord reg te vertolk of te verstaan in sy bepaalde tyd. Alhoewel dit tog in die algemeen erger klink as wat dit werklik is . As ek preke van ons wêrelddeel se enigste kerkvader , Augustinus , lees dan maak die tydsafstand van 'n 1600 jaar maar bitter min verskil , dieselfde geld die duisende preke van Luther en Calvyn - die mens bly alle eeue deur maar dieselfde ongeag die historiese afstand . Dit is in elk geval opvallend dat ek vandag nog 'n baie groter band en ooreenkoms met iemand soos Augustinus of ander kerkvaders voel as met bv. 'n Moslem of Hindoe wat vandag in ons moderne tyd leef. Dit is dus nie die sogenaamde kultuur wat die oorheersende verskil maak nie maar die geloof wat die kultuur dan stempel.

Wat die engele betref het die christelike kuns , skilder- en beeldhoukuns , ons voorvaders 'n bepaalde beeld van die engele gegee. Tot die 5de eeu is engele 'n gewone menslike gestalte gegee en eers daarna het hulle vlerke gekry nie weens 'n Skrifbeskrywing nie maar in navolging van die grieks-romeinse kuns waar vlerke die algemene kenteken vorm van bo-aardse wesens. Ons het nou weer 'n baie sterkere meganiese en onpersoonlike beeld van die engele - amper meer onwerklik as ons voorouers. Al sit die stralekransies ons as stoergereformeerdes nogal af het dit die groot pluspunt dat die heerlikheid en hoogheid van die engele daardeur beklemtoon word.

In die boek Daniël lees ons van verskillende verskynings van engele en mag dit ons werklik gerus tot diep nadenke stem dat die diep gelowige profeet wat die allerhoogste posisie beklee het wat ooit in alle eeue deur 'n profeet in 'n wêreldryk beklee is, doodsbang en doodsiek geword het by die ontmoeting met 'n engel! - al het die inhoud van die boodskap van daardie engel die ontroering ook aangehelp.

In die vierde hoofstuk lees ons 'n koninklike bevel en uittreksel uit die Babelse staatskoerant. Daarin gee hy, die wêreldheerser eer en lof aan die allerhoogste God. Eerlik vertel hy wat gebeur het. Dat hy grenseloos hoogmoedig geword het en onmenslik wreed. God het hom daarvoor gestraf met 'n soort kranksinnigheid deurdat hy soos 'n dier geword het. Maar hy was al daarvoor gewaarsku want hy het 'n droom gehad van 'n massiewe boom en van 'n wag , 'n heilige wat uit die hemel gekom het en bevel gegee het dat die boom omgekap moet word. Hierdie wag was 'n engel maar die betekenis van die beskrywing 'wag' is hier nie om wag te hou , te bewaak nie maar om waaksaam te wees , die oë oop te hou , sorg dat hy nooit in slaap val nie. Die engele se aandag verslap dus nooit nie , hulle is altyd in die hoogste staat van gereedheid. Oor die betekenis van die droom gaan ons nie nou meer sê nie , dit gaan nou oor die engele se diens. In my werkie 'Gewaarborgde Oorwinning : Hulp by die Bybelstudie van die boek Daniël ' is dit breedvoerig uiteengesit. Die rol van die 'wagters' in hierdie drama vra ons aandag. In vs. 17 lees ons dat die besluit om die oordeel oor die koning te voltrek berus op 'n besluit van die wat wag hou en die heiliges. Ons kan ons dit dan so indink dat die engele 'n raad 'n soort bestuursraad vorm - vgl. Job 1 : 6 ; 1 Kon 22 : 19 ; Ps 89 : 8 - en hulle neem daar besluite onder Voorsitterskap van die HERE, die Allerhoogste wat mag het oor al die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil.vs 17 God het dit dus besluit en die engeleraad stem daarin saam en vaardig een engel af om die besluit mee te deel aan Nebukadnesar.
Dit was 'n geweldige troos vir die Kerk in daardie tyd. Die verdrukker van die Kerk wat met sy anti-kultuur alles afgebreek het , word aan bande gelê - al is dit ook net vir 'n tydjie. Maar uit die laaste Bybelboek weet die Kerk van vandag dat daardie magtige boom eendag vir altyd omgekap sal word en dan is die wagte weer daar , met gespanne aandag en heilige ongeduld hou hulle hulle oë oop om daardie oomblik te sien. Dan verdwyn Babilon met al sy Godonterende 'kultuur' van die aarde. Op 18. Ons as God se seuns en dogters moet maar weer die gelykenis lees van die tien meisies , waarvan 5 verstandig was . Die slaap waarmee die tydsgees ons wil bedwelm moet ons nie oorval nie . Die onverstandiges , die dwases wat aan die slaap gevang word en met Babel te gronde gaan , die onverstandige slaapkouse wat die teenoorgestelde van die op-en- wakker engele is.

In die boek Daniël hoor ons ook die eerste keer die naam van 'n engel. Die profeet het weer 'n visioen van die HERE ontvang , 'n skrikwekkende gesig wat hom verstom en waarvan hy die betekenis met die beste wil van die wêreld nie kan verstaan nie. Dan hoor hy twee engele met mekaar praat , hy kan hulle dus verstaan

. Die engel Gabriël verklaar die beangste profeet die visioen. Die naam Gabriël beteken 'held van God '. Omdat hy by die naam genoem word kan ons aannneem dat hy een van die belangrikste onder die engele is . In die Nuwe Testament word oor aartsengele gepraat (1 Tess 4 : 16 en Jud 9) wat wel 'n aanwysing is van hulle belangrike plek onder die engele en hulle uitsonderlike mag. Hierdie engel verklaar vir Daniël dus die betekenis van die openbaring en in hoofstuk 9 doen hy dieselfde werk.

Daniël is dan nog altyd in 'n uiters hoë posisie aan die hof van die koning maar die koning is nou Darius. Die profeet het die profesië van Jeremia gelees en daarin gesien dat hy geprofeteer het dat die puinhope van Jerusalem 70 jaar lank verlate sou lê. Met die val van die Babelse ryk en die koms van 'n nuwe ryk het die ou gryse profeet uit die Woord van die HERE duidelikheid oor die toekoms verlang. Hy het nie alleen die Woord gelees en daaroor nagedink nie maar ook gevas en hom met gebed en smekinge aan die HERE gewy. Sy ontroerende gebed is een van sondebelydenis waarin hy sy volk se sondes bely en hom beroep op God se verbondstrou. Hy smeek die HERE dat die swaardrukkende oordeel genadig weggekeer sal word.

Die profeet is nog nie eers klaar met sy gebed nie of die engel Gabriël is weer by hom om die Woord van die HERE te verklaar. Hy maak die Skrif oop. Hy verklaar vir die profeet dat die HERE nie alleen sy gebed ge-hoor het nie en dat Hy die gebed sal ver-hoor nie maar ook hoe Hy dit sal verhoor.

Tussen hoofstukke 8 en 9 van Daniël is daar baie ooreenkoms maar die groot verskil is dat in hoofstuk 8 so'n ontsettende openbaring van gruwelike ellende en verdrukking gegee word dat die profeet daar gedaan en doodsiek van geword het , die engel was verklaarder van oordeelsvoltrekking. In die volgende hoofstuk en met sy volgende verskyning tree Gabriël nou ook as evangelis , brenger van goeie tyding op. Hy verklaar die gesig en die profesie maar verkondig tegelyk dat daar verlossing sal kom al is dit dan ook langs die pad van geweldige swaarkry en verdrukking. Eeue later mag Gabriël weer as evangelis na die sugtende aarde kom om in die 'volheid van die tyd' vir Sagaria die blye boodskap te bring van die geboorte van sy seun Johannes die Doper. Weer evangelis maar ook uitlegger van die betekenis om die voorloper van die Christus te wees , die een wat die pad moet regmaak vir die koms van die Saligmaker. Gabriël mag ook na Maria gaan om haar die heilsgeheim van die geboorte van haar en ons Saligmaker mee te deel en die betekenis daarvan te verklaar. Die engel wat 'voor God staan' Luk 1 : 19 was deur God gekies om elke keer as hemelse evangelis op te tree. En tog is hierdie heerlike engel ook niks meer as 'n kneg van God nie . As dienskneg staan hy voor God om

sy bevele in ontvangs te neem . Hy beklee 'n absolute ereplek maar styg nie bokant die dienskneg- wees uit nie. Hy wil dit ook nie anders nie as getroue engel.

Hoofstuk 10

DIE ENGEL MIGAEL.

Dan. 10 : 4 - 21

Die tweede en laaste engel wie se naam ons in die Bybel ontvang is Migael. In Daniël 10 : 13 word hy ons geteken as een van die vernaamste engelevorste en Judas : 9 noem hom 'n aartsengel. Hierdie engel is allesbehalwe 'n vredeliewende pienk gevlerkte dingetjie - hy is een van die allervernaamste vorste en wel die hoofbevelhebber van die hemelse strydmagte. Hy is militant , 'n vegter van so groot statuur dat hy met niemand minder as die duiwelself 'n fel woordestryd het oor die liggaam van Moses. In Openbaring 12 sien ons dat hy met sy engelestryders die groot rooi draak, wat die satan is, belet om in die hemel te kom en hom inteendeel op die aarde neersmyt. Satan kan daarna nooit meer in die hemel kom om God se kinders aan te kla nie.

Migael kom as strydengel na Daniël wat vir 21 dae al gevas het. Die ou profeet is baie hartseer oor die treurige berigte wat hom uit die heilige land bereik het. Die kern van die Kerkvolk het teruggegaan na die tempelstad toe maar omdat die bevolking van die land Israeliete was wat agtergebly het en toe met die heidene verbaster het , was hulle godsdienstig onrein. Hulle kon daarom nie toegelaat word om met die herbou van die tempel te help nie - maar die groot woede van die onreines was dat die bouers van die tempel godsdienstige en staatkundige regte ontvang het , dit kry hulle nou nie. Gevolglik al die vyandskap , agterbaksheid , beskinder by die koning en geweld . Daniël het gehoor dat dit die geestelike krag van die berooide ballinge ook aangetas het, hulle was op 'n geestelike , ekonomiese en sielkundige laagtepunt en het al weer tou op gegooi . Die tempelherbou is maar gelos.

Dit was in die dae van die Persiese Ryk se uitspattige nuwejaarsfeeste met sy berugte nagtelike drink- en eetpartye. Maar die profeet gebruik die vakansiedae om te vas. Hy , die vergrysde profeet wat minstens 80 jaar oud was , gryp die magtigste van alle wapens : die gebed. Daarby kom die verootmoediging , die vas en die rou. Waar was Israel se geloofskrag en geloofsmoed , hulle hoop en vertroue

op die HERE tog ? Wat sou daar van so'n volk in so'n omgewing tog ooit tereg kom ?

Omdat die Pasga ook van 14 tot 21 Maart gevier moes word is dit seker nie vergesog om te dink dat dit die profeet tot sy routydperk laat besluit het nie . Juis met Paasfees word die heerlike verlossing van die volk Israel deur God se sterk Hand gevier en herdink. In die ellendige omstandighede van die teruggekeerde ballinge was die HERE se verlossing weer dringend nodig. In hierdie Paastyd waarin die tempelherbou gestaak is , bid die profeet dat die HERE weer aan die verbond sal dink en opnuut sy guns sal laat sien.

Op die 24ste Maart is Daniël by die drif van die rivier Tigris so'n 100 km van Babel en nog 'n week se reis van die koninklike somerpaleis in Ekbatana af. Plotseling sien hy daar 'n engel staan wat 'n priesterkleed dra met 'n gordel wat versier was met die fynste goud. Die liggaam van die engel was soos die edelsteen chrisoliet wat 'n buitengewone skoonheid en kleur het. Sy gesig was soos die geflikker van weerlig , sy oë soos fakkels van vuur en sy voete soos blinkgeskuurde koper - wat 'n asemberowende heiligheid! 'n Oomblik later hoor Daniël sy stem wat geklink het soos die gedruis van 'n skare mense. In die oorspronklike Hebreeus word dit in so'n styl geskryf dat beklemtoon word dat ons menslike taal veels te beperk is om die heerlike en verblindende werklikheid van die verskyning van die engel presies te beskryf.

Alleen Daniël het hierdie hemelse boodskapper gesien. Sy metgeselle het wel agtergekom dat iets besonders gebeur en het in bygelowige angs die hasepad gekies. God het die hele omgewing laat skoonvee om die profeet te isoleer sodat hy ongesteurd die Goddelike openbaring kon ontvang.

Die uitwerking van hierdie visioen op Daniël was geweldig. Sy liggaamskragte en gesonde velkleur het weggevloei. Sy vel het verbleek en hy het slap geword. Dit was so erg dat hy dit nog 'n keer moet beklemtoon : en ek het geen krag oorgehou nie. Dit was nou nog erger as by die vorige kere wat hy engele gesien het. Waar hy nou van aangesig tot aangesig staan teenoor iemand wat van God self kom , is die uitwerking nog sterker. In drome en gesigte word blykbaar iets van die verblindende lig wat van bo kom, gedemp. Regstreekse kontak met God is vir die mens op aarde nog baie moeiliker om te verduur. Hoe diep het die mens tog in sonde geval ! Die mens wat kind van God is , kan dit selfs liggaamlik nie eers verwerk om een van die diensknegte van God te ontmoet nie.

Nou sien ons in die Heilige Skrif wat die gebed van 'n regverdige kan uitrig. Hemel en hel word daardeur in beroering gebring ! Aan Daniël en ons word geopenbaar dat 'n gees uit die hel die duiwelse werk in Juda en die hof van die koning

ondersteun. Maar dit bly nie daarby nie, uit die hemel word ook een van die magtigste engele gestuur om die profeet die antwoord op sy gebed te bring en om die invloed van die helse magte te breek. Tussen hierdie geweldige magte in God se skepping ontbrand 'n titaniese stryd om die beheer van Juda. 'n Luggeveg groter en feller as ooit in die Tweede Wêreldoorlog denkbaar was.
Die geheim van wat hemel en aarde beweeg het lê juis in die naam Juda. Want uit Juda moes die Christus gebore word. In Juda moes die diens van die HERE herstel en 'n tempel gebou word wat heerliker sou wees as die vorige. Die tempel waar die Seun van God sou inkom en waarin Hy die woorde van die waaragtige lewe sou verkondig. Die Satan het die gebeurtenisse in Juda van lewensbelang geag , want daar sou 'n nuwe geskiedenis begin waardeur die pad na Betlehem oopgemaak sou word . Ook vandag is daar vir die hel niks interessanter nie as die lewe van en in die Kerk !
Daniël het die verskyning van die engel bewustelik beleef maar dit verander toe die engel begin praat het. Weer beklemtoon die ou profeet die ontsagwekkende deur sommer twee keer te praat oor die geluid van sy woorde. Dit was net te veel vir menslike vlees en die profeet 'vir wie God liefhet' het bewusteloos op die grond geval. Dit verstom 'n mens dat ons so swak en nietig is in die teenwoordigheid van die heerlikheid van God wat tog slegs in'n beperkte mate op die dienskneg-engel afgestraal word. Hierdeur gee die Heilige Gees ons iets te kenne van die onvoorstelbaar groot heerlikheid en wonderlike skoonheid van die heerlikheid van ons God wat ons op Sy tyd mag sien. Die engel het Daniël toe met die hand aangeraak en daardeur herwin hy sy bewussyn. Met 'n gesukkel kom hy 'n bietjie orent . Terwyl hy met sy hande op die grond druk , kom hy op sy knieë maar ondertussen waggel hy nog heen en weer - stadig kom die bewussyn weer terug.
Wat 'n verslae en beklaenswaardige figuur moes die engel gesien het in hierdie getroue gelowige ? Hoeveel te meer sou <u>ons</u> nie nog 'n swakker figuur geslaan het nie ? Ook hier sien ons weer die unieke betroubaarheid van die Heilige Skrif , die skrywer verberg nie die naakte waarheid . Hy doen homself nie beter voor , hy maak nie asof hy - die tweede magtigste in die wêreld - 'n held is terwyl hy dit nie is nie. Ook hierin verskil die Bybel hemelsbreed van alle sogenaamde 'heilige boeke ' van die wêreld.
Die engel sê vir Daniël dat hy gekom het om die antwoord op sy gebed te gee. Op die eerste dag van sy gebeds- en routyd is dit al in die hemel gehoor en het die engel al opdrag gekry om die antwoord na die aarde te bring . Wat beteken dit vir ons ? God hoor ons onmiddellik as ons Hom gelowig in die gebed aanroep. Daar is niks van ons sugte en vrae en gejubel wat Hy nie hoor nie. Maar die antwoord , die

merkbare gebedsverhoring het vir 21 dae lank uitgebly. Vir drie volle weke lank is hierdie magtige engel verhinder om sy werk te doen want die ' vors van die koninkryk van die Perse' het met hom geveg. Dit was dus 'n magtige bose engel uit die atmosfeer van die hel. Die geveg tussen die gees uit die hel en die boodskapper van God was so geweldig dat hulp verleen moes word deur een van die vernaamste engelvorste, Migael , sodat God se engel kon oorwin sodat die bose gees nie die konings van Persië kon opsweep teen die Jode nie. Eers daarna kon die engel , wat soos alle skepsele net op een plek tegelyk kan wees , verder gaan. Die engel sê ook wat die doel van sy koms is , naamlik " om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val'. Dit slaan dan op die einde van die Ou Testamentiese geskiedenis .

Verstom en vol eerbiedige ontsag het Daniël sy kop laat sak. Nie uit liggaamlike swakte nie maar uit eerbiedige eerbetoon. Hoe geweldig is dit vir die sondige mens om 'n hemelse gees te ontmoet. En nou veral 'n hemelse strydengel.

Dit laat ons baie klein en onwaardig voel dat die kind van God so dikwels deur 'n kneg van God versterk en bemoedig moet word om in staat te wees om te bly leef slegs by die sien van 'n hemelse wese. Tog is die kind baie belangriker as die kneg en juis in God se oë. Die kind kan regstreeks na die genadetroon gaan wat soveel heerliker is as om 'n wag by die troon te wees. Die kind mag met God praat oor al die gebeure in sy lewe , oor al die gebeure in God se wêreld , mag al sy begeertes aan Hom vertel en al sy nood voor Hom neerlê. Dit is baie ryker as om te moet wag op Sy bevele. Die lofsang van die dankbare verlostes is baie mooier as die lofsang van die engelemenigtes. Die stamelende sang uit die diepte van ellende is baie mooier as die lofsang van die engelemenigtes , is skoner as die lof uit die hoë hemel.

Die engel openbaar die profeet en ons dat daar voortdurende stryd in die geestewêreld is maar dat die steun aan die Godsvolk , aan die Kerk voortgesit word.

Al was die stryd in die geestewêreld nog in volle swang gaan die engel vir Daniël bekendmaak wat ' in die boek van die waarheid ' staan. Dit is die boek van God se ewige raadsbesluit. God het van ewigheid af 'n vaste verlossings- en wêreldplan. Wat ook al in die geskiedenis gebeur het , vandag gebeur en nog sal gebeur, het en sal nooit in die minste afwyk van God se besluit nie. Daarom kan die engel die toekoms bekend maak as iets wat onwankelbaar vasstaan. Die verwerkliking van die raad van God sluit die stryd van die engele nie uit nie en ons stryd ook nie. Daar is by die engele geen sprake van 'n vae en leë berusting of fatalisme nie. Die engele kan alleen veg in en deur die krag van God , vir ons geld dieselfde. Dit is so

deur God bepaal en beveel. Engele sal na die openbaring aan Daniël veg vir Israel maar nogtans sal dit 'n tyd wees wat rooi is van martelaarsbloed. Dit laat ons vra : waarom het God nie meer engele na die slagveld in die hemelruim gestuur nie ? God is tog as die Almagtige sterk genoeg om die Satan met sy magte te verslaan ?
Die Boek van die Waarheid waaruit die engel 'n deel aan Daniël bekendmaak , bevat die lydensweg van Israel. Netsoos die Kerk van die Nuwe Testament , moes die Kerk van die Ou Testament deur lyde geheilig word. Die volgeling is nooit meer as die Meester nie. Ja , die voet word wel op die kop van die slang gesit , maar nie sonder die venynige slangbyt in die hakskeen nie Gen 3 : 15 .
Die strydengele het dan ook nie die opdrag ontvang om die volkome oorwinning te behaal nie. Dit is net en alleen die reg van Hom wat Here is van mense en engele . Die twee hemelse engele se werk was "slegs" om deur hulle invloed te sorg dat die lyde nie so ondraaglik erg sou word dat Israel totaal sou ondergaan deur die sataniese invloede nie. Dat die lyde van Israel sowel liggaamlik as geestelik wel amper ondraaglik geword het deur die wrewelende haat en dierlike wreedheid van 'n Haman , 'n Antiochus , deur kultuurverwording , innerlike verskeurdheid en buitelandse verdrukkende oorheersing , weet ons wel duidelik genoeg uit die Skrifgegewens.
In hierdie somber en benouende tydvak ontbreek die troos nie . Wanneer die nood op sy hoogste is sal die engelevors Migael intree. Hy word aangedui as die vors van die verbondsvolk. Daar is dus 'n besondere band tussen hom en Israel. In die verlede het ek hom as Israel se bewaarengel genoem - dit kan egter 'n gevaarlike uitspraak wees. Ons kan nie op grond van een feit in die Skrif sê dat elke volk sy eie bewaarengel het nie. Dit gaan hier spesifiek oor Israel se bestaan as volk van God , dus oor die voortbestaan van die Kerk. Dit gaan juis nie oor die voortbestaan van Israel as een volk onder ander volke nie. Migael word ingeskakel sodat die Kerk beskerm word , sodat die 'volheid van die tyd ' kan kom . Sodat Christus wat hoër is as Migael kan kom om die hoof van alle 'vorste' naamlik die duiwel te verslaan.
Migael se naam beteken :' wie is soos God ?' Dit is 'n uitdaging en tegelyk 'n belydenis. Teenoor die magtiges van die wêreld , teenoor die geestelike magte wat in die koninkryk van die Perse en later die Grieke die lewe beheers staan Migael - wie is soos God ?
Deur die eeue het Israel , daardie vraag op die volke van die wêreld afgevuur en was dit ook elke keer 'n vraag aan Israel self om hulle van afgodery terug te roep na die diens van die HERE.
In die vraag 'wie is soos God ? ' lê eintlik al die hele geheim van die uitverkiesing

van Israel opgesluit. Die God van Israel is die God wat teen al die gode van die wêreld en so teen al die volke wat dienaars van daardie magtelose afgode is , ingaan.

Ons moet as Nuwe Testamentiese Kerk die lyne ook uit die Daniëlboek deurtrek na die jongste dag wanneer die aartsengel met skoonklinkende basuingeklank die koms sal aankondig van Hom wat meer is as Migael en wat kom in die dae van die seun van die verderf. Die groot oorwinning word gegee aan die Seun van God , die Leeu van Juda. Weens die oorwinning tydens die massiewe luggeveg oor Juda deur Migael en die engel wat aan Daniël verskyn het by die drif in die Tigris , kon die Leeu van Juda in die vlees verskyn. Eendag sal alle stryd en lyde beëindig word . Paulus sê :"God wat vrede gee, sal die Satan spoedig onder julle voete verpletter" Rom 16 : 20 Hierdie God wat vrede gee se vredesryk sal ewig bly voortbestaan.
'n Rukkie nog , en kyk dan weer -
die goddelose 's daar nie meer !
Sagmoediges sal alles erf
en vrede sonder eind' verwerf. Ps 37 : 6

Hoofstuk 11

ENGELE IN DIE EVANGELIES.

Luk 2 : 8 - 15

Die beeld wat die mense in die Westerse wêreld van engele het is veral gevorm deur die uitbeelding van die engele en hulle werk in die Kersnag. Waarskynlik is ook met geen ander Skrifgegewe so ver van die eenvoud van die Heilige Skrif afgewyk as juis met die afbeelding en uitbeelding van die engele in die kersnag nie. Dwarsdeur die Westerse of sogenaamde christelike beskawing word van die laerskole af kersspele opgevoer in die kerstyd. In al die roomse lande word in kerke en skole afbeeldings van die gebeure in die velde van Betlehem - Efrata en in die stal van die geboorte gewys met die engele in 'n prominente rol daarby. In alle toonaarde word die lied van die engele daar in die veld gesing en van die bekendste en mooiste sang het daaruit ontstaan.

Nou is dit logies dat in 'n wêreld wat ondenkbaar en onwerkbaar is sonder handel die kersgebeure ongelooflike handelswaarde het. Per slot van rekening is dit selfs vir die gode van die advertensiewese bitter moeilik om die gebeure van die grootste christelike fees , die Paasfees , om te tower na 'n positiewe soetlik sentimentele koopervaring . 'n Geboorte met die romantiek van engele in maanligomfloerste glooiende velde met wit bondeltjies lekkerruik skapies en 'n krip in 'n warmgekleurde stal met 'n dromerige donkie wat 'aanbiddend' na die Kindjie Jesus staar doen iets aan 'n mens wat vrede soek en geld het om te spandeer. Vergelyk dit nou met die korrupte regspraak teen 'n Jesus wat daarna bloedig die dood ingejaag word en dan wel , soos die christene sê weer lewend geword het en ook wel met engele verbind word .... maar dit skep nie die atmosfeer vir positiewe verkoopsmoontlikhede nie. Gevolglik hoor ons in winkelsentrums tot walgenstoe die sogenaamde kersmusiek in allerlei toonaarde vir weke en weke lank. In die Paastyd is daar natuurlik geen sprake van dat enige soort musiek gehoor word wat aan daardie feestyd sou laat dink nie.

Hoe ons ons ook al daarteen verset en teen staal , dit is onmoontlik dat ons eie gedagtes nie besmet is deur afbeeldings wat ons van sogenaamde engele sien nie ,

hulle verskyning en gesiggies is ook lankal in ons gees ingebrand - tog het niemand van daardie kunstenaars en tekenaars en beelhouers al ooit 'n engel gesien nie en is daar dus geen outentiekheid aan die engelefigure nie. Hoe beeld enige persoon iets af waarvan hy of sy hoogstens iets van 'n beeld kan vorm uit wat in die Heilige Skrif staan ?

Wat vir die gelowige , wat vir ons , van die grootste belang is, is nie hoe die verskillende engele uiterlik lyk nie maar wat hulle werk is en hoe hulle daardie werk doen. Netsoos daar 'n groot verskil is in die uiterlik van die verskillende engele is daar netso'n groot verskil in hulle dienswerk. Dwarsdeur die Skrif word ons al hoe verder gelei in die kennis van daardie heerlike hemelwesens. As die Ou Testament 'n blomknop is dan bars dit oop in die Nuwe Testament en sien ons baie dinge duideliker en mooier. Met die openbaring oor die engele gaan dit ook so. Waar hulle nog in die skaduwee was kom hulle nou al hoe meer in die lig en verlig hulle vir ons beloftes wat rondom die koms van Jesus Christus in die vlees vervul word. Hierdie tyd wat op grond van die Skrif as die 'volheid van die tyd ' aangedui word is 'n tyd van groot aktiwiteit vir die engele.

In die Ou Testamentiese tyd was daar engele wat al reeds opgetree het as boodskappers van God , hulle het die Woord van God oorgedra en dit verklaar , toegelig. Met die aankondiging van die geboorte van Johannes die Doper is dit ook so. Dit is die eerste keer dat 'n engel in die tempel verskyn. Blykbaar was Gabriël daar al toe Sagaria ingekom het en die opmerking dat hy aan die regterkant van die altaar was beklemtoon die werklikheid daarvan. Luk 1

Nou in die Nuwe Testament se begintyd is die engele nog verklaarder-boodskappers en doen hulle vyf aankondigings maar nou val die klem nie alleen op die beloftes nie maar veral op die vervulling van daardie beloftes. Hulle is die brengers van die goeie boodskap , hulle bring en verklaar daardie boodskap. Hulle is evangeliste . Die engel Gabriël sê vir die priester Sagaria oor die geboorte van sy seun Johannes die Doper : ' hy sal vir jou 'n bron van blydskap en vreugde wees..' Luk 1 : 14 en Maria mag hoor :' Ek groet jou , begenadigde ! Die Here is met jou !' Luk 1 : 28. In die velde van Efrata hoor die skaapwagters uit die mond van die engel : kyk ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap ' - letterlik staan daar ' ek evangeliseer julle groot blydskap'.

Een engel verskyn aan die herders . Laat ons maar weer onthou dat hierdie skaapwagters 'n bepaalde klas mense was. Eintlik nie 'n klas mense nie want hulle was so laag geag dat hulle nie in 'n klas sou ingedeel word nie. As die 'volk' , die gewone mense in die oë van skrifgeleerdes en al die soorte 'elite' al veragtelik was , dan was daar geen woord om die minagting vir die onbe-skaafde en ongepoetste

skaapwagters te beskryf nie. Juis daarom moet ons nie dink aan die herders , die skaapwagters , as derglike figure soos ons hulle in die skool se kersopvoerings onthou nie. Ja , hulle was harde en ruwe mense , goed u hou natuurlik meer daarvan om hulle as 'ongeslypte diamante ' te beskryf. Watter onsin ! Hoekom moet ons altyd toor met woorde - daardeur verdonker ons ons begrip van die Heilige Skrif ook. Want as ons die skaapwagters sien in daardie romantiese lig van pragtige karakterstudies in hulle eerbiedige knielhouding voor die engel en later voor die krip van die Seun van God met daardie meesterlike tekening van lig en donker en die herdersstaf wat so'n kunstige mooi ronde buiging bo het - dan gee dit ons onmiddellik ook 'n wanbeeld van die engele. Hoekom ? Omdat in ons gedagtes oor die skaapwagters daar op die agtergrond iets is van saggeaarde bleek ietwat deurmekaar diereregte aktiviste wat met hulle sagte en bietjie vuil handjies die oulike diertjies versorg en vertroetel. DIT sou WEL die herders se angs by die verskyning van 'n engel kan verklaar . Ag , nou , ja , mens kan dit van derglike halfsagtes wel verstaan en miskien selfs wel verwag. Hulle is maar nie veel gewoond nie.

Maar daardie redenasie val plat as ons besef wat en hoe die skaapwagters werklik was. Ruwe manne wat maande lank dag en nag in die veld gebly het en mens kon dit sien aan hulle uiterlik om van die reuk nie eers te praat nie . Hulle moes werk met skape en bokke wat nie alleen dikwels halsstarrig was nie maar ook nooit gewas is nie - asof dit met die skaapwagters anders was - om nie eers te praat van dip nie , daar was geen chemiese gifstowwe teen bosluise en al die siektes en peste wat vandag so graag en al te maklik deur oordosering bestry word. Daar was 'n oormaat van wilde diere wat jaggemaak het op die skape maar daar was geen vuurwapens nie en om 'n goeie mes met 'n sterk en skerp lem te besit was vir 'n skaapwagter nie eers denkbaar nie want dit was onbetaalbaar duur - as die Romeinse besetters ooit sou toelaat dat hy dit kon besit. Met die - in ons oë - aller primitiefste dinge wat as wapens kon dien moes die skaapwagter sy kudde teen wilde diere soos leeus en bere beskerm en dan ook nog teen die talle rondloper mense wat in 'n tyd van volksverskuiwings deur alle eeue heen trane vir brood eet en dan was daar maar altyd die akute gevaar van rowers , diewe wat steel vir profyt en g'n duit vir 'n lewe omgee nie. Teen genadelose wilde mens en dier moes die skaapwagter veral op eie krag en ratsheid staatmaak om darem 'n oorlewingskans te hê. Hierdie brute ongekunstelde onverfynde harde oorlewers van die barre natuur en van die genadelose ontaarde onder-wêreld misdadigers , hierdie in ons oë woestelinge met amper iets soos 'n 'hell's angels' etiket - hierdie mans is doodsbang by die verskyning van die een engel in die velde buite Betlehem. Besef u wat dit

beteken vir ons idee oor die engele ? Ek het dit so uitgespel omdat ons moet loskom van die weeklik-vrouagtige beeld van die engele. Daar is geen plek vir emansipasie of feminisme in die tekening van die engele nie. Hulle is helde van God met 'n hemelse heerlikheid omstraal wat ons stoutste verwagtings oortref maar ons ook ons kleinheid en sondige swakheid laat aanvoel. In die Ou Testament was die engele as draers en bewakers van die heerlikheid van die HERE aan ons geopenbaar. Die mens moes baie eerbiedig op 'n gesonde afstand bly - o wee as hy te naby kom by die verskroeiende heerlikheid van die hemelse gesante. Maar nou word die heerlikheid van die HERE aan die mense gebring en gewys. Die skaapwagters is daar midde in. Natuurlik is hulle nog bang - dis dan alles so ongekend nuut . Hulle moet nog hoor dat die heerlikheid van God in Christus na die aarde gekom het. Daarom die bevel : Hou op om bang te wees..' In die verlede was dit alleen aan die engele toegestaan om in die heerlikheid van God te vertoef , nou kom ook die mense in daardie heerlike lig. Die mens se bangheid by die verskyning van 'n engel wys ook op die afstand en die vreemdheid wat die mens aanvoel teenoor die hemelse en veral teenoor God. Daarteenoor het die versoeningswerk van Christus die bordjie met 'geen toegang nie' weggeneem en ons daardie ryk blydskap en gemeenskap met God gegee.

Opvallend is ook dat die engele met die Blye Boodskap nie gaan na hulle wat al geroep is nie , wat in die diens van die Koninkryk van die hemele gewerk het nie. Hulle gaan na mense wat buitekant was , buitestaanders wat as eerstes getuies word van die allergrootste wêreldwonder.

Dieselfde geld die verskyning van die engel op die Paasoggend , die engel wat aan die vroue by die graf sê : hou op om bang te wees ! Daardie engel wie se voorkoms so blink soos weerlig was met klere so wit soos sneeu . Die engel vir wie die wagte as beroepssoldate gebewe en soos dooies geword het. Die engel laat die vrouens nader kom : kom nader en kyk .. Die engel-evangelis kom in 'n voorkoms wat pas by die oggend van die oorwinning oor graf en dood , oor Satan en al sy donker-helse magte. Hierdie Paasheerlikheid is ook vir alle mense wat glo soos Paulus vir die Kerk van Korinte sê : Ons almal weerspieël die heerlikheid van die HERE, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al hoe meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe . Dit doen die Here wat die Gees is.' 2 Kor 3 : 18

Daarom verskyn die engele op Hemelvaartsdag ook in wit klere Hand 1 : 10 en staan daar op die hemelvaartsberg langs die dissipels. Hulle word in die heerlikheid geplaas. Tog bly die belangrikste wat die engele sê wanneer God die heilsfeite uitwerk . Die engele kom nie maar net om die mense in heerlikheid te laat

staan nie maar spesifiek om met hulle te praat : hulle bring in verkondiging die blye boodskap , die evangeliewoord. Hulle gee toe-lig-ting , hulle gooi lig op die betekenis van die groot verlossingswerk wat die HERE bewerk. Die herders mag uit die mond van die engel hoor : kyk , ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is . Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore , Christus die HERE !' Watter heerlike lig laat die engel val op die Kindjie in die krip . Onmiddellik as hy dit klaar gesê het is daar 'saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys' . Die herders sien 'n menigte , 'n massa strydengele wat van vrede sing. Ja , die evangeliste is ook die strydbare helde van God wat uit die hemel neerdaal in hulle ontsagwekkende krag. Hulle sing oor vrede want hulle weet dat daar 'n geweldige fel en venynige oorlogsstryd gevoer sal moet word deur die Leeu uit Juda wat nou gebore is , hulle staan aan Sy kant . Hulle sing oor vrede na die stryd en weet dus dat die stryd gewen sal word.

Hierdie leërskare engele , hierdie onoorsienbaar baie hemelse helde hoor en sien ons nie weer op die aarde optree nie. By die opstanding van ons Saligmaker is daar maar net twee engele en as die Here Jesus na die hemel opgevaar het is daar weer net twee engele. Van die ontelbaar groot menigte engele verminder dit na slegs twee. Hier is daardie vermindering juis 'n groot voorwaartse stap vir die Kerk.

Tot die Kersnag toe was die Kerk in slaapgesus. Deur baie engele moes die HERE baie geraas maak om die aandag van die mense te vestig op die groot werk wat Hy gedoen het. Op Paasdag en Hemelvaartsdag is daar net twee nodig - al is dit nog beskamend dat daar knegte van God moes kom om die kinders van God daar op te wys dat hulle kon geweet het dat Christus sou opstaan want Hy het dit dan Self vir hulle gesê. Tog is daar baie vordering want nou kom die engele ook nie na die mense toe nie maar gaan die mense na die engele toe.

Op Pinksterdag verander dit alles weer en nogal dramaties juis omdat daar niks gebeur nie. Op Pinksterdag kan die engele rustig tuis in die hemel bly. Dan is die Heilige Gees op Petrus en die gelowiges uitgestort . Dan kan hulle self praat oor die groot feit van daardie heerlike dag sonder die tussenkoms en toeligting van die engele. Nou die seuns praat , kan die diensknegte stilbly. Christus het die spesiale evangelistediens van die engele oorbodig gemaak.Dis 'n heerlike vrug van Christus se werk. Dit is nou nie meer die engele wat die mense moet onderrig nie maar omgekeer is dit die mense wat die engele leer oor God se groot verlossingswerk. Ef 3 : 10

Hoofstuk 12

ENGELE AS KNEGTE VAN CHRISTUS.

Matt 4 : 1 - 11

Daar is in die alledaagse taalgebruik heelwat spreekwoorde oor en verwysings na nuuskierigheid. 'n Probleem waarmee die mens van die paradys af mee gesukkel het. Juis in die geloofsbelewing is nuuskierigheid altyd 'n groot faktor. Ons kry nou eenmaal in die Skrif geen antwoord op al ons vrae nie , nie eers op al ons lewensvrae nie. Dit is ook geen wonder nie want die Bybel is nie vir ons gegee as 'n soort resepteboek met 'n resep vir elke omstandigheid nie. Gelukkig nie , want dan sou die lewe maar bra eentonig wees en ons meer op robotte as mense lyk , mense geskape na die beeld van God met 'n eie verantwoordelikheid en roeping en lewe. So baie vertroue het God nog in Sy skepsel dat Hy ons verantwoordelikheid gee.

Uit nuuskierigheid oor die kinderdae van ons Here Jesus Christus het daar in die vroeë Kerk mense opgestaan wat die gebreke in die Bybel wou regmaak , ontbrekende inligting wou aanvul veral rondom die kinderdae van Jesus. Dit is saamgebundel in wat ons die Nuwe Testamentiese Apokriewe noem maar deur geen kerk as deel van die Heilige Skrif aanvaar word nie. Daarin lees ons van engele wat die Kindjie Jesus op allerlei maniere sou gehelp het en maar baie swaar geleef het onder hulle grillerige basie. Enige kind kan met 'n stok aanvoel dat die stories oor die Kindjie Jesus en Sy tienerjare uit 'n ongewaste duim gesuig is.

Daar word in elk geval tog eenkeer oor engele tydens die jeugjare van ons Saligmaker geskryf. Hy was nog maar 'n Baba en het nie geweet wat gebeur het nie maar is toe deur 'n engel gedien wat vir sy aardse vader Josef in 'n droom gewaarsku het dat Herodes die Kindjie wou doodmaak en dat hulle na Egipte moes vlug. Oor daardie vlug en die belewenisse op die vlugpad is ook sappige stories in die Apokriewe opgedis. Dit was weer 'n engel wat Josef in 'n droom opdrag gegee het om terug te gaan na die land Israel. Dit was dus engele wat gesorg het dat Satan nie deur Herodes sy doel kon bereik nie.

Dan is daar jarelank 'n dawerende stilte tot die versoeking in die woestyn en daarna

weer tot in Getsemane. Die engele was daar wel maar ..die Woord het vlees geword en onder ons gewoon daarom het die engele op die agtergrond gaan staan as passiewe getuies. God se lig het gestraal en hulle kerslig het daardeur eintlik al hoe meer verbleik soos die sterre verbleik as die dag aanbreek.
Amper dertig jaar later lees ons weer van engele wat die Here Jesus kom dien. Christus was vir veertig dae en nagte deur die duiwel in die woestyn versoek. Maar die duiwel moes die aftog blaas . Die Heilige Gees het Christus in die woestyn in gelei en Hom daar gedurig bly lei . In die woestyn daardie simbool van die dood en die hel. Na die ongelooflikste versoekings het die engele toe gekom om Hom te dien. Mat 4 : 11 Ons kan ons indink hoe stom van skok en verbasing die hemelse diensknegte moes gewees het, hulle wat van hulle skepping af die heerlike Seun van God in die allesomvattende heerlikheid gedien het en Hom nou moes sien . Om die Here Jesus te kan beskryf geld seker die woorde van die evangelis van die Ou Testament die profeet Jesaja : ' Hy was so misvormd dat Hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie , nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie. ... Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na Hom sou kyk nie , nie die voorkoms dat ons van Hom sou hou nie. Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n Man van lyding wat pyn geken het , iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Jes 53 maar ... kan ons nou al hierdie woorde van Jesaja op die Here Jesus van toepassing maak ? Slaan dit nie eers op die laaste dae rondom die kruisiging nie ? Ons moet maar nugter na ons Saligmaker in die afskuwelike woestyn kyk. Wat is 'n woestyn anders as 'n barre verlatenheid waar die son soos 'n vuur in die dag elke druppel vog uit die mens uit pars en in die nag teister die koue . Vir veertig dae en nagte het die Heiland niks ge-eet of gedrink nie . In enige omstandigheid is dit amper onmoontlik om dit te oorleef - in die woestyn net soveel 'n erger beproewing. En behalwe die vriendskaplike verhouding met die wilde diere waarin iets van die verlore paradys terugkom , was al geselskap wat Jesus gehad het die verstikkende teenwoordigheid van die duiwel. Hoe het die Mens Jesus dit beleef ? Soos enige ander mens. Sy geheiligde liggaam het 'n uitgeteerde geraamte geword, sy buik is buite verhouding met sy liggaam opgeblaas , sy arms en bene opgeswel deur hongeroedeem . Sy hele liggaam het 'n wanstallige vorm aangeneem. Sy liggaam is een skreeuende klaaglied om voedsel netsoos sy siel veertig dae en nagte na God geskreeu het. Ja, ek weet dit klink amper na heiligskennis . Ek is dan ook al daarvan beskuldig , maar ... hoe was dit anders ? Was Jesus dan nie volkome Mens nie? As ons die Here Jesus so afgryslik ontluister en ontmenslik sien .. dan kan ons amper begin om iets te besef van wat dit Hom gekos het om ons vry te koop van die sonde en die regverdige straf daarop.

Na die versoeking kom die engele . Na die versoeking . Hulle het nie gekom om die Here te help in die versoeking nie . Die stryd moes die Here alleen voer . Die engele het daarna gekom om Hom te bedien en dan kan ons dit seker gerus sien as 'n tafelbediening daar in die barre woestyn waarin die volk van God veertig jaar met manna deur die engele bedien is. In Psalm 78 word manna dan ook engelebrood genoem - een van die pragtigste gewyde liedere is ook Ceasar Franck se Panis Angelicus - brood van die engele.

Met nadruk wys die evangeliste daarop dat die versoeking veertig dae geduur het. Dit is 'n belangrike getal in die Skrif. Ons kry dit by die sondvloed. Dit is die getal dae wat Moses en Elia moes vas. Elke keer spreek die getal veertig van God se toorn oor die sonde en van God se genade. Dit word baie duidelik gesien by die bepaling dat 'n Israeliet net veertig geselslae mag kry , want die verbondskind wat gestraf moet word mag nie sterf nie. Die straf moet sy lewe dien. Sy lewe wat hy in genade ontvang het. Elke swiepende geselhou het hom nader gebring na die hoopvolle einde.

By die woestynreis van veertig jaar is daar behalwe God se toorn oor die volk se sonde ook juis God se genade omdat Hy die ondankbare volk nie vernietig nie. Hy gee hulle 'n leerskool van veertig jaar waarin Sy liefde en toorn so wonderlik uitkom.

Ons Here Jesus bring Self die versoeking in die woestyn in verband met Israel se woestynreis omdat Hy elke antwoord vir Satan uit die boek Deuteronomium neem. Daarin gaan dit juis oor die versoekings van Israel in die woestyn. Watter troos was dit vir Hom dat Hy kon weet dat die HERE ondanks Israel se vreeslike sondes tog trou gebly het en die volk uit die woestyn die Beloofde Land ingelei het.

Die getal veertig verkondig lyding , maar dit is geen uitsiglose lyding nie. Daar is uitstel maar geen afstel nie. Die getal sê elke keer weer : 'nog nie'. Ons hoor dus 'n baie duidelike: 'nee'! , maar in die 'nog' lê opgesluit 'n verborge 'ja'!

Dit beteken 'n beproewing en 'n loutering van die geloof - en dit hou altyd die moontlikheid van versoeking in. Die lyding wat deur die veertig gesimboliseer word , sluit opsigself ook die hoop in wat deur die geloof gekoester word.

Die getal veertig wys dus dat God se genade vir ons begrip nog nie volkome geopenbaar is nie en daarom is daar nog leed en stryd. Maar.. God se toorn is ook nog nie volledig geopenbaar nie , daarom is daar uitstel.

Dit gaan dus nou om geloof en geloofsvolharding : om tussen alles wat so duidelik sigbaar en voelbaar God se 'nee' uitskreeu , tog onophoudelik vas te hou aan God se beloofde "JA ! '.

Die aartsleeuenaar van die begin af kom nou ook met 'n belofte van God na die

Here Jesus toe , tenminste dit klink na God se belofte. Met sy duisende jare se klipharde werk ken die duiwel die Woord op die punte van sy vingers , as mens so van sy bloeddruppende kloue kan praat. Hy haal graag dit uit die Woord aan wat hom pas of anders deur hom aangepas is. In 'n wêreld waarin al-die-eeue-deur die geloof in God en Sy Seun verwerp word en met allerlei 'wetenskap' gestaaf sou word , is dit opvallend dat Satan dit glad nie doen nie. Hy glo en.. sidder. Hy haal uit die Woord aan as die betroubare Godswoord , hy erken dit netsoos hy die bestaan van die Drie-enige God en die engele erken. Nou wil gewone mense in hulle slimheid nog slimmer as God en as Satan wees ... en altwee verwerp om dan hulp by hulle eie selfgemaakte afgode te soek.

Op die dak van die Godshuis, daardie demonstrasie van God se betroubare liefde en beloftewoord , kom Satan met niks anders nie as 'n teks uit die Woord van God. As U die Seun van God is , spring hier af ! Daar staan mos geskrywe : Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm, en ook Op hulle hande sal hulle jou dra sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.' Ps 91 Volgens die duiwel eis God dat Hy van die tempeldak moet afspring. Dis vir Jesus mos in elk geval 'n kleinigheid , dit hou mos geen gevaar in nie want Hy is God se gunsteling , en Hy is by God op Sy tempel en Hy het die Goddelike belofte van die Woord dat Hy orals veilig is.

"Spring nou Jesus ! Met God kan U dit mos waag. Spring nou en bewys dat U geloof het in God en in U eie roeping. Laat U sprong in die diepte die openlike belydenis wees dat U sê : HERE , Ek glo. Ek glo dat U hier is , dat U my sal help, dat U engele My veilig na die grond toe sal dra.'

Wat is vroomheid ? Is dit om God te dien of om God te gebruik ? Wat is godsdiens ? Is dit net om God as Almagtige te erken of is dit ook om Hom werklik te gehoorsaam , selfs in stikdonker nagte en dae waarin daar geen spoor van sy gunsbewyse te sien is nie? Vroomheid is ook om dit met God te 'waag' , om aan Hom vas te hou ondanks dreiging en gevaar. Vroomheid 'waag' dit met God , maar slegs as daar 'n bevel van God is. Anders kom God onder my bevel te staan , dan speel ek met Hom , dan wil ek Hom 'uitprobeer', toets.

Dit was maar net 'n paar tientalle jare later. toe 'n groot skare Jode op presies dieselfde tempeldak gestaan het. Romeinse soldate het hulle omsingel en reggestaan om die laaste versetshaard van die verwoeste stad te vernietig. Die Jode op die tempeldak het met God gespeel toe wanhoop in hoogmoed verander het deur van die tempeldak af te spring. Die engele was nie met vakansie nie , hulle het reggestaan maar ... geen bevel van God gekry nie... en die Jode het hulle te pletter geval.

Satan praat oor die engele en daarmee betuig hy teen wil en dank hoe belangrik die engelewêreld selfs in sy goddelose oë is. Hy redeneer skynbaar reg dat die **Seun** van God sondermeer oor die engelepersoneel kan beskik. Satan se Skrifgebruik klink natuurlik reg - dit is so met meeste ketterye. Met los tekste en uit verband gerukte tekste kan baie dinge op sogenaamde Bybelgronde bewys word. Tipies duiwels misbruik Satan die Skrif deur 'n onvolledige Skrifaanhaling en daarom valse Skrifverklaring. Satan se Skriftoepassing is dat God se beloftes en bevele twee totaal verskillende dinge is wat hoegenaamd geen verband met mekaar het nie. Maar God se verbondsbelofte en verbondseise is onlosmaaklik aan mekaar verbind , dit is die twee kante van een en dieselfde muntstuk.
Jesus staan Sy hele lewe op aarde onder die bevel om verpletter te word onder God se toorn. Op daardie lydenspad moet Hy sy voet stamp teen alle klippe wat maar gevind kan word. Hy sal geen ondersteunende hande van engele voel nie , maar die gebalde vuiste van duiwels ! Op die ontsettende swaar lydenspad mag Jesus nie na die belofte gryp voordat Hy aan die bevel gehoorsaam was nie.
In die teks uit Psalm 91 wat Satan aanhaal , staan dat die HERE sy verbondskind sal bewaar 'op al jou weë ' of 'waar jy ook al gaan'. Nou is dit juis hierdie woorde wat Satan weglaat. Hy wil nie hê dat dit duidelik is dat God se beloftes slegs geldig is as op al God se weë gewandel word nie . Wanneer Psalm 91 in sy hele verband gelees word is dit duidelik dat dit oor mense gaan wat die HERE liefhet en dit wys deur ondanks die allermoeilikste omstandighede slegs die pad van Sy gebooie en van Sy roeping te volg. Hulle is so veilig dat engele hulle op daardie pad oor elke klip dra op bevel van die HERE.
As Jesus nou van die tempeldak afspring , sou Hy dan die pad van Sy Goddelike roeping volg ? Natuurlik nie . Verlang die HERE van Hom dat Hy Hom in daardie gevaar begeef in volle vertroue op God se beskerming ? Natuurlik nie . Sy roeping was op daardie oomblik om die duiwel te volg na die tempeldak , om na hom te luister en om hom te antwoord.
Dit bly tot vandag toe 'n geweldige versoeking vir sogenaamde vroomheid om God aanneemlik te maaak vir die mens. Dan moet geloof sy krag aan homself bewys. Dan word geloof verlok om met die Woord van God te eksperimenteer en die kunsmatige en buitengewone pad te kies. Juis hierdeur verloor die geloof homself. Geloof beteken nie om te vertrou dat God Sy krag by ons planne inwerp nie maar geloof is gehoorsame vertroue en vertrouende gehoorsaamheid.
Die beloftes van God is net vir hulle wat op God se pad stap en dikwels... kruip.
Die Satan staan buitekant die Skrif en gebruik dit.
Die ware geloof staan onder die Skrif en is daaraan gehoorsaam.

Christus was gehoorsaam aan die Skrif en daarna stuur die Vader Sy engele om Hom te dien. Nou word die belofte van Psalm 91 heerlik vervul. Dieselfde belofte is vir ons . Christus het die diens van die engele verdien . Vir Homself en vir ons.

Hoofstuk 13.

DIE ENGELE TYDENS CHRISTUS SE OMWANDELINGE OP AARDE.

Joh. 1 : 43 - 51

In die tyd wat ons Here Jesus elke dag saam met die dissipels die Belofteland deurkruis het , lees ons nie een keer van 'n verskyning van engele nie. Voor en na daardie tyd sommer verskillende kere , asof engele daardie tydperk omraam. Die volle lig laat God val op die verskyning van God - in - die - vlees , dan moet die diensknegte van God op die agtergrond bly.

Jesus praat egter wel verskillende kere en selfs heel in die begin van Sy openbare optrede oor die engele.

Die geleentheid was die geloofsbelydenis van Natanael . 'n Man wat die heel besondere vermelding uit die mond van die Messias kry dat hy 'n ware Israeliet was , 'n man in wie daar geen bedrog is nie. Joh 1 : 47 Hy was 'n seun van Israel nie van Jakob nie.

Natanael kom tot geloof nadat Jesus hom gesê het dat Hy hom gesien het waar hy onder sy vyeboom gesit het voordat Filippus hom geroep het. Die verbaasde Natanael kom dan tot die pragtige belydenis : ' U is die Seun van God , die Koning van Israel !' Die Here Jesus antwoord hom dan met die vraag : 'Glo jy omdat Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het ? Jy sal nog groter dinge as dit sien. '

As daar geloof is dan sal die gelowiges al hoe meer sien. Dan gaan die oë al hoe meer oop vir die groot rykdom van Christus se verlossingswerk. Want , vervolg Jesus : ' Dit verseker Ek julle - in die oorspronklik soos in die ou vertaling : voorwaar , voorwaar , .. Daardie Goddelike beklemtoning van iets wat baie belangrik is -dit verseker Ek julle : julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe '.

Die Here Jesus gryp dus terug na die geweldige droom wat Jakob gehad het toe hy vir sy bedroë broer Esou gevlug het.

Hy het die hemel oop gesien. En 'n lang leer wat die hemel met die aarde verbind het. En langs die leer 'n hele leërmag engele wat in een stuk deur op- en afgeklim

het. Bo-op die leer het hy die HERE sien staan wat hom die belofte gegee het dat Hy saam met hom sou gaan op sy onbekende pad. Die engele sal as permanente wagters in opdrag van die HERE by hom bly.
Nou , so veel eeue later sal die dissipels sien hoe dit vervul word. Hulle sal Christus sien as die leer wat hemel en aarde verbind. Hulle sal sien hoe Hy deur Sy Middelaarswerk so die hemel en aarde verbind dat daar versoening kom. Hy bring deur Sy versoeningswerk versoening tussen God in die hemel en die hele skepping.
Dit is onverwag groter as enige iets wat hulle al gesien het. By daardie magtige werk van Christus sal die engele wat op- en af op die leer beweeg Hom dien . Jesus sê nie hoe hulle dit sal doen nie , dit is blykbaar nie belangrik nie , dit gaan net oor die feit van die dien .
Die Here wat in die barre woestyn alle versoekings oorwin het , begin sy uitspraak met die plegtige ' voorwaar , voorwaar ..' en dit klink al na 'n oorwinningsgejubel. In die woestyn het Hy geen diens , geen hulp van engele gevra of gekry nie . Nou na daardie afgryslike tyd en nadat die engele Hom na die versoekings bedien het, nou kry Hy van die Vader sommer 'n leërmag engele om Hom te dien. Hy het geweier om daardie hulp in te roep ondanks alle aandrang van die duiwel - nou kry Hy dit van die hemelse Vader as loon op Sy gehoorsame werk.
Gesante en diensknegte van God . So leef die hele hemel so uiters intens saam met Hom wat die groot werk van die Vader moet doen. Engele sal Hom as diensknegte help. Hulle is die hemelse leërskare , strydvaardige helde wat Hom moet help in die strydgeveg van die Vader.
Ook maar moeilik vir die dissipels om hulle nou op daardie stadium in te dink hoe erg dit sal gaan met die verharding teen die Here en die smaad en verwerping en uiteindelik die kruisdood van die Saligmaker - tog mag hulle weet en dit onthou dat die hemelwesens altyd regstaan om hulle dienste aan te bied en aan te wend. Hulle moet onthou dat op Hom wat die leer tussen hemel en aarde is gedurig die engele op- en afgaan. Totdat ... Hy volkome ja , geheel en al verlaat word sodat selfs die engele vir Hom geen dienswerk mag doen nie.
Dit is vir die dissipels nog moeiliker omdat hulle niks van die engele sal sien nie. Ondanks dat Christus sê dat hulle die engele sal sien op- en afklim . Dit is net die sien met die oog van die geloof. maar al sien die dissipels nie die engele nie neem dit nie weg dat hulle daar is nie.
Jesus het gesê dat die hemel oop is . Omdat in en deur Christus se koms en werk God in en by ons kom woon het , kom die engele ook weer naby die mense. God se nabyheid is die voorwaarde vir die nabyheid van die engele en die nabyheid van die engele is die bewys van God se nabyheid. Die engele is die diensknegte van

God en so van Christus , hulle is elke keer 'n teken en 'n getuienis van die God-met-ons. Tydens Jesus se verblyf op aarde staan die engele terug en lees ons omtrent niks van hulle verskynings nie want dan het hierdie God-met-ons tog sigbare werklikheid geword, Jesus Christus die Immanuel . In die evangelies val alle lig en aandag op die verskyning van God in Sy eniggebore Seun en dan is daar geen vergelyking tussen die heerlikheid van Jesus die Christus en die verskyning van Sy hemelse diensknegte nie.

Ook wat die engelediens op die leer wat hemel en aarde verbind betref sien ons hier weer iets van die lyding van Christus. Ons lees verder in die evangelies niks meer oor die werk van hierdie engele nie en dit is weens die vernedering van Christus , Sy Dienskneg wees waar Jesaja al oor geprofeteer het. Wat die engele betref behoort dit ook tot hulle dienskneg-wees dat hulle voor die oë van die mense agter die Here in die skaduwee moet staan.

Dat die engele Hom dien by die werk wat Hy alleen doen sê Jesus Self maar Hy praat nie oor hoe hulle dit doen nie . Tog laat die engel wat in Getsemane na Christus gekom het ons iets van hierdie diens sien.

Ons lees in Luk 22 : 43 '"n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk.'

Dit was terwyl die Here Jesus in uiterste doodsangs gebid het : 'Vader , as U wil , neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie My wil nie maar U wil geskied ! '

In hierdie so donker uur was die versterking deur die engel vir ons Heiland seker 'n groot troos. Dit is mos 'n engel uit die hemel , daarom mag Jesus weet dat die hemel vol spanning met Hom kontak behou. Sy smeekgebed tot die hemelse Vader het die oor en hart van die Vader bereik. Die koms van die engel is die antwoord van Vader op die angstige gebedsskreeu van die eniggebore Seun.

Al het die hele heelal geen antwoord gegee nie en bly selfs die dissipels stil in hulle slaap , die Vader hoor dit. Dit was 'n troos vir Christus , want Getsemane is nog nie plek van volkome verlating wat Golgota sou word nie.

Die Christus kry hier bevestiging van Sy woorde dat die engele van God langs Hom as leer op- en afklim op die Seun van die mens. Nou mag Hy daarvan seker wees dat Hy op die pad van die Vader is. Dit is troos . Tog is dit ook 'n deel van die lydensgeskiedenis en daarom is die versterkende koms van die engel ook 'n verswaring van die lyde. Dit is 'n geweldige vernedering vir die Seun van God dat Hy versterk moet word deur 'n kneg van God. Dat daardie kneg Hom moet vind as 'n 'wurm en nie 'n Man nie'. In die geboortenag is Hy deur ontelbare engele in hemelse sang bejubel en in die woestyn gedien en nou dit. Watter vernedering -

selfs vir die verlore seun uit die gelykenis was so'n skande hom bespaar. Die vader het nie 'n dienskneg gestuur om hom tussen die onrein varke te gaan haal nie. Watter vernedering vir die Seun dat die dienskneg Hom so moet sien.

Die dienskneg wat deur die hemelse Vader gestuur is . Uit homself kon die engel nie na Jesus gegaan het nie . Hy moes die bevel van die Vader afwag. Hy kon ook nie geweet het wanneer dit nodig sou wees om te gaan nie want die engele is geskape wesens wat nie alwetend is nie , hulle kennis is maar beperk. Die Here Jesus het dit Self laat blyk in Mat 24 : 36. Hy het die profetiese rede gehou oor onder andere die verwoesting van Jerusalem en die dag en uur van die wederkoms , en gesê 'Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie , ook die engele in die hemel nie. Net die Vader weet dit. ' Al is hulle engele van die hemele , en hierdie van die hemele staan daar uitdruklik . Hulle is in die hemel waar God woon en waar hulle Hom gedurig dien rondom sy troon - hulle kennis is beperk. O ja , hulle is baie naby die HERE en het ook belangrike werk by die wederkoms en in baie gevalle by die uitvoering van God se raadsplan , maar die inhoud van daardie raadsplan is vir hulle onbekend.

Party keer weet hulle meer as die mense. Maar dan moet hulle sommer baie haastig daardie kennis aan die seuns van God bekend maak soos in die Kersnag , op Paasoggend en Hemelvaartsdag. Soms weet hulle minder as die kinders van God , die diensknegte van God leer vandag by die kinders van God Ef 3 : 10 Die engele kan dus ook leer en sodoende hulle kennis vermeerder. Hulle is selfs heilig-nuuskierig 1 Petr 1 : 12

Die hemelse Vader het die engel dus opdrag gegee om na Getsemane te gaan toe dit in die oë van die Vader nodig was om die volmaakte Seun te versterk.

Die engel het Hom versterk sodat Hy die pad tot die einde sou kon volhou , die beker tot die laaste bitter druppel toe kon leegdrink.

Watter troos om te weet dat Hy nog onder die bewaring van die engele is.

Watter vernedering en lyding om te weet dat Hy deur die engel versterk en bewaak moet word sodat Hy by Golgota kan uitkom , sodat Hy die oomblik kan beleef waarin Hy van God en engele en mense verlaat sal word.

Lukas laat dan ook onmiddellik hierop volg dat die lyde so ondraaglik swaar geword het dat die sweet van Christus soos groot druppels bloed geword het, bloed wat op die grond geval het.

Die engelediens het die lyde nie ligter gemaak nie maar selfs swaarder.

Die vrug , die resultaat van daardie lyde is ook dat die engele vandag uitgestuur word ten bate van hulle wat die saligheid sal beërf.Hebr 1 : 14

Hoofstuk 14

CHRISTUS SE UITSPRAKE OOR DIE ENGELE.

Luk. 20 : 27 - 40

Die wyse koning Salomo het al gesê dat daar niks nuuts onder die son is nie . Wat die vrae oor die bestaan van die engele betref is dit ook presies so . Dit is ook in ons tyd so eienaardig dat daar geen nuwe leer deur een of ander ketter en sekte versprei word of dit is glad nie nuut nie , dis al lankal ou nuus . Verreweg die meeste daarvan het al in die allervroegste christelike kerk opgeduik en is toe op grond van die Skrif verwerp. Ek kan nie eers aan een moderne sekte se leer dink wat werklik nuut is nie - almal het al in die kerkgeskiedenis opgeduik . Daarom is dit so belangrik om te weet wat in die geskiedenis van Christus se Kerk deur die eeue gebeur het. Met die ontkenning van die bestaan van die engele is dit dieselfde. In die tyd van die Here Jesus op ons aarde was dit die Sadduseërs wat die bestaan van die engele na die ryk van die sprokies verban het.

Hulle wou die Here Jesus met 'n strikvraag belaglik voorstel , 'n strikvraag oor die onmoontlikheid van die opstanding van die dode. Hulle kom toe met die storie oor die sewe broers waarvan die eerste met 'n vrou getrou het maar kinderloos gesterf het. Volgens die wet van Moses moes die tweede broer haar nou as vrou neem , maar hy sterf ook kinderloos en so gaan dit met elkeen van die sewe broers wat elkeen deur die vrou oorleef word. Daarna sterf die vrou ook sonder om 'n kind te ontvang. Die vraag is nou watter van die sewe mans kry die vrou nou op die opstandingsdag? Eintlik 'n goed uitgedinkte vraag om die dwaasheid van die geloof in die opstanding mee te bewys. Tenminste dis wat die uitgeslape Jode gedink het . Maar Jesus laat hulle op hulle , nogal nie onaansienlike , neuse kyk.

Hierdie spotters ken die Woord nie en netsomin die krag van God. Die hemellewe is nie 'n fotostaatafdruk van die aardse lewe nie. Ons Saligmaker antwoord :'met die opstanding trou die mense nie meer nie , maar is hulle soos die engele in die hemel'.Mat 22 : 30 en Lukas voeg daar nog by : 'hulle kan ook nie meer sterwe nie; hulle is soos die engele '. 20 : 36

Om nou by die openbaring oor die engele te bly leer ons hier dat die engele nie trou

nie en dus nie vermeerder nie . Hulle getal is van hulle skepping af dieselfde. daar is geen bloedbande nie en ook geen dood nie. Daarin word die mens gelyk aan die engele - net daarin dat ons nie meer sal trou en nie meer kan sterf nie na die opstandingsdag. Die opstandingslewe is een van daardie dinge wat behoort by alle dinge wat God nuut maak.

Maar al kan die engele nie trou nie is blydskap een van die emosies wat die engele in ongerepte staat en maat besit. Die Here Jesus praat daaroor in 'n reeks gelykenisse wat Hy vertel het toe die Joodse geestelike 'grotes' Hom aangeval het omdat Hy saam met tollenaars en sondaars ge-eet het. Luk 15. Die Here wys hulle nou op hulle sondige hooghartige houding deur drie gelykenisse te vertel . Dit gaan oor 'n verlore skaap , 'n verlore muntstuk en 'n verlore seun met 'n klimaks wat gaan van een uit honderd skape, een uit tien muntstukke en een uit twee seuns. Die blydskap is groot as dit wat verlore was weer teruggevind word. In die gelykenis oor die verlore skaap wat gevind is sê die Here Jesus : ' Ek sê vir julle : Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer , eerder as oor 99 regverdiges wat die bekering nie nodig het nie'. Christus praat nog in die algemeen oor blydskap 'in die hemel' sonder om te sê wie dit is wat so bly is . Dit hoor ons aan die einde van die gelykenis oor die verlore muntstuk wat weer gevind is : ' Ek sê vir julle : net so is daar blydskap <u>voor die engele van God</u> oor een sondaar wat hom bekeer '. In die nuwe vertaling lees ons '<u>onder</u> die engele van God ' - maar dit staan nie in die oorspronklike nie. Letterlik staan staan :' dat daar blydskap is voor die aangesig van die engele van God'.

Die Here Jesus sê dus nie in die eerste plek dat die engele bly is nie , maar dat daar voor hulle oë blydskap is , hulle <u>sien</u> dus dat daar blydskap is. By wie sien hulle dit ? By wie anders as by God ! Hulle staan tog gedurig voor Sy troon. Christus sê dus dat God so bly is as net een sondaar tot bekering kom. So bly dat Hy dit nie vir Homself kan hou nie maar dat die hemelwesens dit duidelik sien .

Dit is ook 'n baie harde klap vir die Fariseërs en Skrifgeleerdes wat die sondaars verag en verwerp maar nou moet hoor dat hulle houding nie net sondig is teenoor die engele nie maar dat hulle Godself daarmee beledig en in Sy heiligheid aantas.

Dit is nou logies dat as die hoë God vol blydskap is oor een bekeerling dat die engele dan ook deur die blydskap aangesteek word. Hulle is nooit passiewe toeskouers nie maar intens meelewende geeste met God se groot werke. Hulle jubel as God die aarde skep , hulle juig as Christus gebore word. Die vreugde van God straal op hulle af elke keer as net een sondaar tot bekering kom en die hele hemel word 'n feessaal . Mag ons vra of ons iets van daardie blydskap ken ?

In die geestelike sang is daaroor gesing dat selfs die engele by die wrede dood van

Jesus Christus gehuil het. Dat dit so is glo ek bepaald nie maar as die engele bly kan wees dan kan hulle waarskynlik ook bedroef wees. As ons dan wil spekuleer oor droefheid by die engele tydens die lyde van ons mense se Saligmaker , dan sou dit eerder op daardie oomblik gewees het toe Jesus hulle hulp afgewys het tydens die nagtelike arrestasie in die tuin van Getsemane.

Petrus wil dan met sy swaard die aanvallers in die pan hak . Jesus verbied dit hom , dit is totaal onnodig want , sê Jesus , 'dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie ? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel . Maar hoe sal die Skrif dan vervul word wat sê hoe die dinge moet gebeur ?' Matt 26 : 53

Jesus word nie gevange geneem omdat Hy magteloos is nie - dit is alles deel van God se raadsplan sodat die Heilige Skrif vervul kan word. Jesus is allesbehalwe magteloos teen enige aardse of helse mag - daar staan meer as 12 maal sesduisend swaargewapende engele oombliklik reg om Hom te beskerm as Hy dit net van die hemelse Vader sou vra. Maar Christus is die volkome gehoorsame wat die bitter lyde se beker tot die laaste druppel bitterheid toe vrywillig wil leegdrink. Net voor Sy arrestasie het die Here versterking ontvang deur 'n engel toe Hy in uiterste gebedsnood tot die hemelse Vader sy nood uitgeskreeu het. Dit was die eerste keer dat 'n engel na Hom gekom het na die versoekings in die woestyn en ook die laaste keer. Die engele het slagvaardig reggestaan om Hom te help maar Hy moes en wou die versoeningswerk alleen doen . Die Here weet dat Hy onder 'n toegesluite hemel Sy lyde moet volbring. Vir Hom is daar geen leer na die hemel waarlangs engele op en af kan gaan om Hom te versterk en beskerm nie . Hy dink nog oor die engele en praat selfs daaroor met Petrus maar Hy roep hulle hulp nie in nie. Dit was al die begin van die van God verlate wees. Nie moedersiel-alleen nie maar baie, baie erger van God verlate moes Hy die lydenspad volg. Hy sluit selfs in vrywillige oorgawe die poort van die engelewêreld toe. Sodat vir u en my daardie poorte wawyd oop kon gaan.

Dat die engele se gespanne aandag nou gemeng kon wees met droefheid , dit kan ek my wel indink. Vir die allereerste keer van hulle skepping af was daar nou geen kontak meer tussen Jesus en die engele nie . Daardie kontak was nie deur sonde verbreek soos met die mense die geval was nie maar deur die vrywillige besluit van die Sondelose , hulle Heer en Koning. Hulle hulp word nie gevra nie , afgewys. Dit moes ontstellend ernstig vir die engele gewees het. Dit was werklik soos Jesus gesê het die uur van die magte van die duisternis. Die onoorbrugbaarheid van die skeur in die engelewêreld moes toe wel die duidelikste gewees het. Daardie ure van Getsemane na Golgota is die donkerste tyd in die geskiedenis van die mensheid en in die bestaan van die engelewêreld.

Die engele sien die blydskap oor 'n bekeerling maar sien ook elke keer wanneer 'n mens sy geloof bely of dit verloën. Christus sê in Luk 12 : 8 :' Ek sê vir julle : Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek , vir hom sal die Seun van die mens Hom ook openlik uitspreek voor die engele van God . Maar hy wat My voor die mense verloën , sal voor die engele van God verloën word.'
Dit gaan oor elkeen wat die Woord gehoor het en dit in geloof aanvaar en dit , soos die woord 'bely' hier beteken , presies so herhaal dus agterna-sê . Hulle doen dit openlik met vrymoedigheid ondanks teenstand en gevaar en bespotting en bely hulle geloof in die Seun van God . Dan , sê Christus , doen Hy dieselfde voor die engele van God en die Vader. Christus gaan dan dus openlik voor al die magtige hemelse leërskare as getuies vir die Vader sê dat elkeen wat openlik JA-sê vir Hom ook openlik die ja-woord mag hoor dat dit Sy duurgekoopte kind is. Dink u dit in , die mens wat op aarde nie 'n 'naam kon maak ' nie se naam word eervol vermeld voor die magtige troongeeste wat dan ook beteken dat daardie veragte mens op die hemelse magtiges se hulp mag reken. Dan sal daardie woorde van die Psalmis so werklikheid wees dat die gelowige sy voet nie teen 'n klip sal stamp nie.
Wanneer doen die Here Jesus dit nou eintlik ? Uit die evangelie volgens Johannes 17 ; 19 blyk dit dat Jesus dit al gedoen het toe Hy nog op die aarde was , nou terwyl Hy aan die regterhand van die Vader in die hemel is , en Hy sal dit doen op die Jongste Dag van die wederkoms . Hy sal die name noem en die engele bevel gee om hulle vanuit die vier windstreke van die aarde te versamel en in te dra in die hemelse heiligdom.
Maar aan die ander kant is die mense wat Christus verloën het uit vrees of skaamheid. Hulle name sal nie voor die engele genoem word nie , hulle sal uitgelos word om in hulle eie vet gaar te kook , die engele mag hulle nie help en bewaar nie.
Al beteken die bely van die Here Jesus dus op aarde dikwels smaad, vervolging en verlies - dit is slegs tydelik. Net voor hierdie uitspraak het die Christus juis vir Sy volgelinge gesê dat ons nie bang moet wees vir hulle wat die liggaam kan vernietig nie - dis al wat hulle kan doen maar aan die siel kan hulle nie raak nie.

Hoofstuk 15

DIE ENGELE VAN DIE KLEINTJIES IN DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE.

Matt. 18 : 10 - 14

Dit is vir ons nogal maklik om oor Fariseërs en die ander Joodse hoë geestelikes te praat en hulle te verdoem weens hulle hemelskreiende sondes. Ons is gewoond daaraan om hul fel te veroordeel oor hulle hooghartigheid , hulle meerderwaardigheid en hulle sondige veragting van die 'gewone' gelowige wat in hulle oë niks anders as gepeupel , straatvolk , was nie . Die gelowiges is dan veral geminag omdat hulle die 'wet' nie geken het. Dit was dan bepaald nie net die wet van Moses soos dit in die Heilige Skrif vir ons gegee is nie , maar daarby en dikwels daarbo verhef, die uitbreidings van die Mosaiese wet wat uit 'n magdom 'moenies' en bevele bestaan het. Natuurlik kon 'n gewone gelowige wat moes werk om aan die lewe te bly nie al die sogenaamde wette ken of gehoorsaam nie , dit was'n oerwoud van bepalings wat die Rabbyne deur die eeue daarby gevoeg het . Dit is alles later saamgebundel en ons ken dit vandag as die Talmoed.

Maar die Fariseërs en hulle kollega's was mense netsoos die gelowiges van toe en nou. Die gees en ingesteldheid van hulle is nie noodwendig vreemd aan die gelowiges nie. Nie aan die dissipels nie en netsomin aan ons wat vandag mag leef tot eer van God en seën van die naaste nie. Ons broeders die dissipels het onder mekaar stry gekry. Ook dit is nie iets onbekends vir ons nie . Die tragiek is dat dit op die kerkerf gebeur en tot vandag toe is dit een van die beste , indien nie die allerbeste , teelaardes vir stryd . Kerkstryd - daar is seker bitter min gebiede waar feller gestry en verguis word as op die 'heilige' kerkerf. Satan is nie van gister nie , hy weet dat daar geen beter manier is om gelowiges te vernietig nie as juis deur kerklike onenigheid nie. As politieke verdeeldheid gesinne uitmekaar kan skeur , hoeveel meer kerklike verdeeldheid want in die Kerk gaan dit oor ewige beginsels en daarom kan dit amper nie anders nie of die stryd sal fel wees. Gelukkig het ons in ons kerklike ordereëlings 'n verskil tussen werklike beginselsake wat onbeskaamd gehandhaaf moet word en middelmatige sake waaroor daar verskil

van mening onder ons mag bestaan. Ongelukkig is middelmatige sake nie vir almal ewe middelmatig nie en so sal ons tot die wederkoms toe wel met kerklike verskille en verdeeldheid opgeskeep bly.

Die dissipels het onder mekaar rusie gemaak , ek dink dat dit sterker as 'n stryery is. As daar slegs verskil van mening was sou hulle seker nie met so'n kinderagtige saak na die Here Jesus gekom het nie. Hulle vind dit jou werklikwaar die moeite werd om mekaar in die hare te vlieg oor die vraag wie - eendag - die belangrikste in die koninkryk van die hemel sal wees. Die verskilpunt is kinderagtig en nou roep die Here Jesus 'n kindjie en laat die klein , verleë en belangelose kindjie 'n lewende vermanende preek wees. As die dissipels nie word soos daardie kindjie en alle hoogmoed en eiedunk laat vaar nie dan sal hulle nie eers hoef te wonder oor wie die belangrikste in die koninkryk sal wees nie want hulle sal nie eers daarin kan kom nie.

Daarna praat ons Verlosser verder oor die 'kleintjies' wat in Hom glo. Die burgers van die koninkryk van die hemele is hulle wat nie op die aarde in tel is nie . Nie in die oë van die oorgroot meerderheid mense nie en nie in eie oë nie. Hulle het ' klein geword' voor God . Maar hulle is ook 'n gevaar vir mense , mense wat brand van ambisie , wat oor lyke sal gaan om hulle sin te kry, wat hierdie 'kleintjies' sal misbruik vir eie gewin , wat hulle minag en struikelblokke in hulle pad plaas. Dis opvallend dat die Here Jesus met so baie nadruk hieroor praat en verskillende kere dit beklemtoon dat die straf op benadeling van die 'kleintjies' , die 'gewone' gelowiges, baie swaar is. Die Here laat nie met Hom of sy 'kleintjies' speel nie .

" Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie , want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel altyd die aangesig sien van My Vader in die hemel.' Mat 18 : 10

Hiermee is ons nou sommer by die teks wat deur die eeue aangehaal word as bewys dat elke mens en dan in besonder elke kind sy eie beskermengel het. Dit staan hier egter nie uitdruklik nie.

Die jode het geglo dat daar beskermengele was. Vir hulle was dit 'n kwessie van nasionale trots en geweldige berugte eiegeregtigheid. Op grond van Psalm 22 : 31 , 32 is geleer dat die regverdige alleen van belang is. Die verkiesing begin sodra die regverdige 'amen' kan sê op die belydenisvrae in die sinagoge. Die regverdige is van so groot belang dat 'n mens jou reis met drie dae sou vervroeg of uitstel as 'n onregverdige se saamgaan so vermy kon word.

Die beskermengel kom op die plek waar die sabbatslamp moet brand maar 'n bose engel kom saam . As alles reg en goed afgeloop het dan sê die beskermengel :'mag dit die volgende sabbat ook so gaan' . Die bose engel moet dan noodgedwonge sê

'amen'. Maar as die sabbat nie reg gevier is nie dan sê die bose engel op sy beurt : 'mag dit die volgende sabbat ook so gaan'. Die goeie engel moet dan teen wil en dank 'amen' daarop sê.

In die Rooms Katolieke teologie speel beskermengele 'n groot rol. Die hervormers is baie versigtig. Daar is tog so min wat die Heilige Skrif ons daaroor leer daarom sal ons goed doen om die sobere eenvoud van die Skrif te volg. Ons lees nêrens van permanente persoonllike beskermengele nie.

Dit is ook opvallend dat juis in Matt 18 deur ons Here Jesus in-die-verbygaan oor die engele gepraat word maar baie direk oor die hemelskreiende sonde om mense tot afval of sonde te bring. So iemand moet liewers 'n meulsteen om sy nek kry en verdrink. Die meulsteen is nie die steen wat in die vrou se handmeule is nie maar letterlik die 'donkiesteen', die groot boonste maalsteen wat deur 'n donkie in beweging gebring is. Die swaar gewig van die steen wys op die swaar gewig van Christus se diep verontwaardigde bewoëntheid toe Hy daaroor gepraat het.

Ons kan dit ook so lees dat die 'kleintjies' deur God aan 'n bepaalde groep engele vir beskerming teen hulle veragters gegee is . Ook dat God die 'kleintjies' veral in die spesifieke sorg van engele gegee het. Die engele se versorging geld al die gelowiges soos ons in Hebr 1 : 14 en Ps 91 : 11 lees maar hierdie engele moet dus veral hulle sorg en aandag toespits op die 'kleintjies'. In die wêreld word hulle nie raakgesien nie maar by die engele des te meer. Hulle wat altyd by die Vader is kan onmiddellik die Vader op besondere nood wys en bevele ontvang oor hoe om die kleintjies te help. Watter troos vir elkeen wat op die Here alleen bly wag en vertrou. Ons gewone gelowiges word soms so verwar deur al die geraas van die grotes van die wêreld, ons word so maklik uitgestem, oorskreeu, uitgewerk en belaglik voorgestel soos die laaste tyd waarin die etiket van 'fundamentalisme' op ons voorkoppe geplak word te pas en te onpas. Natuurlik kom die konnotasie daarby van die fundamentalistiese moslemterroriste. Maar ons mag getroos weet dat die engele ons sorge en behoeftes voor die Vadertroon neerlê en hulle opdragte regstreeks van die Vader ontvang. Dit het nie net eenkeer gebeur dat ek deur een van hierdie 'kleintjies' in die koninkryk van die hemele beskaamdgestaan het en met 'n heilige jaloesie vervul was. Paulus skryf aan die Korintiërs : ' wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie , het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak.' 1 Kor 1 : 27

Ons leer hier ook dat God hulle nie ongestraf sal laat wat die 'kleintjies' verontreg nie , dit is nie net sonde teen hulle nie maar ook teen die God van die kleintjies. Die

engele van daardie God sal teen derglike mense hulle mag inspan . Die wêreld dink dat hulle die mag aan hulle kant het maar dis net 'n droom. Die mag van God se leërskare is baie groter.

Ons lees dieselfde in die gelykenis van die ryk man en die arm veragte Lasarus. Luk 16 . Lasarus was een van die 'kleintjies'. En watter 'kleintjie' nogal . Hy was nie alleen in die oë van die mense 'n veragte weggooimens nie maar ook in die oë van die heilige wet van God 'n onreine . Hy het daar buitekant die paleispoort van die rykman gelê. Dag na dag , in wind en weer , versengende hitte en bibberweer. Behalwe 'n paar vuil vodde het hy geen klere gedra nie , sy lyf was oortrek van swere en dit het nog erger geword deur die gedurige gelek van onrein honde sodat hy in alle opsigte 'n onreine was in die oë van die hoogheilige mense en blykbaar ook in God se oë .

Die rykman beland later in die hel - nie omdat hy ryk was nie en daardie rykdom geniet het deur lekker daarvan te leef nie . Dit is een van die dwaallerings van ons eeu met sy sosialisties-kommunistiese uitkyk , wat ondanks die politieke val van die kommunisme nog altyd 'n verderflike ideologie bly. Die ryk man het so gesondig omdat hy brandarm was aan die doen van goeie werke dus geloofswerke . Hy was brandarm aan barmhartigheid. Hy het geld en goed gehad en 'goed gelewe' in die oë van die mense maar eintlik nie eers gelewe in die oë van God nie , hy het slegs bestaan al was dit dan ook uiters luuks en gerieflik . Sy maag was vol omdat hy 'n vol beursie gehad het , maar sy hart was leeg. Slegs die hart maak 'n mens ryk . Deur net aan homself en sy ryk vername partytjiegangers te dink het hy van God gesteel deur nie sy besittings ook te gebruik vir arm broeders en susters nie. Die groot hervormer Luther het eendag in een van sy 'tafelgesprekke' gesê : As u hier op aarde by u naaste verbygaan, dan sal hy later so in u pad lê dat u by die hemelpoort verby sal moet gaan'. Interessant dat Luther juis so baie wysheid uit die Skrif laat hoor het in sy 'tafelgesprekke' - hy was 'n baie gesonde eter - wat ook wel aan sy omvang te sien was - en het dit geniet om saam met vriende en kollega's te eet . Dit is heel eenvoudig geen sonde om die goeie van die aarde te geniet nie. Mits natuurlik die gelowige balans bewaar word . Dit mag nooit ten koste van die arm naaste wees nie , dit mag nooit uitspattigheid word nie , dit moet gebeur nadat deur die kerklike bydrae gesorg is vir versorging van die Woorddiens en die diens van barmhartigheid.

Lasarus is , ons wil amper sê , 'gelukkig' verdere lyding bespaar deur sy laaste asem uit te blaas. Hy was nooit veel van 'n probleem gewees nie , net maar 'n onderdeel van die omgewing, 'n slegte kolletjie op die mooi tafereel van die rykman se paleis opset . Maar nou , ja , mens kan darem geen hemel op aarde verwag nie , daar is

altyd wel êrens 'n slegte plekkie in die mooiste skildery. 'n Groter probleem was dat hy nou voor die feespaleis se poort doodgaan en daarmee die hoogheilige jode die gevaar gee dat hulle onrein word deur aan hom te raak. Lang houtgrawe het die taak ietwat vergemaklik en so is hy netjies verwyder en buitekant die stadspoort van ontslae geraak. Die luukse-elite omgewing verlos van nog een van die donker plekke in enige samelewing.

Tog gebeur daar baie meer as wat die mense met die blote oog kan sien. Ons Here Jesus sê dat die arm Lasarus deur die engele weggedra is na die ereplek langs Abraham. Nie maar die hoë en belangrike, die aansienlike en ryk mense nie maar die hoë en magtige engele het hierdie 'kleintjie' van tussen die straathonde en straatvuil opgetel en weggedra na die veiligheid van Abraham se skoot om daar vertroetel te word en die ereplek aan die tafel te kry. Hy ontvang daar alle troos in die gemeenskap van die heiliges.

Ons Here Jesus het in hierdie gelykenis of verhaal aangesluit by 'n gedagtegang van die Jode oor die werk van die engele en die hiernamaals en sou dit seker nie gedoen het as dit nie in ooreenstemming met die werklikheid was nie - daarom aanvaar ons dat dit een van die normale werksopdragte van die engele is dat hulle die gelowiges wat in die Here ontslaap oordra van die aardse na die veilige hawe in die hemelse geweste.

Of die gelowige dus elkeen 'n eie sogenaamde beskermengel het weet ek nie met sekerheid uit die Heilige Skrif nie maar dat 'n groep engele aangewys is vir die beskerming en versorging van die gelowiges en veral die 'kleintjies' dit weet ek onwankelbaar seker.

Hoofstuk 16

DIE OPSTANDING VAN JESUS CHRISTUS EN DIE WERK VAN ENGELE

Joh. 20 : 11 - 18

Na die geboorte van ons Here Jesus Christus was daar nooit weer 'n verskyning van engele aan gelowige mense nie. Daar het slegs 'n engel in 'n droom aan Josef verskyn. Met die opstanding van ons Verlosser is daar plotseling weer vir mense sigbare aktiwiteit van die engele. Al die evangeliste skryf daaroor.

Johannes berig ons oor twee engele in die graf. Hulle het wit klere gedra . Dit was opvallend want gewone klere was nie wit nie maar het verskillende kleure gehad. Die wit wys in die Skrif op die heiligheid van God en die afstraling daarvan op die engele en selfs op die mens. Die priester was ook in wit geklee . Daarom was dit so erg dat die priester Josua in vuil klere voor die engel van die HERE gestaan het en toe deur die Duiwel met reg aangekla is . Sag 3 (vgl bl 41)

Die Here Jesus het normaalweg ook geen wit klere gedra nie maar die gewone gekleurde of bont klere. So het die soldaat wat hulle op Golgota ge-erf het ook nie opvallend gelyk nie. Maar op die berg van verheerliking het Jesus se klere stralend wit geword, wit soos lig sê Matteus 17 : 2 en Markus sê 'Sy klere het blink geword , baie wit soos sneeu , wit soos geen bleiker op aarde dit kan maak nie ' 9 : 3 en so was dit vir die evangelis ook duidelik dat daardie wit nie aards nie maar beslis hemels was. Voordat ons Verlosser sou sterf kon Hy vir 'n kort tydjie soos 'n engel lyk, iets van Sy heerlikheid weer beleef. As ons dan in die Openbaringboek lees van die heilige hemelinge wat wit klere dra dan beteken dit nie dat hulle aan die engele gelyk is nie , maar dat hulle aan Christus gelyk sal wees vgl. 1 Kor 15 : 51 e.v. en veral 1 Joh 3 : 2 'ons weet dat ons as Hy verskyn , aan Hom gelyk sal wees..'

By die opstandingsgraf is die engel deur Markus beskryf as 'n 'jongman' wat lang wit klere dra. In Israel het die mense 'n oog gehad vir skoonheid en jeug en ons sien dit ook in buite-Bybelse bronne se engelebeskrywings dat klem gelê word op die jeugdigheid van engele. Nie net hier by die graf nie maar in die algemeen het engele

opgeval deur die klere wat hulle gedra het, die jeugdige uiterlik en die stralende blik uit hulle oë , in kort uit hulle hele voorkoms het suiwerheid , reinheid , ja iets hemels uitgestraal sodat die mensekinders wel aan God en aan die hemel moes dink. Nogal opvallend dat van die duiwel en sy gevalle engele daar nêrens in die Skrif selfs maar iets van 'n aanduiding van hulle voorkoms gegee word nie. Seker daarom dat deur die eeue die beeldhou- en skilderkuns hulle te buite gegaan het in die skep van die afgryslikste drogbeelde . 'n Groot stuk van die armoede van die heidendom is ook juis so duidelik sigbaar en voelbaar in hulle afbeeldings van hulle gode in afskrikwekkende situasies en figure.

In die leë opstandingsgraf staan die een engel daar waar die hoof van Christus gelê het en die ander een daar waar Sy voete was. Mooi wat as simboliese besonderheid opgeteken is : die engele baken die ruimte af waar die dood sy groot neerlaag gely het . Die magteloosheid van die graf omlys deur die hemelse heerlikheid. Net deur daar te wees verkondig hulle al aan die vrouens wat hulle ook onder woorde bring : waarom soek julle die Lewende by die dooies ? Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek.' Luk 24 : 5

Matteus beskryf vir ons die Paasgebeure nog meer visueel : 'Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel afgekom , na die graf toegegaan , die klip weggerol en daarop gaan sit. Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.' 28 : 2 e.v.

Die aarde beef met bo-aardse geweld as die graf oopgebreek word. Die aarde en die aardse het nou al stuiptrekkings wanneer die mag oor die mens prysgegee moet word aan die Oorwinnaar oor die dood. Die swaargewapendes in diens van die magtiges van die wêreld wat die dood moet beveilig en die blyplek van die dood moet bewaak, beef ook.

In die oorspronklike grieks word die geweldige aardbewing en die gebeef van die soldate met dieselfde woord beskryf. Die sekerheid van die dood word weggevee saam met die sekerhede van die mense wat gedink het dat hulle die dood as 'n onfeilbare bondgenoot teen Jesus gehad het .

Die wagte van die dood , die bewakers van die dood word self soos dooies. Dit is die glorie en die humor van die opstanding van ons Here Jesus Christus. Die tereggestelde dooie word lewend en die 'lewende' voltrekkers van die vonnis word soos dooies !

Die verskyning van die engele is die eerste getuienis van die opstanding. Die tweede is die wegrol van die groot klip wat so noukeurig verseël en bewaak is.

Eeue eerder toe die vernietigende mag van sonde en dood sy opwagting in die

splinternuwe wêreld gemaak het, is die engele as wagte aangestel om die pad na die boom van die lewe te bewaak en te versper. Hulle het toe teen wil en dank getuies geword van die hemelskreiende nood waarin die mens hom en haarself laat beland het. Nou is hierdie mag uiteindelik verbreek en is die wagdiens van die engele verby . Nou mag die engele nie meer teen wil en dank nie maar juis dankbaar die swaarbewapende aardse wagte-van-die-dood wegjaag. Die swaard wat soos die weerlig geflikker het en die mense gestuit het word nou op die afgesante van die dood gemik.

In oorwinnende prag en praal word die weggerolde klip die sitplek vir die blinkende engel. Daardie klip wat gebruik en bedoel was as die sekerste bewys van die besliste oorwinning oor Jesus Christus , daardie klipharde en koue simbool van die mag van die dood , van die triomf van die vyande maar ook van hulle geheime angs. Angs want ons hoor by Matteus dat owerpriesters en Fariseërs saam vir Pilatus vra vir bewaking en verseëling van die graf en grafsluitklip .

Dis nou op daardie groot sluitklip dat die engel van die hemel en van die Hemelkoning op daardie weggerolde klip sit as lewende preek dat nou letterlik alles aan Christus onderwerp is : die dood , die graf en ook alle angste en voorsorgmaatreëls van sy teëstanders en die groot Teëstander die Satan self.

In sy uiterlik soos 'n blinkende weerlig vertoon die engel die onweerstaanbare majesteit van God . In sy klere wit soos sneeu verklaar hy dat die fees begin het , die fees van die oorwinning van God.

In daardie stralende wit kleed van die engel skitter iets van die heiligheid en heerlikheid van Christus - die knegte weerspieël die glorie van hulle Heer. Die feeskleed vertolk ook iets van die uitbundige vreugde van die engelewêreld.

In Betlehem het die engele gekom as 'n magtige blye leërmag. Gewapend het hulle die vredesboodskap gebring. Nou is daar net alleen 'n vreugdefees : die Heer het waarlik opgestaan !

'n Leë graf . 'n Grafsluitsteen wat van poort van die dood 'n draer van hemelse glorie word. 'n Bewend-skokkende aarde en dodelik geskokte wagte van die vyande van God . Engele in feesklere . Getrooste dissipels wat van verslane teleurgestelde vlugtelinge deur die hemelse getuies geroep word om self getuies te word van die heerlike opstanding van Christus. So word daar op daardie eerste oggend van die week deur engele in blinkend wit amper iets soos die vreugdevure van die allergrootste verlossing gewys.

Hoofstuk 17.

DIE ENGELE IN DIE HANDELINGE VAN JESUS CHRISTUS DEUR SY APOSTELS.

Hand. 4 : 23 - 31 en Hand. 12

Dit is opvallend dat in boeke wat 'n mens oor engele lees daar dan soms geskryf word oor die verskyning van engele in ons tyd of dan in die vorige eeu . Gewoonlik is dit dan in 'n sendingveld situasie. Dit is presies ook die situasies waarin ons in die boek Handelinge van Jesus Christus deur die apostels die meeste verskynings van engele teëkom. Uiteraard kan in 'n geskrif oor die engele in die Bybelse openbaringsgeskiedenis nie 'n oordeel uitgespreek word oor die beweerde engeleverskynings in die laaste eeu nie. Onmoontlik is dit uiteraard nie.

In die boek Handelinge lees ons oor die voortgang van die Evangelie van Jerusalem na die hele bekende wêreld met sy spil in Rome. In die begin van hierdie Bybelboek lees ons die woorde van die Christus kort voor Sy hemelvaart dat die apostels as Sy getuies die Blye Boodskap tot in die uithoeke van die wêreld moet uitdra. Die werk van die engele is nou om daarmee te help.

Hulle werk het dus verander. In die verlede was hulle taak om te getuig oor die nuwe heilsfeite wat sou kom. Maar op Pinksterdag moes hulle tuisbly , in die hemel bly. Nou is die seuns vervul met die Heilige Gees en verkondig hulleself die vervulde beloftes van God. So bly dit in Handelinge ook , die **seuns** verkondig die Blye Boodskap. 'n Heerlike feit .

Maar die seuns bots orals op kwaai en soms fel lewensgevaarlike teëstand. Dan kom die engele in die geweer om te help om die struikelblokke wat die vyand orals optower te verwyder. Hulle engeledienswerk is om te help sorg dat die opdrag van Jesus Christus uitgevoer kan word.

Dit is ook so wonderlik mooi dat ons nie een keer by die verskyning van die engele iets hoor oor angs by die apostels nie. In die verlede moes die engele die gelowiges beveel om op te hou om bang te wees vir hulle as gesante van die Heilige. Nou , na die uitstorting van die Heilige Gees is daar geen angs meer nie. God het die gelowiges se liggame tempels gemaak. Hy woon Self in hulle. Dan is daar geen

angs by die seuns vir die knegte nie , al is die knegte ook omstraal met die heiligheid van die Allerheiligste. Hoe ryk het ons geword deur en na die werk wat Jesus Christus vir ons gedoen het , die volkome versoeningswerk.
Na die genesing van die verlamde man en verskillende waarskuwings deur die Sanhedrin word die apostels in die gevangenis gegooi. Dieselfde nag nog kom 'n engel van die Here hulle bevry. Maar die engel het gekom NADAT die gemeente hulle nood in die gebed aan God opgedra het. Die gemeente kon nie meer doen nie en was nie toegelaat om meer te doen nie omdat hulle ook aan die aardse owerheid onderwerp was. God doen dan wat die gemeente vir gevra het in hulle magteloosheid. Hy stuur 'n engel en daarmee versterk die diens van die engele weer daarin dat dit ook die karakter van gebedsverhoring inhou. Die engel wat gestuur word in verhoring van die gemeente se gebed lei die apostels uit die tronk uit sonder dat iemand daar iets van bemerk het. Die Joodse Raad se wagte meld in hulle verslag : ' Ons het die tronk behoorlik toegesluit gekry en die bewaarders op hulle pos voor die deure, maar toe ons oopmaak en ingaan was daar niemand nie. ' Hand 5 : 23 Ondertussen het die apostels in uitvoering van die opdrag van die engel wat hulle uit die tronk bevry het , die Woord in die tempel bedien , ja , 'die volle boodskap van hierdie nuwe lewe.' Nogal 'n onaangename ondervinding vir die Sadduseërs wat gekonfronteer word met die onsigbare wêreld waar hulle geen geloof aan heg nie. Die apostels moes gehelp word om die Evangelie te kan verkondig. Ons sien later dieselfde by Petrus wat ook in die tronk gegooi is en ook deur 'n engel bevry is. Weer om die werk van die Woordverkondiging te kan bly doen. Nou was die gevaar baie groter want dit was nou nie die kerklike nie maar die wêreldlike owerheid , koning Herodes II. Die Joodse kerklike ampsdraers kon die apostels net in die tronk gooi maar nou word die swaardmag teen die Kerk ingespan.
God het egter nog werk vir Petrus . Die christene in Jerusalem het dit aangevoel en 'n gebedssaak daarvan gemaak. Hulle het selfs 'n gebedsnagwaak gehou - Petrus kon in Getsemane nie eers een uur met Christus wakker bly nie , die gemeente kan dit vir Petrus sommer 'n hele nag doen.
Ons lees onmiddellik hierna oor Herodes se aaklige dood wat weens die optrede van 'n wraakengel oor hom gekom het. Al was die laaste druppel die feit dat die koning homself as 'n god laat vereer het is die plek pertinent hier opgeteken net nadat hy hom ook as bloedige vervolger van die Kerk laat ken het. Ons sien hierin die beskerming deur die engele op bevel van die Beskermer van die Kerk. Hy stuit en slaan die vyand ook deur die werk van 'n engel. 'n Engel wat die eer van God handhaaf teenoor die selfvergoddeliking van die mens.

Tot dusver was die verkondiging nog geaddresseer aan die lidmate van die Kerk van die ou verbond. Met Filippus kom daar verandering in. Christus het beveel dat die Blye Boodskap ook aan ons voorouers die heidene gebring moet word. 'n Engel gee Filippus nou opdrag om na 'n plek op die pad van Jerusalem na Gasa te gaan. Die engel mag egter net voorbereidings tref . Die Kerk moet nou meer doen as alleen te bid , 'n broeder diaken moet die Woord- en sakramentsbediening doen. Die engel bring Kerk en wêreld saam om hom daarna terug te trek.

Daar ontmoet hy 'n Ethiopiër aan wie hy die Evangelie verkondig en wat deur hom gedoop word en dan lees ons weer daardie wonderlike woorde dat die bekeerde sy reis ' met blydskap' voortgesit het. Hand 8 'n Engel het ook die heiden Kornelius aangespoor om Petrus te roep om die evangelie te verkondig. Hand 10.

Dit was 'n engel wat vir die apostel - van - die - heidene , Paulus wat op pad was na Rome toe moed ingepraat het en gesê het dat hy in Rome sal aankom omdat hy voor die keiser moet getuig. Hand 27.

Die plan van die Here is dat die evangelie in die hoofstad van die wêreld aan die heidendom verkondig moet word en 'n engel moet Paulus bemoedig in die wete dat God se raad nie gekeer sal word nie.

Die opvallende bly egter dat die engele nou meer op die agtergrond tree , die knegte gee die seuns hulle regmatige plek terug.

In die Handelinge hoor ons uit die mond van die eerste christenmartelaar , Stefanus, weer iets nuuts oor die engele. Hand 7 : 53 Die agtergrond is dat Stefanus , wat beskryf word as iemand aan wie God baie genade en krag gegee het , op valse aanklagte voor die Joodse Raad gesleep is. En dan lees ons dat al die lede van die Joodse Raad stip na Stefanus sit en kyk het terwyl die valse beskuldigings opgedis is en hulle sien 'dat sy gesig soos die gesig van 'n engel lyk'. Goed, dit beteken hier waarskynlik nie veel meer as dat hy met 'n ligglans omstraal was nie. Hoe kon die hoogeerwaarde lede van die hoogste kerklike en joodswêreldlike raad nou eintlik geweet het hoe 'n engel se gesig gelyk het , hulle sou eerder gekonfronteer gewees het met 'n wraakengel. In ieder geval begin Stefanus toe met sy preek . Dit word 'n verdediging genoem maar is baie eerder evangelieverkondiging . Stefanus word valslik daarvan beskuldig dat hy die wet van Moses oortree en wil verander en verbreek. Nou hou hy 'n preek oor die groot werke van God in die openbaringsgeskiedenis en verwys verskillende kere na die werk van die engele as God se gesante om dan by die toepassing van sy preek te kom. " Julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Soos julle voorvaders gemaak het , maak julle ook. Was daar ooit 'n profeet wat nie deur julle voorvaders vervolg is nie ? Hulle het God se boodskappers doodgemaak wat lanktevore die koms van die Regverdige

aangekondig het. Nou het julle self die Regverdige verraai en vermoor. Julle is die mense **wat deur bemiddeling van die engele die wet van God ontvang het.**' Die wet wat hulle van begin tot end kan opsê maar nooit gehou het nie. Daardie wet waar hulle so trots op is as nasionale simbool maar glad nie uitgeleef het nie. Hulle is wetsverbrekers . Hoe ontsettend dit is beklemtoon Stefanus deur daarop te wys dat hulle die wet deur bemiddeling van engele gekry het. Paulus skryf ook daaroor aan die Galasiërs 3 : 19 , hy wys daarop dat die engele die wet in die hande van Moses gegee het in uitvoering van God se opdrag.

Die engele het dus selfs by die gee van God se heil'ge wet hulpdiens verrig. Die wet in die hande van Moses gelê . So belangrik is die wet dat God dit deur engelediens vir die middelaar van die ou verbond gegee het. Hoe maklik onderskat ons die waarde van die wet tog.

Die wet was geskryf en dan in 'n bekende menslike taal . Die vraag is of die engele 'n eie taal sou hê. Die Rabbyne het baie aandag aan hierdie vraag gegee en gesê dat 'n mens nooit in die omgangstaal van Aramees moes bid nie want dan kon die engele dit nie verstaan nie , hulle het net Hebreeus geken. Netsoos verskillende van ons voorvaders in die stryd teen die vervanging van die Statebybel met 'n Afrikaanstalige Bybel aangevoer het dat die hemeltaal die sogenaamde hooghollands was. Die jode het geglo dat 'n gewone gelowige in sy persoonlike gebed die hulp van 'n diensengel nodig gehad het.

Natuurlik het die engele wat as God se gesante 'n boodskap aan die mens moes oordra in 'n verstaanbare taal gepraat. Die vraag is egter of ons op grond van die baie min Skrifgegewens sou kan sê dat die engele ondermekaar in 'n eie engeletaal praat. Dit lyk tog asof ons dit wel uit 1 Kor 13 : 1 kan aflei.

In hierdie hoofstukke skryf Paulus oor die genadegawes wat 'n gawe van die Heilige Gees is en in die bepaalde verband van die gemeenskap van die heiliges aangewend moet word . Daardie gawes, verniet ontvange geskenke , is wonderlik maar nie die allerbelangrikste nie. Dít is die liefde vir God en die naaste. Sonder liefde is die gawes absoluut niks nie . Paulus illustreer dit dan deur te sê : ' al praat ek die tale van mense en engele , maar ek het geen liefde nie , het ek 'n stuk klinkende metaal , 'n galmende simbaal geword. ' Hy sou dan dus heelwat geraas kan maak en mense in ekstase kan opsweep maar in God se oë was hy net 'n dooie instrument. Hy was dan 'n nikswerd.

In Korinte was onder die charismatiese rigting die praat in tale baie populêr - soos dit vandag in daardie selfde klimaat nog is. Daardie hoor van deurmekaar geluide en onsamehangende klanke het vir die hoorders niks beteken nie . Daar moes iemand by wees wat dit kon uitlê. Paulus wat self uitsonderlik begenadig daarin

was - Ek dank God dat ek meer ongewone tale of klanke gebruik as julle almal 14 : 18 - dring aan op nugterheid : so is die gebruik van ongewone tale of klanke dan 'n teken vir ongelowiges en nie vir gelowiges nie .

Paulus trek nou die lyn van die in tale praat deur na die engele toe. Die engele praat dus ook in tale , suiwerder en mooier as die charismatiese Korintiërs. By húlle is geen verklaarder nodig nie , hulle verstaan mekaar en daar is geen sprake van 'n deurmekaarspul soos by die mense nie. Hulle maak die Here groot op 'n suiwer manier. Paulus sê nou dat selfs as hy so wonderlik goed en suiwer in tale kan spreek soos die engele dan sou dit nog nutteloos wees as die liefde nie daarby was nie. Daar is dus wel iets van die knegte van God waarop die seuns van God jaloers kan wees - die suiwer loof van die Here.

Wat die spreek in tale betref is dit soos die verskyning van engele . Beide was daar op die sendingveld in die vroeg-christelike kerk . Vandag kan dit daar moontlik nog gebeur . Die eis van groepe om een of twee van die deur-hulle-uitgesoekte buitengewone gawes en tekens en wonders wat die Heilige Gees in die uitbreidingstyd van die evangelie gegee het vandag na-te-aap om as 'ware gelowiges' bejubel te kan word is absurd. Laat ons tog onthou dat ons Here Jesus spesifiek gesê het :'Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo' Joh 20 : 29. Die geloof, die 'sien-in-die-geloof' is die gewone en beste manier van sien.

Ons moet ons veral daarop toelê ' om God se boodskap te verkondig' 14 : 1b Ons is mos geroep en gesalf as profete wat ons profetiese amp uitleef deur God se groot werke uit te dra . Dit doen ons uit dankbaarheid as God se seuns en juis omdat dit deur dankbaarheid gedra is klink ons gesukkel en gehakkel baie mooier in die ore van die Here as die tongetaal van die engeleknegte. Want ons dankbaarheid vind sy grond in die volkome vrymaking , die volkome verlossing wat ons in en deur Jesus Christus ontvang het. Dit is iets wat die knegte nie ken nie.

Hoofstuk 18.

DIE GEWELDIGE MAG VAN DIE ENGELE IS TOG BEPERK.

Hebr. 1

Na die beskrywing van die handelinge van Jesus Christus deur Sy apostels lees ons nie weer van verskynings van engele aan mense nie . Na Pinksterdag het die openbare optrede van die engele sterk verminder want die seuns moes die Woord verwoord en die engele moes na die agtergrond beweeg maar dit beteken hoegenaamd nie dat hulle nie meer werk nie.

Die apostels gee aan die engele heelwat aandag en titels wat op die belangrikheid van hierdie hemelse geeste wys. Paulus en Petrus wys op verskillende maniere op die mag van die engele.

Dit het 'n redelik algemene opvatting laat posvat dat agter alle regerings en volke die stryd van die goeie en gevalle engele gevoer word. Hierdie siening is gebaseer op die ou joodse leer oor die engele wat dan die wêreld sou regeer in opdrag van God en so dus 'n baie groot invloed op alles in die wêreldgebeure sou uitoefen. Maar dit sou dan beteken dat God nie Self alles regeer nie en dit leer die Bybel ons beslis nie. Soos ons by die behandeling van die profesieë van Daniël gestel het kan ons nie op grond van een Skifgegewe sê dat elke volk sy eie bewaarengel en sy eie engelevors het nie.

Wat die Skrif ons egter wel leer is dat daar vir ons onsigbare magte is, goed en hels-sleg. Paulus gee hulle nogal dieselfde name : magte , owerhede , kragte .

Die engele in hulle verskeidenheid het baie mag en nou wys die Heilige Skrif op die verskillende fasette van hulle magsposisies.

Alle nadruk val by die engele wat as owerhede en magte beskryf word op hulle regeermag. Waar hulle ook al kom tree hulle op met gesag en outoriteit in opdrag van die allerhoogste Outoriteit . Wanneer die engele kragte genoem word wys dit daarop dat hulle nie alleen die bevoegdheid het maar ook die moontlikheid om van die bevoegdheid gebruik te maak en dus hulle mag kan gebruik. In Kol 1 : 16 noem Paulus hulle 'trone sowel as heerskappye en owerhede en magte' - hulle sit dus as konings op trone en beklee dus elkeen op verskillende maniere geweldige

magsposisies.
In die Nuwe Testament word die lyne vanuit Daniël 10 tot 12 nou verder getrek en sien ons dat agter die wrede wêreldmagte wat die Kerk van die aarde wil wegvee , daar bose geeste aan die werk is. In Daniël sien ons dan dat die verdrukte Israel deur God se goeie engele gehelp word en in Ef 6 sien ons dat die stryd nog altyd woed. Ons stryd is teen die bose geeste in die lug. Dit is nie 'n vyand van vlees en bloed nie maar 'n vyand wat ons nie kan sien nie. 'n Swetterjoel vyande wat alle sigbare en onsigbare en voelbare magte teen ons laat opruk en aantree. Die ontsettende is dat hulle nogal dieselfde titels dra as die goeie engele en dus in dieselfde magskategorie is . 'n Wesentlike gevaar is om hulle te onderskat deur met 'n jubelende oorwinningsroes deur die lewe te wil gaan. Die oorwinning is gewaarborg maar ... nog nie bereik nie.
Aan die ander kant moet ons die geweldige mag van al die bose geeste en magte ook nie óórskat nie . Dit doen ons as ons teveel aandag aan hulle gee deur gedurig oor die mag van die bose engele en hulle aartsleeuenaar vader te praat en te skryf.
Teen die duiselingwekkende golwe van bose engele werp die HERE Sy engelemagte in die stryd. Al Sy sigbare en onsigbare , trone, heerskappye , owerhede en magte . Hulle word uitgestuur ter wille van elkeen wat die saligheid sal erf - onthou sál erf - dit lê nog in die toekoms. Hulle beskerm die Kerk van Jesus Christus - elkeen wat as versoende kind na die Vader gekom het .
Ja , die bose geeste in al hulle skrikwekkende vorms het geweldige mag en dan ook dieselfde titels as die goeie engele maar hulle het daardie mag deur diefstal gekry. Hulle het reeds die vonnis oor hulle misdaad gehoor en wag bewend op die voltrekking daarvan . Hulle is deur die soendood van Christus aan die kruis ontwapen , van hulle mag ontneem . Goed , op die oomblik veg hulle nog met alle krag soos 'n kat wat in 'n hoek vasgekeer is , maar hulle is reeds verslaan en veroordeel en ons wag met reikhalsende verlange op die vonnisvoltrekking.
Die goeie engele wie se krag onbreekbaar is veg aan die kant van die gelowiges en sal hulle op hulle hande deur die lewe en deur die poort van die dood na die ewige lewe dra.
Nog baie groter troos lê in die feit dat daardie magtige engeleskares nog maar net die knegte is van die Koning van die Kerk. Hulle is in alles onderwerp aan ons Here Jesus Christus. Wanneer die engele as trone deur Paulus beskryf word spel hy dit baie duidelik uit dat hulle ' deur Christus en vir Christus geskep is' Kol 1 : 16 . Christus is die Meerdere van die engelemagte , Hy is hulle Maker en hulle is gemaak sodat hulle Hom kan dien.
Hieroor skryf die heilige wat sy brief aan die Hebreërs geskryf het met die

bedoeling om die lesers te troos en te versterk. Dit het bitter moeilik met die Kerk gegaan. Die vyand lyk so magtig en voel so magtig. Daar is wonderlike dinge oor Christus verkondig maar ondertussen sit hulle in die grootste moeilikheid - waar bly Jesus nou tog ? Daar is gesê dat Hy sou kom , maar wanneer dan ? Die heidense keiser in Rome baai in heerlikheid en mag maar van die heerlikheid van hulle hemelse Koning hóór hulle net en sien en beleef hulle niks nie. Die Kerk was op alle fronte in 'n oorlewingskrisis. Moedeloosheid het die hande en knieë begin laat verslap. Afval van die suiwere geloof dreig en nou kom daar ook al verering van die engele .

Die Hebreërskrywer skryf nou om hulle moed te gee en dan doen hy dit deur te begin wys op die heerlikheid van Christus wat , sê hy , net so verhewe bo die engele is as wat die Naam wat God Hom gegee het , voortrefliker is as hulle naam wat hy as erfdeel ontvang het' Hebr 1 : 4. Hy is die eniggebore Seun van God. Hy is die Here en al die engele moet Hom aanbid en dien. Watter ongelooflike heerlikheid is daar in Hom wat deur al die heerlike hemelgeeste aanbid en gedien moet word. Die verhouding tussen Christus en die engele is die van 'n Koning tot sy knegte.

In hoofstuk 2 borduur die skrywer daarop voort met ' Dit is nie aan engele dat Hy die toekomstige wêreld onderwerp het nie ' - dit is aan Christus wat ver bokant die engele is. Die bewys daarvoor lê onder andere in Ps 8. Christus is inderdaad vir 'n kort tydjie onder die engele geplaas toe Hy aan die kruishout gehang het en in die hel neergedaal het - verlate van God en mens... maar sodra Hy Sy werk volbring het is Hy met eer en heerlikheid gekroon en is alle dinge aan Hom onderwerp . Dit is vandag se werklikheid.

Christus is verhewe bokant die engele . Paulus sê dieselfde vir die Efesiërs 1 : 21 ' God het Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit : hoog bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy , nie net in hierdie bedeling nie maar ook in die bedeling wat kom.'

Petrus sê in 1 Petr 3 : 22 ' Hy is nou aan die regterhand van God, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.'

Christus is bokant die engele , Hy is hulle Hoof. Die Hebreërskrywer kom nou met 'n baie praktiese toepassing . Prakties maar ook baie hard en skerp as waarskuwing vir sy lesers van alle tye wat in die druk van die lewe die gevaar loop om los te raak van die ware geloof.

In die ou bedeling , die Ou Testament , het die HERE God Sy Woord en dan veral die Wet deur bemiddeling van die engele na die mense gebring. Elkeen wat nie na daardie bodes wou luister nie is baie streng gestraf . maar watter straf wag dan vir

hulle wat die Woord verwerp wat deur die Koning van die engele Self verkondig is en op Sy gesag nog altyd verkondig word ! Hebr 2 : 1 - 4
Dit is nie meer die engele wat verkondig nie.
Die bevrydingsnuus word deur die Here van engele en mense Self deur die werking van Sy Heilige Gees uitgedra . Hy wat vir ons die ewige verlossing verdien het laat dit nou uitbasuin in Sy Woord en deur sy menslike bodes , heroute. Calvyn sê êrens dat so groot soos Christus is , so groot is ook die straf vir hulle wat Sy evangelie verag en verwerp .

Hoofstuk 19

DIE GELOWIGES IS BOKANT DIE ENGELE.

Hebr. 2

Tot die Pinksterdag toe het selfs die gelowiges gewoonlik met angs en bewing 'n ontmoeting met engele beleef. Die engele moes selfs dikwels reguit en streng beveel dat die gelowige moes ophou om bang te wees. Dit was wel 'n donker prentjie van die werklike situasie waarin die mens deur die sondeval beland het. Die mens wat geroep was om as heerser oor die hele geskape werklikheid te heers se bene bewe as hy in aanraking met 'n kneg kom. Van die skepping af was die gelowige dan bokant die geskape geeste gestel. Deur die sondeval het die mens egter tot onderkant die engele gedaal maar daarin kom nou 'n radikale verandering.

Christus het vlees geword , sê die Hebreërskrywer , nie oor engele bekommer Hy Hom nie maar oor die nageslag van Abraham 2 : 16 dus die Kerk uit jode en heidene. Dit gaan nie oor engele nie maar oor die gelowige mens , die mens wat bokant die engele verhewe is .

Die apostel Paulus sê dit baie duidelik en so roerend : ' sodat nou deur die Kerk aan die owerhede en magte in die hemele die ryke verskeidenheid van God se wysheid bekend gemaak kan word ' Ef 3 : 10

Paulus begin met 'sodat' . Dit wys dus daarop dat daar iets vooraf gesê is wat baie belangrik is en wat die doel is van wat gesê is . Die voorafgaande woorde is :' Hoewel ek , Paulus , die geringste van al die gelowiges is , het God aan my hierdie voorreg gegee om aan die heidennasies die evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus te verkondig. Ek moet aan almal bekend maak hoe God wat alles geskep het deur Jesus Christus , nou sy verborge plan uitvoer nadat Hy dit deur al die eeue geheim laat bly het.' Die nuus van die geheim is dat die genade van God, die heilryke verlossing nou ook vir die heidene bestem is , dus ook vir u en my voorvaders wat geen jode was nie . Die Kerk bestaan van Pinkster af uit jode en heidene . Dit is die onverwagte rykdom van die nuwe bedeling . God werk nou om in Christus almal onder een Hoof saam te bring. In die vorige hoofstuk het hy dit uitgedruk as ' maak van vrede ' . Jood en heiden was uitmekaargeskeur deur die

breker van alles , die sonde, maar die HERE werk na die groot sabbatsvrede toe deur orals die onpeilbare groot rykdom in Christus te laat verkondig. Daarin mag ons dan die ryke verskeidenheid van God se wysheid raaksien.
Dit is nou die Kerk se roeping , u en my roeping , om daardie veelkleurige wysheid van God bekend te maak . Aan wie ? Aan mekaar ? O , ja , ook aan mekaar en aan ander wat buitekant die gemeente , buitekant die christelike geloof hulle heil en redding en rus en toekoms soek. Dis presies wat Paulus gedoen het.
In hierdie teks sê Paulus egter iets heeltemal nuuts , iets totaal anders. Die Kerk moet ook aan die 'owerhede en magte in die hemel' die ryke verskeidenheid van God se wysheid bekend maak. Dit is aan die engele . Dink u dit in ... hulle word spesifiek die ' owerhede en magte ' genoem . So heerlik hoogverhewe , so stralend magtig en ...hulle moet deur ons onderrig word. Húlle so hoog en sterk , ons , die Kerk van Jesus Christus op aarde so dikwels plat op die grond geslaan en vertrap en verneder en belaster ... dikwels so kleinmoedig en sukkelend met eie sonde deur te veel van haarself te dink en veels te min van haar Eienaar , Koning-Verlosser.
In die lig hiervan is dit wel verstaanbaar dat die aandag van die christelike Kerk vir die engele nie baie groot was nie . Dit is na Pinkster nie die Kerk van Christus wat van die engele afhanklik is nie , dis juis die omgekeerde , die engele is afhanklik van ons !
Wat moet ons doen ? Nee , ons hoef nie te kom met preke , ons kan nie kom met openbarings soos die engele in die ou bedeling moes doen nie. Ons moet verkondig aan medemense nie aan mede-skepsel-engele nie. Ons moet vir die engele net met die daad wys , in ons bestaan en lewe as Kerk , as gelowiges ondermekaar , die veelkleurige wysheid , daardie ewige wysheid van God , laat sien. Ons moet in ons gelowige werk met mekaar en ondermekaar en buitekant toe teenoor gelowiges en ongelowiges laat sien dat God aan die werk is om alles onder die een Hoof Jesus Christus saam te bring. Dat God op pad is - met ons - na die nuwe hemel en die nuwe aarde met ware vrede onder mens en dier .
Natuurlik moet dit gesien kan word deur die engele en deur die naaste . Sending en evangelisasie help niks sonder onderlinge lewende liefde en verdraagsaamheid en die dra van die heerlike vrugte van bekering nie. Ons moet die engele kan wys dat ons onsself deur Christus wil laat regeer en lei. Watter wonderlike roeping dat ons ondanks ons tonne gebreke , sondes en louheid , die magtige hemelgeeste mag leer wat die onmeetlike groot ewige wysheid van God is.
Die engele weet natuurlik wel iets van daardie wysheid van God maar sê 1 Petrus 1 : 12 hulle is begerig om meer hiervan te weet. Letterlik staan daar dat hulle vooroor wil buk om beter , om mooi te kan sien , om die heerlikheid van die verlossing te

deurgrond. Met die bedoeling om God dan nog meer te kan loof en eer in sang en lied en alle moontlike dienswerk.
Watter wonderlike vooruitgang van die Kersnag en Paasoggend en Hemelvaartsdag . Toe moes die knegte die kinders onderrig , nou is die rolle totaal omgekeer. Die knegte wat van hulle skepping af by die troon van die HERE God was moet nou leer van die kinders wat woon op 'n aarde van sonde swaar en oudgedaan.
Dit is vandag die roeping van die Kerk jeens die hemelwesens , die engele . Vandag . Maar môre is daar ook werk teenoor die engele . Op die Jongste of Laaste Dag wag daar 'n heeltemal ander werk op die gelowiges teenoor die engele . Dan moet ons hulle jou werklikwaar ...oordeel.
Dis alweer Paulus wat met hierdie verbasende nuwe berig na ons toe kom. Hy doen dit in sy brief aan , van alle mense , die Korintiërs (1 Kor 6 : 3) . Nadat hy op een van die baie sondes van die gemeente in daardie groot stad gewys het , naamlik dat die gelowiges mekaar na die heidense hof toe sleep sê hy ' of weet julle nie dat ons oor engele sal oordeel nie ?'
Die Korintieërs het nou nie juis aan 'n minderwaardigheidskompleks gely nie . Hulle was afgryslik hoogmoedig en eiewys en dis nogal logies dat dit baie gestry onder mekaar veroorsaak want elkeen het dan mos die wysheid in pag. Van liefde onder mekaar was daar dus allesbehalwe 'n oorvloed . Van wysheid, waarop hulle hulleself beroem het en hulleself oor gelukgewens het , was daar g'n snars te sien nie want hulle sleep mekaar dan voor 'n heidense regter.
Dan kom die heilige apostel met 'n paar vlymskerp vrae op die slim eiewyse gelowiges af. Ja , hulle was oersondig en tog noem die apostel hulle sy geliefde, in Christus Jesus geroepe heiliges wat veral die gawes van kennis en die gawe van die woord ontvang het , dit ontbreek hulle selfs aan geen enkele genadegawe nie 1 : 4 e.v.
Onder mekaar baklei hulle so liefdeloos dat hulle tot in die heidene se hof 'vorder' maar as hulle derglike verskille ondermekaar nie eers kan oplos nie - ondanks hulle eie veelgeroemde 'wysheid' - hoe in vredesnaam wil hulle dan later die wêreld oordeel ? Hulle weet mos dat dit hulle taak later sal wees. Self vrygespreek in en deur Jesus Christus moet hulle - en ons - later die wêreld oordeel . Ons sal daar wees as Christus as Regter oordeel maar ons sal ook deelhê aan daardie hofsaak. Maar hoe kan dit ooit gebeur as die gemeente nie eers 'n gelowige uitspraak kan doen oor verskille tussen broeders en susters nie? Die apostel gaan nog verder ..nie net oordeel oor die sondige wêreld nie maar ook oor engele. En dan is dit hier nie die gevalle , die bose engele nie maar goeie engele. Want Paulus gebruik die woord wat hier vir engel gebruik word altyd vir die goeie , die getroue engele. Die

gelowiges moet dus ook oor engele oordeel.
Hoe kan ons dit verstaan ? Hulle kan dan nie sondig nie . Dit gaan maar netsoos met die gelowiges wat in en deur Christus reeds veroordeel is , die uitspraak gehoor het en nou in die openbaar vrygespreek en in hulle heerlike staat bevestig word.
So gaan die oordeel oor die engele ook . Deur al die tye het hulle God gedien . Nou kom hulle voor Sy Regterstoel . Die oordeel van die hoogste Regter gaan oor hulleself en hulle werk en dan mag hulle die Goddelike goedkeuring hoor . Aan daardie oordeel mag die gelowiges deelneem . Ons mag ons instemming betuig met die goedkeurende oordeel van God oor Sy getroue diensknegte.
Ons moet dus werklik aandag aan die engele in ons lewens gee. Maar die Heilige Skrif roep ons gedurig op tot 'n gebalanseerde lewe en veral geloofslewe. Dit is so menslik maar nie daarom te verontskuldig nie , dat ons ook in ons houding teenoor die engele weereens die balans verloor. Dit is weer die apostel Paulus wat ons in die bek ruk deur ons te waarsku teen 'n verkeerde siening van die engele en dan veral 'n soort jalousie op hulle bestaans-wyse. In sy brief aan die Kolossense skryf hy in 2 : 18 :' moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding / verering van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie'. Soos so dikwels waar dit oor die engele gaan is daar 'n bietjie onsekerheid oor die uitleg van hierdie teks . Dit is ook nie verbasend nie want Paulus spreek gedurig met 'n bepaalde terughoudendheid oor die engele. Hy baken die terrein en belangrikheid van die engele af want die klem moet nie so sterk op hulle val soos die gelowiges daaraan gewoond was in die sinagoge nie. Alle klem val op die groot unieke werk van Jesus Christus . Die gevaar vir die gemeente van daardie Christus is nou dat daar , in aansluiting by jodedom en heidendom ,'n ontsporing kom met die belangstelling vir die hemelgeeste. 'n Belangstelling wat verword in 'n gods-dienstige verering. Of ons nou vertaal met engeleverering of engele-aanbidding of engelevroomheid maak nie werklik saak nie. Dit gaan oor die onwettige (ere-)diens aan die engele. Vir die mens word die bestaanswyse van die engele dan 'n navolgenswaardige voorbeeld en ook iets om sterk na te verlang. Dit gaan dan dus nie meer oor 'n verlange om die wil van die Here God te doen soos ons moet bid 'Laat U wil geskied soos in die hemel (die woonplek van die engele) netso ook op die aarde ..' nie . Daarin word die engele as voorbeeld vir ons voorgehou . Maar die bedoeling van die dwaalleraars is om ons te laat verlang na die manier waarop die engele bestaan : die gemis van 'n liggaam , die gemis van geslag , die gemis van huwelik dus absolute onthouding of askese wat dan as voorwaarde vir die toppunt van die christelike lewe voorgespieël is. Dit

was 'n baie sterk verspreide leer onder die heidene . Die liggaam is gesien as van minderwaardige kwaliteit en beslis baie-baie minderwaardig in vergelyking met die 'gees' of 'siel' (wat dit dan ook al mag wees). Hierdie valse verlange na liggaamloosheid in godsdienstige sin , om soos die engele verlos te wees van die las van liggaamlikheid wys Paulus af. Let egter op dat ek geskryf het 'in godsdienstige sin'. Baie van ons kom op 'n stadium dat ons verlang na die verlies van ons liggaam wat afgetakel word deur siekte en swakheid en daarby kom die stryd 'teen die eie vlees' wat die verlange laat groei na die ontvangs van 'n nuwe liggaam dus altyd nog 'n liggaam maar dan verlos van die sonde en oorklee met die geregtigheid van ons Verlosser Jesus die Christus. Daar is niks mee verkeerd nie , inteendeel .

Ons weet heel eenvoudig te min oor die dwaalleer in Kolosse om veel meer te sê . Paulus waarsku ons egter teen die ou dwaalleer wat vandag nog springlewendig is om die 'geestelikheid' en die 'geestelike lewe' met oorspanne emosie te prys sodat die rykdom van die geskape wees na die beeld van God vergeet word. Hierdie heidense dwaalleer kom so duidelik uit in die gewoonte om te praat van 'n oorlede mens se lyk as 'die stoflike oorskot' asof dit 'n opgebruikte massaproduk is wat by die huisafval behoort en na die rommelhoop of afvalhoop moet gaan saam met al die weggooigoed van die moderne vervangings-maatskappy. Vroomheid is nie 'n soort engele-agtigheid nie al word dit nog so aangeprys. Onthouding en asketisme is nie 'n voorwaarde of begerenswaardige hoogtepunt op die leer van geestelike groei nie. Onliggaamlikheid soos die engele dit het is nie alleen nie iets vir die gelowige om na te verlang nie , dit is iets wat die gelowige nooit sal kan bereik nie, nie net op aarde nie maar netsomin op die nuwe aarde en in die nuwe hemel nie.

As ons nou in die lig van die Skrif sien hoe ons werklik bokant die engele verhewe is, dan maak dit ons oë ook oop vir ons roeping vandag teenoor ons naaste wat ook meer as die engele is. Laat ons nie net baie weet nie, maar wetend doen.

Hoofstuk 20.

ENGELEDIENS.

1 Kor. 4

Die sterkste indruk wat ons van die engele het is dat hulle sangers is . Veral in die kuns kom dit tot uitdrukking . Dieselfde sien ons by die meeste engelefigure wat by die sogenaamde kersboom behoort : oop singende monde en vlerke maar ook die dra van 'n harp of ander snaarinstrument.

Die Skrif gee ons wel rede om 'n derglike beeld van 'n engel te hê. Behalwe dat hulle dan geteken word as 'n groot groep engele.

Na Handelinge lees ons nie weer van 'n verskyning van engele aan een of meer mense nie. Hulle verkondigingstaak is afgehandel, dit is nou die werk van die mense. Hulle mag die Woord verkondig en so alle lig op die Christus laat val. Op die Lig van die wêreld waardeur alle ander lig verbleik , ook die glans van die hemelwesens.

Engele as singende wesens . Maar dan deel van 'n groep wat dit as 'n bepaalde deel van hulle ampsdiens het om te sing. Ons noem die ampsdiens in die amptelike samekoms van die gemeente die liturgie. Deel van die liturgie van ons kerkdiens is dan ook behalwe die Woordverkondiging en die diens van die gebede die diens van die kerksang.

In die Nuwe Testamentiese briewe en veral in die Openbaring van Jesus Christus aan Johannes tref ons die engele veral aan as liturgiese geeste. Hulle staan in die allerheerlikste diens , ampsdiens , van die Here God.

Die Hebreërskrywer noem hulle in 1 : 14 'geeste' , dus wesens sonder vlees en bloed , sonder 'n sigbare liggaam . Met ons oë kan ons hulle nie sien nie.

In hierdie teks in Hebreërs word die engele dienende geeste genoem , letterlik staan daar 'liturgiese geeste' . Hulle staan in die ampsdiens van God wat uitgestuur word om hulle te dien wat die saligheid gaan beërf. Vir hierdie diensverskaffing aan die gelowiges gebruik die heilige skrywer dan die woord 'diakonia' waarvan die woord 'diaken' kom. Die diens van die engele is dus om God te dien tot voordeel van die Kerk van Christus.

Dit maan ons ook weer tot versigtigheid om sommer so maklik die engele te wil opkommandeer om iets vir ons te doen , om hulle voor ons karretjies te span , soos so maklik gebeur as ons te familiêr raak met hierdie hemelwesens en veral met die Koning oor hulle en ons.

Hoe die engele hierdie deel van hulle amptelike dienswerk presies doen word hier nie uitgespel nie. Hulle kan absoluut niks bydra vir die saligheid van die gelowige nie , dit is net en alleen volledig gedoen deur hulle en ons Hoof Jesus Christus. Al wat hulle kan en moet doen is om die pad oop te hou vir die bereiking van die saligheid. Dus beskermingsdiens in 'n uiters vyandige omgewing.

Beteken dit dan tog dat elke mens sy eie beskermengel of -heilige het ? Ons moet hier weer baie terughoudend en nugter-gelowig bly. Ons is so maklik geneig om iets wat net eenkeer in die Heilige Skrif vir ons gegee word sommer in die algemeen van toepassing te maak. Iets wat uniek is veralgemeen ons so graag omdat dit ons so mooi pas. As die Here Jesus praat oor die bewaker van 'n kind, dan trek ons vinnig die lyn verder om dan tot die gevolgtrekking te kom dat elke mens sy eie beskermengel het. Dit is baie gevaarlik om so te redeneer want in hierdie betrokke geval gaan dit glad nie daaroor nie , dit gaan oor die verleiding van gelowiges wat 'n kinderlike geloof het. Dit gaan in die verband van die teks nie oor 'n bepaalde of alle kinders van alle tye nie.

Dieselfde met die geskiedenis in Daniël waar daar gepraat word oor die engele wat aan die hof in Persië en Griekeland geplaas is om die volk van God , die volk Israel , in sy uiterste groot nood te beskerm. Dan praat ons so maklik van iets soos volksengele waarvan elke volk een ontvang het. Ons eie volk dan ook . In die verlede het dit nogal lekker geklink en nogal troosvol gevoel. Maar selfs om so'n gedagte nou na die werklikheid van vandag te verplaas is omtrent onmoontlik. In die blomtyd van die afsonderlike ontwikkeling idee was daar die vraag oor wie die 'volk' nou eintlik is ? Is die sogenaamde Kleurlinge 'n volk ? Wie is die Afrikanervolk ? Vandag is daar in elk geval bitter min mense wat hulle nog steur aan so'n vraag , die hele idee van 'volkwees' het vervaag en is kunsmatig verdryf deur die skynbaar doodgelope idee van 'n 'reënboognasie' te word. Dit gaan ons veels te ver voer om hierop nou verder in te gaan al het dit sekerlik geweldige konsekwensies ook vir ons geloofslewe. Om egter nou so kort na die politieke aardbewings in ons land teologies verantwoord dit uit te spel is nie juis haalbaar nie - daar moet afstand kom sodat partypolitiek en emosies nie besmettend sal werk nie.

Die volk Israel was in die Ou Testament absoluut uniek en onvergelykbaar met enige ander volk van toe en vandag. Daardie volk het in ieder geval na die

kruisiging van Jesus Christus sy unieke posisie totaal verloor en is vandag 'n wêreldse volk soos enige ander wat met wêreldse mag en sogenaamde 'politieke oplossings' probeer oorleef sonder om enigsins tot eer en verheerliking van God te wil werk. In Daniël het dit nie gegaan oor die staatkundige oorlewing van 'n bepaalde volk nie maar spesifiek oor die oorlewing van Israel as die Godsvolk , die Kerk waaruit die Verlosser , die Christus gebore moes word. Dit was waaroor dit gegaan het. Dit het hier oor 'n geweldige nood in die voortbestaan van die Kerk en die verlossing van die hele skepping gegaan.

Sê dit dan vandag niks meer vir ons nie ? O , ja , ons kan troos uit daardie gegewens put wanneer dit lyk asof die Kerk van Christus van die aarde weggevee kan word , of ook wanneer die groot afval kom en die Antichris kom . Dan kan ons dink aan hulp van die engelemagte en des te sterker ons verweer teen die bose magte. Die groot afval .. want dit is nie net die doodsdreiging wat ons moet aangryp nie maar veral ook die loslaat van die God van ons vaders as dit oor Israel en die nuwe Israel = die Kerk van Jesus Christus gaan.

Ons moet dus onderskei tussen die permanente diens van die engele en die kere wat een of meer engele 'n spesifieke opdrag ontvang. Ons moet onthou dat engele nie na eie goeddunke 'n vakansiereis na die interessante aarde kan maak nie , hulle kan slegs uit die hoë hemel na die aarde reis wanneer God hulle met 'n bepaalde opdrag stuur . Hulle is en bly God se diensknegte en word nie die mense se diensknegte nie.

Boonop is die menslike lewe so heerlik vol verskeidenheid dat ons net eenvoudig nie die ondervindings en ervarings van die een op onsself of ander kan en mag toepas nie. Ons sien dit duidelik in die rol wat engele mag speel in die bestaan van mense en volke.

Ons lees byvoorbeeld van die verlossing van die apostel Petrus uit die gevangenis met behulp van 'n engel maar in dieselfde hoofstuk lees ons van die gevange apostel Jakobus maar hy word nie verlos nie , inteendeel hy word doodgemaak. Paulus verdryf verskillende bose geeste uit mense maar as hyself deur so'n bode van Satan gekwel word dan bid hy tevergeefs vir bevryding daarvan. 2 Kor 12 : 7

Daar is baie derglike voorbeelde in die Bybel. God se pad met Sy kinders is heel verskillend en uniek. Dit is net Sy Goddelike liefde wat vir almal presies gelyk is want God het geen witbroodjies of stiefkinders nie. Laat dit ons dan nie met vrae agter nie? O , ja , inderdaad daar is vir iemand wat 'n aanvoeling daarvoor het meer as genoeg vrae waaroor hy sy kop kan laat bars. En daar is ook geen antwoorde op verreweg die meeste vrae oor God se voorsienigheid nie... maar dis niks nuuts nie . God het Self dit al uitgespel : daar is geen deurgronding van Sy verstand nie' Jes 40

:28 en ' die onsin van God is groter wysheid as die wysheid van mense' 1 Kor 1 : 25 en ' hoe ondeurgrondelik is Sy oordele , hoe onnaspeurlik Sy weë ! ' Rom 11 : 33
Dieselfde Paulus skryf ' Dit lyk vir my God het aan ons, die apostels , die laaste plek in die ry gegee asof ons mense is wat tot die dood in die arena veroordeel is. Ons het 'n skouspel - 'n teater - geword vir die wêreld , vir engele sowel as vir mense. ' 1 Kor 4 : 9 Dit beteken dat die engele met geweldige gespanne aandag die lotgevalle van die apostels dophou. So'n meelewe van die liturgiese geeste.
Maar dit slaan nie net op die apostels nie . Die engele let netso gespanne op die lewe van die ander gelowiges. Ons lees dit in dieselfde brief 1 Kor 11 : 10 : 'daarom behoort die vrou 'n teken van die man se gesag oor haar , op haar kop te hê ter wille van die engele '. Tja , 'n moeilike teks wat die verklaarders heelwat hoofbrekens gegee het en nie lank gelede nie kardinaal was in die vraag of die susters sonder hoed na die erediens mag kom.
Uit die verband word duidelik dat daar susters was wat in die openbaar gebid en geprofeteer het. Paulus wys dit nie af nie. Maar hy verwerp dit dat hulle dit, soos die mans, met 'n onbedekte hoof wil doen. Dit beteken dus nie dat hulle nie met onbedekte hoofde in die kerk mag kom nie want dit gaan hier oor vrouens wat die gawe van die profesie ontvang het . Dit is 'n gawe wat in die eerste tyd van die christelike kerk voorgekom het.
In daardie tyd was dit ook vir getroude vrouens normaal dat wanneer hulle in die openbaar verskyn het, hulle hoofde bedek was. Die hare was dus opgemaak en daaroor was een of ander hoofbedekking. Dit was heel eenvoudig 'n teken van basiese ordentlikheid . Daarteenoor was , volgens verskillende verklaarders die advertensie van losbandige vrouens en prostitute om met loshangende hare en sonder 'n hoofbedekking in die openbaar te verskyn. Onder die jode was dit egter die gebruik dat 'n ongetroude vrou tot haar troudag met ongedekte hoof in die openbaar verskyn het.(vgl. ook Gen 20 : 9 en 26 : 10)
Die vrou wat 'n hoofbedekking gedra het , het daarmee ook nie alleen die verskil tussen man en vrou benadruk nie maar veral dat die man deur God as hoof oor haar gestel is. Met die hoofbedekking erken sy die bevoegdheid wat die Here haar man oor haar gegee het. Kom ons nou met hierdie uitleg in die warm water met die stryd van emansipasie en feminisme ? Paulus het daardie gevaar al baie goed besef soos uit vs 16 blyk . Die saak waaroor dit gaan is om die verband van die hele redenasie absoluut vas te hou. Dit gaan oor die verhouding tussen God , Christus , man en vrou. As daardie verhouding van die eenheid van en in die liggaam van Christus versteur word deur 'n opstandige houding teen die skeppingsorde dan is dit verkeerd.

Ons het hierby uitgekom omdat die apostel die engele daarby betrek het. Hy skryf tog : daarom behoort die vrou 'n teken van die man se gesag oor haar , op haar kop te hê ter wille van die engele. Die ou opvatting was dat dit oor bose engele gaan of dat die engele nie geprikkel mag word nie - ag nee wat. Verder was dit onder die heidene die gewoonte om in godsdienstige ekstase te raak tydens hulle afgodsdienste en dan het die vrouens hulle hare losgemaak . Die woes op en af dansende hare was 'n duidelike uitdrukking van die godsdienstige vervoering en het verder gestimuleer tot meer onaardse verrukking wat uiteraard deur die gebruik van bedwelmende middels aangevuur is. Die hele prentjie laat 'n mens dink aan die moderne pop'sterre' wat in woord en 'sang' en opswepende 'musiek' die luisteraars tot ekstase bring en dikwels juis met wapperende haredos hulle manewales uithaal. As die susters in die gemeente van die Here Jesus Christus nou ook met ongedekte hoof in 'tale' en 'vreemde tonge' sou spreek dan sou die Kerk eerder na 'n sekte kan lyk en die grens tussen Kerk en wêreld oorskrei. Eintlik kry ek by nie een van die kommentatore 'n werklik bevredigende antwoord nie. Bly dus staan dat dit as 'n skande beskou is as 'n getroude vrou haar rykdom aan hare afgesny of afgeskeer het. Dit wil my voorkom dat Paulus ons leer dat die engele wat bly is oor die bekering van een sondaar aan die ander kant hartseer en kwaad sal word as hulle sien dat in die gemeente deur opstand die deur God gegewe orde aangetas word. Só intens leef die engele saam met die gelowiges.

Die Woord roep ons dus op om tog maar 'n keer daaroor te dink dat ons lewe nie alleen deur God raakgesien word nie maar ook deur die engele - en dit is van baie groter belang as ons bekommernis oor wat mense , daardie 'hulle' , van ons of ons geliefdes sal sê.

Hoofstuk 21.

SINGENDE ENGELE.

Op. 4

Nou kom ons uiteindelik by dit waarvoor die engele in die algemeen die bekendste is , behalwe miskien as bewaarengele wat ons nou nie juis in die Bybel lees nie.

Uit Hebreërs 1 het ons gehoor dat die engele as liturgiese geeste die gelowige dien. Liturgie sien ons dan as die amptelike diens in die amptelike werk van engele en ook van ons as mense wanneer ons saam vergader is in die erediens.

Veral in die boek die Openbaring van Jesus Christus aan Johannes ontmoet ons die engele as sangers in die liturgie van die hemelse lof aan God. Openbaring is die laaste Bybelboek en daarom is dit seker nie eienaardig dat ons daarin nie juis baie nuwe feite oor die heerlike hemelwesens lees nie . Wel is opvallend dat daar geen Bybelboek is waarin soveel oor engele geskryf is nie , ons kry daarin sommer 52 keer die woord engel of gees wat ruim een-vyfde is van al die kere wat hulle in die Skrif genoem word! In die laaste Bybelboek is daar ook 'n ryk verskeidenheid van die dienswerk van die hemelse bodes wat selfs alleen al te sien is in die groot verskeidenheid musiekinstrumente wat deur hulle bespeel word. Dit klink amper asof ons by die laaste psalm uitgekom het en daar 'n opsomming is van 'n hele tempelorkes.

Openbaring is 'n Bybelboek wat daarin uitmunt om baie verwysings na die Ou Testament te gee. Die eerste keer wat ons nou engele teëkom is dit dieselfde gerubs wat Esegiël gesien het Op 4 : 6.

Hulle staan weerskante van die troon van God en dan waaier in 'n halwe sirkel van hulle uit die ouderlinge, 12 aan elke kant . Die gerubs verskil daarin van die wat die profeet Esegiël gesien het dat hulle nou nie elkeen die voorkoms van vier diere het nie maar een lyk soos 'n leeu , die tweede soos 'n bul , die derde met 'n gesig soos van 'n mens en die vierde soos 'n roofvoël wat vlieg. Elkeen het ses vlerke gehad wat rondom en aan die binnekant vol oë was. Wat die vlerke en hulle diens van sang betref laat dit ons dink aan die roepingsvisioen van Jesaja. Hierdie geweldig indrukwekkende hemelwesens het dag en nag die driemaal "Heilig, Heilig. Heilig.'

gesing. Dag en nag , sonder om te rus. Maar tog lees ons in die volgende hoofstuk al dat daar 'n pouse is waarin hulle swyg. Dan is daar stilte in die hemel. Uit die vervolg lyk dit asof die oudstes en wesens net op die hoogtepunte van God se werk daardie gedurige eerbetoning en lofprysing gee. Is dit dan sogenaamd 'weer' 'n geval van 'oordrywing' of van foute in die Bybel ?

Die 'dag en nag sonder om te rus' wys allereers op die nie-moeg-word-nie . Ons word in die gejaagde rustelose eeu van tegniek en handel gou moeg en selfs moeg van niksdoen of verveling. Hierdie skepsele ken nie die afwisseling van werksdag en sabbat of van dag en nag wat ons nodig het om weer op kragte te kom nie. Hulle beleef een werksdag wat tegelyk ook een sabbat is. Hulle beleef dit wat vir ons belowe is as 'werksame rus' - ons rus van ons bose werke want ons kan nie meer sondig nie en dan is daar geen onrus meer wat altyd volg op die sonde. Ons het volmaakte rus gevind in ons Verlosser Jesus Christus , so'n unieke rus dat die Hebreërskrywer 'n nuwe woord daarvoor gemaak het : (feestelike) sabbatsrus Hebr 4 . In beginsel begin daardie ewige sabbatsrus al hier op aarde in hierdie lewe soos ons bely met die Heidelbergse Kategismus Sondag 38 om dan in volkomenheid as ewige sabbat geken te mag word Op 21 , 22. Werksame rus is dus geen skrikwekkende niksdoen nie , maar is om heeltemal op te gaan in die diens aan God , om jou met Hom te verlustig in die veelkleurige rykdom van sy skepping.

Die hemelse gerubs het dus geen vakansierus nodig nie , hulle is aan een stuk deur besig maar dit sluit nie uit dat hulle soms pouseer wanneer dit in God se tempelorde pas nie. Wat hulle aard betref het hulle egter geen pouse nodig nie.

Verder is 'dag en nag' 'n tipies Ou Testamentiese uitdrukking wat wys op die intensiteit van die handeling vgl. Ps 1 : 2 ; 42 : 4; Jes 27 : 3 ; Deut 11 : 12 . As Paulus vir die ouderlinge van Efese sê : 'onthou dat ek elkeen van julle drie jaar lank onder-rig het , aanhoudend , dag en nag...' Hand 20 : 31 dan sluit dit ander oomblikke en rustye nie uit nie. Dit beklemtoon die fel bewoë en heeltemal toegewyde aktiwiteit wat deur niks gekortwiek word nie. Dit is wat ons rondom die troon van God sien. Die belangrikheid daarvan word onderstreep deur die onophoudelike.

Die hemelinge swyg byvoorbeeld ongeveer 'n half uur lank terwyl hulle tog werksaam is deur te luister na die gebede van die heiliges op aarde Op 8 : 1.

Rondom die troon van God is daar liturgiese samewerking tussen die wesens en die ouderlinge. Wanneer die een groep aan God eer en heerlikheid en dank-segging toegebring het, vervolg die ander groep daarmee. Gedurig daardie wonderlike samewerking. Dit wat Johannes hier hoor was al eeue lank deel van die liturgie van Israel, dit beklemtoon weer die band tussen Openbaring en die Ou Testament. Dit

is ook wonderlik dat die 24 ouderlinge saamsing. Hulle laat ons dink aan 'n kerklike vergadering met die hemelsgroot verskil dat hulle dan saamsing en saamstem . Dit wys natuurlik op die toekoms van die kerk want hier op aarde is daar van saamstem in die kerk nie juis dikwels veel te beleef nie , dáár is dit totaal anders juis omdat hulle met God saamstem. Watter heerlike vooruitsig. Seker ook daarom wat ons Here Jesus ons leer bid het ...'Laat U wil geskied, soos in die hemel..'

Die Bybel gee ons dus die beeld van een groot gemeenskap van saliges en heiliges, van salige mense en hemelgeeste by God en die Lam. Maar ook die warm meelewing met die martelaarspad van die strydende Kerk.

Daar is een baie opvallende saak wat ons in die hemelse liturgie nie sien nie maar wat juis in die aardse liturgie 'n onmisbare element is. Dit is die skuldbelydenis. In die hemel is dit nie meer nodig nie. Ons Here Jesus het mos volkome betaal en in die waaragtige lewe na hierdie lewe is dit nie meer moontlik om skuld op skuld te stapel nie. Die skuldbelydenis word vervang met die heerlike volmaakte lofprysing , die lofsang vir die Lam wat geslag is en so al ons skuld bedek het.

'n Ander element wat baie dikwels in die hemel sy plek kry maar op aarde slegs aarselend en dikwels baie gedemp gesing word is die lied van die oorwinning. Op aarde het dit ook wel sy plek maar met reg gedemp want dit lê per slot van rekening nog in die toekoms, hoe naby of verweg dit ook al mag wees. Op Johannes moes dit seker 'n geweldige indruk gemaak het. Hy is 'n banneling op 'n verlate eilandjie wat moes sien en hoor dit wat spoedig sou gebeur. En dit was 'n gesig van bloed en trane. Maar die grondtoon van die lied wat hyself kon hoor was een van ongedagte oorwinning, die Lam oorwin en sal oorwin wat ook al tussen in mag en sal gebeur. Met die Lam ook al die gelowiges. Soos Johannes op die strand by die see gestaan het, so staan in die wêreld van die hemelinge die sangers by die see van glas om die lied van die oorwinning te sing, uit te jubel. Watter heerlike slotbedryf vir al die martelare, vir die Kerk wat sug en steun onder die kruis, en vir elkeen wat nou nog vervolg en verdruk word ter wille van die getuienis vir Jesus Christus.

Hulle wat My eer sal triomfeer !

Behalwe om te sing is daar ook die werk vir die engele om die gelowiges te 'verseël'. Johannes sien die vier engele by die vier hoeke van die aarde staan om die oordeel van God oor die aarde te laat losbars. Dan kom daar 'n ander engel wat die seël van die lewende God dra en hy beveel die vier engele om nie met die oordeelsvoltrekkingswerk te begin nie want :'Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël '7:3 Ons sien dus baie konkreet <u>hoe</u> die engele hulle dien wat die saligheid sal beërf. Hulle word veilig gestel teen die

afgryslike rampe waarmee die Here die aarde gaan tref. Die aarde sal getref word en die gelowiges sal dit as bewoners van die aarde ook beleef maar nie daarin omkom nie - hulle sal hulle voete teen geen klip stamp nie want die engele word gestuur om hulle te dra. Ons kry hier alweer raaklyne met die Ou Testament en dan veral met Esegiël 9 waar die gelowige oorblyfsel ook verseël, gemerk word. Ja, die oorblyfsel, so dikwels word dwarsdeur die Skrif daarop gewys. Dit is dan ook een van die redes waarom die triomfalisme met bulderende oorwinnings-liedere op aarde nog nie 'n plek het nie. Die Kerk-op-aarde moet sy plek ken. Ook vir die Kerk geld wat vir die Koning van die Kerk gegeld het : deur lyde na heerlikheid. Hoe kan ons tog eintlik verwag dat dit met die volgeling op aarde soveel beter sal gaan as met die groot Leidsman ?

Watter troos vir die martelaarsgemeente - alle diensknegte van God word op hulle voorkop dus duidelik sigbaar vir vriend en vyand verseël. Hierdie brandmerk is die eiendomsmerk wat die gebrandmerktes onskendbaar maak. Soos in die Paasnag by die uittog uit Egipte en in die visioen by Esegiël gaan die verderfengele verby sonder om die verseëldes te beskadig. Waarskynlik wys die seël van die lewende God die Naam van God. Ons lees in hoofstuk 14 : 1 dat die Naam van die Vader op die voorkop gedra word. Om daardie Naam te dra wys op die gewillige diens wat die draer wil verrig. Van God se kant af word dan beskerming belowe. Ons kan ook weer behalwe aan die doop dink aan die plaatjie wat die hoëpriester op sy voorkop gedra het : Heilig vir die HERE !

Die engele tree in Openbaring baie dikwels op as diensknegte van God vir die mens, deur 'n engel sien die apostel elke keer iets en ontvang hy verduidelikings. Later wil Johannes, oorstelp soos hy is deur alles wat hy hoor en sien, die engel aanbid. Hy is bevange deur alles en vergeet 'n oomblik die afstand tussen die Skepper en 'n weliswaar heerlike skepsel. Die engel wil niks daarvan weet nie .

So is die engele. Hulle is absoluut gehoorsame skepsele, hulle ken hulle plek wat hulle deur God toegewys is. Hulle is diensknegte wat onder dieselfde Here as ons staan. Sy opdrag aan Johannes en aan u en my is die belangrike : 'Aanbid God !'.

NAWOORD.

Op die versoek van 'n suster het ek uiteindelik my begin verdiep in dit wat die Heilige Skrif ons oor die engele openbaar. Dit het vir my ongekende rykdomme laat ken . In reaksie teen volksgeloof en dwalings op die kerklike terrein het ek nooit veel aandag aan hierdie rykdom gegee nie .. tot my eie verarming. Tog het ek van kinds af aan met die werklike bestaan van die engele grootgeword omdat my vader in sy aandgebed altyd gebid het :" o , Vader , wil U engele beveel om as getroue wagte by ons en ons geliefdes se beddens te staan..' vandag is dit nog 'n vaste onderdeel van my aandgebed ...

Omdat die Here ons baie voorgangers gegee het en dit ondankbaarheid is om nie van hulle begenadigde werk gebruik te maak nie het ek uit hulle werk dankbaar geput. As basis het ek die werk van Ds. J . Meijer : De engelen in de openbaringsgeschiedenis (Goes 1959) gebruik en dit dikwels op die voet gevolg. Verdere baie gebruikte werke was die van A . Kuyper , H . Kakes en J . Blauw. In Afrikaans het daar 'n vertaling van Billy Graham se werk 'Engele' verskyn en van die oënskynlike teenoorgestelde kant W. A . de Klerk se vertaling van Denis de Rougemont se ' Die aandeel van die duiwel' met 'n skat van opmerkings deur die vertaler en bewerker. Uiteraard is baie op Bybelkommentare gebou en deurlopend op die van Calvyn en Luther met aanvullings van latere skrywers. Soos in my vorige pennevrugte het ek doelbewuste pogings tot uiterlike wetenskaplikheid vermy en was die werk weer die neerslag van 'n reeks preke.

Dit was my bedoeling om ook hierdie werkie in die vorm van dagstukkies te giet. Dit was egter in hierdie geval moeilik om dit dan nie te veel in 'n gedwonge formaat te forseer nie, gevolglik het ek dit liewer in kort hoofstukke opgedeel wat oor 'n paar dae gelees kan word.

My hoop is dat die leser verryk mag word deur dit wat geskryf is en mag besef dat ons geen 'stories' nodig het om ryk te wees met die eenvoud wat die Heilige Skrif ons oor die engele bied nie.

Met piëteit dra ek hierdie werkie op aan die nagedagtenis van my eggenote Gerda en aan my kinders deur wie die lewende God my so baie vertroosting gee.

'n Laaste opmerking en wel oor 'taalkundige versorging'. In die verlede het ek dit gehoorsaam taalkundig laat beoordeel maar die fout gemaak deur te dink dat taalkundiges letterkundige konings is sodat die redding in baie raadgewers lê (Spr 11 : 14 ; 24 : 6). Op die ou end moes ekself maar kies tussen al die verskillende adviese. In die verlede het 'n werkie van my na uitgebreide taalkundige advies en veranderings verskyn en het ek dit na 'n geleerde en deur my hooggeagte broeder gestuur vir resensie. Hy het ‘n gemiddelde van vyftien taalkundige veranderings per bladsy aangebring .... In my dankie-sê brief het ek liewers nie daarop ingegaan nie maar my dankbaarheid uitgespreek oor die feit dat hy geen ketterye ontdek het nie.

Mag die leser dit maar gate-uit geniet om taalkundige flaters te ontdek solank daar niks gevind kan word wat sy siel kan beskadig omdat dit teen die Woord van God sou ingaan nie. Dit is al wat werklik tel.

Langebaan Advent